**THE LOVER**

THE PUSSYCAT, THE MONSTER AND THE DIRECTOR

# Vrye Weekblad

8 - 14 JANUARIE 1993 R3,00(BTW INGESLUIT)





## Nóg Weermagkoppe gaan rol

## Groot Marico: onrus in die paradys

## The Good, the Bad and the Cosmetically Different

# INHOUD N° 204

8 - 14 JANUARIE 1993




**9 & 10** Die Jaar van die Verkiesingsveldtog - Die ANC wil hê Suid-Afrika se eerste demokratiese verkiesing moet laat vanjaar plaasvind, die regering sê vroeg volgende jaar. Wat ook al gaan gebeur, die Moeder van alle verkiesingsveldtogte gaan vanjaar gevoer word om te bepaal wie die mag in 'n nie-rassige Suid-Afrika gaan hê

**13 & 14** Oor boomkarkasse, Kameraad Stoel, die Melanosiese Suid-Afrika en die hegemonie van die so-called paradigma. **MAX DU PREEZ** gesels oor Newspeak of Polities Korrekte Terminologie wat so aan die toeneem is

**17 & 18** Jean-Jacques Annaud was at the edge of the spotlight during the eighties. He has now made headlines with The Lover, one of the most talked about movies to come out of France in recent years. **CHRISTI VAN DER WESTHUIZEN** tries to focus verbally on a director who prefers images



**19 - 22** Die moeilikheid in die Groot Marico kom glo 'n lang pad. Dis nie net vandat die vier breimasjiene in die Saamwerksaal-brand vernietig is nie. Die moeilikheid het glo reeds in 1964 begin toe Groot Marico se township na Kortkloof en Tampostad verskuif is.



**30 - 32** Recently returned from a whirlwind tour of the USA, **ANDREA VINASSA** focuses on an exciting art event in the macho, phallocentric city of Chicago

## Van die Redakteur se Lessenaar

Vanjaar gaan 'n jaar van aksie in Suid-Afrika wees, en *Vrye Weekblad* is gereed en oorgehaal om volledig deel te wees daarvan.

Die meeste goed wat die laaste jaar of twee voorberei en in onderhandelinge uitgeworstel is, moet in 1993 toegepas word. Die nuwe onderhandelingsforum gaan waarskynlik binne die volgende twee maande om die tafel plaasneem, en teen die einde van die jaar behoort oorgangstrukture reeds in plek te wees en ons goed op pad te wees na 'n verkiesing.

Die verkiesingsveldtog gaan waarskynlik heftig en emosioneel wees, want ontsettend baie is op die spel. *VWB* is vasbeslote om in dié tyd van propaganda en kantkies sy eie pad te loop los van partye en alliansies en ideologieë. Ons gaan die relevante kwessies en tendensies uitlig en ontleed en menings daaroor inwin - en ons eie mening daaroor gee - maar ons gaan nie die saak van een party of alliansie bo 'n ander probeer bevorder nie.

Dit gaan 'n dik politieke dieet wees dié jaar. Daarom sal *VWB* ook uit sy pad uit gaan om nie sy sin vir humor te verloor nie, en om nie die ander fasette van ons nasionale lewe - en kuns en vermaak - af te skeep nie.

Ons hoop ons lesers geniet 1993 saam met ons.

**AKTUEEL**
5 Weermag: Nog koppe gaan rol
6 Education: On the brink of the abyss

**ANALYSIS**
7 Unplugging the crisis in policing

**INTERNASIONAAL**
24 China: kameraad kapitalis
25 The postmodern Malcolm X

**GODSDIENS**
23 NG gemeente steel swart skape, sê Nico Smith

**OMGEWING**
15 & 16 Die slagting van die reuse

**SPORT**
11 Let's reflect on the Friendship Tour
12 Tim Sandham oor die jaar se sportspyskaart

**RUBRIEKE & MENINGS**
3 Vrydagoggend saam met Max du Preez
4 Briewe van ons lesers
12 Brolloks
34 Plant 'n Boom & Nettie Pikeur
33 Klipoog oor dié week se TV

**BOEKE & FIKSIE**
28 Die suiwer opwelling deur Johann Rossouw
29 The taste of honesty

**KUNS & VERMAAK**
35 Andrea Vinassa oor twee nuwe movies
36 Hulde aan Roedolf Noerejef
37 Christi van der Westhuizen oor *The Lover*

**GIDSE**
38 & 39 Watter movie wys waar
40 Vrye keuse

Vrye Weekblad is 'n onafhanklike nuustydskrif wat uitgegee word deur Wending Publikasies Beperk (Reg. No. 88/40168/06).

**WENDING PUBLIKASIES BEPERK EN VRYE WEEKBLAD SE ADRES IS:**
Breestraat 153, Newtown, Johannesburg.
**POSADRES:** Posbus 177, Newtown 2113.
**TELEFOON:** (011) 836-2151
**FAKS:** 838-5901.

**PRETORIA-KANTOOR** (012) 83-4879.

**REDAKTEUR:** Max du Preez
**ASSISTENT-REDAKTEURS:** Andrea Vinassa (kuns), Ina van der Linde, Ivor Powell
**POLITIEKE KORRESPONDENT:** Hennie Serfontein
**SUB-REDAKTEUR:** Ryk Hattingh
**KOPIEREDAKTEUR:** Johannes Bruwer
**ONTWERP:** Anton Sassenberg
**VERSLAGGEWERS:** Christelle Terreblanche, Pearlie Joubert, Esma Anderson, Wally Mbhele, Charl Blignaut, Christi van der Westhuizen
**OMGEWINGSKONSULTANT:** Tienie du Plessis

**FOTOREDAKTEUR:** Sally Shorkend

**FINANSIËLE BESTUURDER:** Mark Beare
**BESTUURDER (BEMARKING EN ADVERTENSIES):** Lille van der Walt
**ASSISTENT FINANSIËLE BESTUURDER:** Louwrins Potgieter
**KANTOOR-ASSISTENTE:** Joseph Moetaesi, Vernon Zulu

# so sê hulle

"It does not help if you elect me as leader and you do not follow my leadership."
REV ALLAN HENDRICKSE, leader of the Labour Party on his re-election as party leader whilst his proposal to form a formal alliance with the ANC, including dual membership, was not accepted by the party congress held last week

"Ek wens hulle alle sukses toe. Hulle is mense wat alles in belang van hul volk wil doen... Ons het lank genoeg stilgesit terwyl ons besteel, verkrag en vermoor word. Ons moet terugslaan. Die polisie kan dinge nie meer beheer nie. Ons moet self optree."
ROBERT VAN TONDER, leier van die Boerestaat Party wat sy steun toegesê het aan die terreurplanne van die Wit Wolwe (om op te tree teen Apla en MK)

"I am not going to dance to this tune of propaganda of the arch-conservative minister of police in South Africa."
GENL BANTU HOLOMISA, military leader of the Transkei, on the alleged training of Apla-cadres in Transkei

"Nee, hulle is dan mak!"
ANNATJIE OELOFSE van Pretoria op 'n vraag of hulle die 30 groot slakke (hul troeteldiere) in hul tuin sal doodmaak of eet

"Please understand, Yoko, I wasn't killing a real person. I killed an image. I killed an album cover."
MARK DAVID CHAPMAN, describing the demons that compelled him to murder former Beatle John Lennon in 1980, in an interview with ABC's Barbara Walters

"If I am the richest man, the country must be in a terrible state. I hope the tax man doesn't hear about it."
Pornography publisher and real-estate magnate PAUL RAYMOND, after unseating the Duke of Westminster as Britain's wealthiest man, according to a *Business Age* magazine survey




Dov Fedler in The Star

# het jy geweet?


Die mees gevorderde rekenaartegnologie steek maar sleg af by jou brein. 'n Mens se brein bevat sowat 16 000 miljoen breinselle. Dié selle, word bereken, kan sowat 200 000 miljoen stukkies inligting per sekonde verwerk.

Westerlinge in ontwikkelde lande sit gemiddeld sowat agt jaar van hul lewens en televisie kyk.

Papiergeld is deur die Chinese uitgevind en was teen 970 nC wyd in China in gebruik. China het ook die grootste geldnoot in die geskiedenis uitgereik - die een kwan-noot van die Ming-dinastie met afmetings van 22,8 x 33 cm.

# vrydagoggend

## met max du preez



# Morsig ja, maar nie hopeloos nie

**MENSE** met meer insig as ek waarsku al jare lank dat demokratisering in Suid-Afrika noodwendig 'n ietwat morsige, deurmekaar proses sou moes wees met heelwat anomalieë, dilemmas en onvoorspelde reaksies.

Gedurende die loop van 1992 het ons dié morsigheid begin sien - die opbreek van Kodesa na so 'n goeie wegspring, massa-aksie, Boipatong en Bisho, die kwade gevoelens tussen die regering en die ANC, die skeibrekerhouding van Mangosuthu Buthelezi, en so aan.

Maar so half of daar 'n plafon is tot waar ons verskillende gemeenskappe konfrontasie, geweld en destabilisering duld, het geweld afgeplat en het onderhandelinge weer oral uitgebreek en staan ons waarskynlik op die vooraand van 'n nuwe, dié keer meer sinryke, ronde volwaardige onderhandelinge.

So: dit lyk of ons maar moet gewoond raak daaraan dat alles nie glad gaan verloop nie, wat ook al die aanduidings op 'n gegewe tydstip is. Hopelik gaan dié plafon as keerpunt vir 'n eskalasie van geweld en konfrontasie geleidelik al laer word tot waar ons eendag onsself 'n verdraagsame gemeenskap met 'n demokratiese kultuur kan noem. Intussen is daar g'n quick fixes nie.

Maar wat my 'n bietjie onkant gevang het - iets wat heelwat mense al lankal as potensieel die ergste scenario sien, maar ek nooit geglo het gaan gebeur nie - is die veldtog wat die PAC se militêre vleuel, die Azanian People's Liberation Army, 'n maand of twee gelede geloods het: die moorde op burgerlikes net omdat hulle velle wit is.

Nou dat ek terugkyk, moet ek toegee dat ek nogal naïef moes gewees het. Ek het persoonlik nog só min rassisme uit swart geledere ervaar dat ek begin dink het so iets is nooit moontlik nie.

**MISKIEN IS DIT** 'n mens se - of dan liewer, my eie - ingeboude neiging om die negatiewe te vergeet en die positiewe te oorbeklemtoon. Hoe kan 'n mens verwag dat al die bitterheid en haat ná al die jare van apartheid en bloedige onderdrukking sommer soos mis voor die oggendson gaan verdwyn?

En: het ek dalk gedink swartmense is beter of edeler as witmense? As daar onverdraagsame, haatdraende en ekstremistiese witmense is, dan is daar mos soveel te meer rede dat daar dieselkes onder die swart bevolking ook gaan wees. Dit is die één ding wat ek uit my onswerwinge op al die vastelande moes geleer het: geen nasie of bevolkingsgroep is "beter" of "slegter" as ander nie. Mens bly mens.

Die histerie onder konserwatiewe witmense en Afrikaner-nasionaliste en die diepgaande vrese en gepaardgaande gevoelens van haat in die grensgebiede (is dit nie vreemd nie? Ons het nou 'n "grensoorlog" in ons eie land!) is nie net te verstane nie, dit is te verwagte.

Apla se aanvalle - 'n mens sou uit die landwye reaksie dink dit was al dosyne, maar dit was nog net twee of drie - het vreesagtige witmense laat voel hul ergste vrees die laaste dekade of so onder apartheid is bewaarheid: "Die swartmense gaan aan ons doen wat ons aan hulle gedoen het as ons hulle nie langer onderdruk nie."

Dít is wat lei tot aberrasies soos die Wit Wolwe wat nou weer begin blom. Met Barend Strydom as hul leier kan dié lot kwalik kwalifiseer as die groep met die hoogste IK in die land, maar dit is juis kru, ongesofistikeerde mense wat soms die beste terroriste uitmaak. Die grootste potensiële gevaar wat hulle inhou, is dat wildemanne oral in die land "uit wraak" op swartmense gaan losbrand en dat dit 'n kettingreaksie tot gevolg gaan hê wat uiteindelik kan beteken dat Apla se soort optrede wyd in die swart gemeenskap gesteun gaan word.

**MAAR ONS MOET** met dié hele emosionele saak nooit perspektief verloor nie. Die hele wêreld weet nou van Apla en keur hul dade sterk af, maar dit is hoofsaaklik die geval omdat die slagoffers wit is en die Suid-Afrikaanse en internasionale media meestal deur witmense beheer word en meer aandag daaraan gee as "wit-op-swart-geweld".

Jy stem nie saam nie? Nou dink dan maar terug aan hoeveel keer jy al die laaste twee jaar gehoor het van 'n swartmens wat êrens langs die pad deur wittes doodgeslaan is of in busse of taxi's deur witmense doodgeskiet is, of skote wat uit bakkies op swart voetgangers gevuur is? Die bomme en handgranate by taxi-staanplekke en in kroeë? (Daar was seker 'n halfdosyn hofsake oor sulke voorvalle net verlede jaar.) Daarby moet ons inreken, want ons werk ook hier met die persepsies van die swart slagoffers, die moordbendes en destabiliseringskommando's en Derde Magte van die weermag en die polisie wat tientalle swart slagoffers geëis het. In al dié gevalle was die slagoffers geteiken bloot omdat hul velle swart was.


**NOG 'N VOORBEELD:** al die koerante en die radio en televisie is histeries oor Bantu Holomisa glo toelaat dat Apla in Transkei opgelei word. Die polisie het nou toegegee dat dit groepies van onder ses is wat informeel sommer onder 'n boom opgelei moet word, maar almal hoop nou die skuld vir die wit slagoffers op Holomisa. En dit terwyl meer as een private terroristeleër openlik in Suid-Afrika opgelei word, nogal in kampe en soms voor die TV-kameras, soos die AWB! Hoekom het die regering dít nog nie stopgesit nie, wil swartmense dan weet.

(Ek hoop nie ek klink na 'n apologeet vir Holomisa nie. Hy is 'n militêre diktator van 'n bantoestan, en die skielike status wat hy en sy kastige grense van die ANC se kant kry, is oneerlik, skynheilig en gevaarlik. Maar later meer daaroor.)

As ons die wit gemoedere genoegsaam kan laat bedaar - en daar waar ons nie kan nie, ferm en sonder vrees met die volle gesag van die reg optree - en wit-op-swart-aanvalle kan uitskakel, dan het ons hoop.

Want met die implementering van oorgangstrukture wat voor die deur lê en met die wye druk uit Afrika en die res van die wêreld sal selfs die PAC en Azapo, en uiteindelik ook Apla, moet inval by die onvermydelike: 'n politieke skikking sonder geweld.

# BRIEWE




## UITLEG STEEK DWARS IN KROP

**HEIN MÖNNIG VAN VREDEHOEK SKRYF:**

Nee kyk, kêrels (seksistiese sic)! Julle nuwe uitleg en formaat van *VWB* (Des/Jan 1993) werk darem nie - eers draai mens die ding een kant toe; dan na die ander - dis darem te veel soos die holderstebolder ingat St Vitus Dans-cum-SA Politieke Boogaloo. Kry daai DTP freaks van julle met hulle forty grand Mac Quadras onder beheer, man! Soos *MAD Magazine* sê: Just because an idea is new doesn't mean it's good! Swak Piketberg, soos my ma altyd kripties sê...

So terloops, hier's 'n Ripley's Believe It Or Don't vanuit die Twilight Zone: Herman Lategan, die Great Satan van Groenpunt wat soveel kritici van *The Last Temptation* ontsenu het, was saam met my op Sondagskool! Dit mag die morele skaapwagters interesseer om te verneem dat ou Herman al van daai dae af 'n knack gehad het om die religious Establishment te rattle - op die dag van ons Voorstelling pitch hy laat by die kerk; die dominee vang 'n fit; Herman kry die vibe; the rest, as they say, is history/hysteria...

## EER DIE SLEGSTE REGERING

**BOUWE VAN DER EEMS VAN PRETORIA SKRYF:**

Die oproep van vier teoloë van Unisa om te bid vir die val van die regering (*VWB* 20-26 Nov 1992) is bale problematies vir Christene wat graag wil gehoorsaam wees aan die Woord van die Here. Soos hulle, is Christene in Suid-Afrika besorg oor die wyse waarop ons land regeer is, en word. Regeringsleiers steur hulle min aan die geboole van God. Op groot skaal is gelieg, gesteel en mense vermoor. Kan Christene nog eer bewys aan so 'n owerheid?

Die vier teoloë beantwoord dié vraag negatief op grond van hulle interpretasie van Calvyn en 'n sinodale uitspraak van die NG Kerk, en nie op Skrif en belydenis nie. Op sy beurt beroep die dokument "Kerk en Samelewing" hom ook nie op die Skrif nie, maar op "gereformeerde tradisie" wanneer dit gaan oor verset teen die owerheid (par 296). Die Bybel en die belydenisgeskrifte spreek myns insiens anders as die NG sinode.

Die Bybel leer duidelik dat mens selfs aan die slegste owerheid eer moet bewys, omdat hulle deur God daar gestel is (1 Sam 8:11; Dan 2:37). Die wraak op dié owerhede moet ons aan God oorlaat. Om dié rede het Dawid nie die tiran Saul om die lewe gebring toe hy die geleentheid gehad het nie, want Saul was die gesalfde van die Here (1 Sam 26:9). Hy het selfs die ondergang van Saul nie begeer nie, en ook nie daarvoor gebid nie, maar hy het getreur toe Saul dood is. Behalwe dat Christene hulle nie mag beywer vir die val van owerhede nie, het hulle ook die plig om voorbidding te doen vir die regering, sodat die Here hulle in al hulle handelinge mag bestuur (1 Tim 2:2; NGB art 36). Die Heilige Gees is in staat om ook regeringsleiers te verander; want die evangelie gaan daaroor dat mense verander word, en nie vervang word nie.

Laastens wil ek nog 'n opmerking maak oor die standpunt van Calvyn. In Boek 4 van sy Institusie sê Calvyn dat Volksmagistrate wat aangestel is om die willekeur van konings te bedwing die plig het om die ongebondenheid van konings te weerstaan. As dit in die huidige situasie vertaal word, kan dit dalk gesien word as die plig van die kabinet om die staatspresident te bedwing. Dit is egter ver verwyder van die reg van die landsburgers om die regering omver te werp. Landsburgers het egter wel die plig om ontslae te raak van 'n slegte regering deur middel van die wettige kanale wat daarvoor geskep is, dit wil sê verkiesings.

Dit is juis omdat mense dié pligte versaak dat ons sit met die huidige regering. Waar was die kabinet toe PW Botha sy sekerheidswetgewing deur die presidentsraad gedruk het en toe FW de Klerk sy amnestiewetgewing eiehandig deur dieselfde kanaal gedruk het? Ons sit nou al 43 jaar met 'n NP-regering, omdat blanke Suid-Afrikaners 43 jaar lank die regering aan bewind gestem het. Dié regering het dekades lank 'n beleid gehandhaaf van rassediskriminasie en destabilisasie van buurstate, omdat Suid-Afrikaners nagelaat het om te bid vir die bekering van regeerders. Swart partye het sy lede ook nie opgeroep om te bid vir die bekering van die regering nie, maar tot die gewapende stryd. Noudat die land getref word deur 'n enorme krisis is dit tyd dat die hele bevolking, insluitende die regering, hom verootmoedig voor God en terugkeer na Sy Woord, en nie vir 'n hoogmoedige gebed vir die val van 'n regering nie.

## MET PERMISSIE GESÊ

**DANIËL HEESE VAN INGWAVUMA SKRYF:**

Na aanleiding van vier geesvervulde mede-Christene se oproep om gebed vir die val van die regering (*VWB* 20-26 Nov 1992), en na aanleiding van die voorbeeld van ons Oos-Duitse mede-Christene wat nou die voorreg van 'n vredevolle gejaag na materiële sekuriteit en liefde in hulle harte vir Viëtnamese vlugtelinge ondervind: Bid ons ernstig tot ons vader wat nie in beheer is/was nie en wat in stryd verkeer met die korrupte fascistiese Afrikaner-regime vir 44 jaar lank (want hoe anders kon apartheid gebeur het). Om ons te verlos van die bose mag en ons 'n regering te gee, wat vir die van ons wat so hard-huil 'n leefbare inkomste sal gee. Betreffende Jesus Christus se oproep om ons nie teen 'n kwaadwillige mens te verset nie of om te bid vir dié wat ons vervolg, bid ons dat dit in konteks gesien word, naamlik 2 000 jaar oud, op 'n ander plek en moeilik sonder die departement Sendingwetenskap aan Unisa se insig, kennis en geestelike leiding verstaanbaar. Intussen sien ons uit na 'n spoedige regstellende aksie van u kant af ook liewe vader, met permissie gesê - amen.

## ONS IS NIE ALMAL SO NIE

**ALBERT MARITZ VAN HORISON SKRYF:**

Onlangs was daar vir die tweede maal 'n brief in *VWB* van ene A Maritz. My naam is Albert Maritz, en ek het al bydraes tot julle brieweblad gelewer rakende teater en films, terwyl ek ook enkele onderhoude met sterre op die sport- en kultuurtoneel vir jul ooreenstemmende blaaie gevoer het.

Dit is egter as akteur - onlangs terselfdertyd in hoofrolle in beide *Konings* en *Egoli*, wat ek gawe vermelding van *VWB* gekry het.

En nou is 'n vreemde roem besig om my lewe te raak, maar nie na aanleiding van my werk nie, maar na aanleiding van die briewe van Andries of Alwyn of Abram of Arrie of Adam of Anton of Arthur of Alistair of Adelbrecht of watookal Maritz.

Ons is nie almal so nie. Stel asseblief die saak reg, want mense begin my uiteindelik herken op straat, maar hulle kyk na my asof hulle nie weet van waar hulle my ken nie.

## LET ME HAVE THE WORDS

**MARIE HODES OF PAARL WRITES:**

Thank you for an informative newspaper; and for publishing an article like the one written by Marie Lilienfeld on slavery (VWB 27 Nov - 3 Dec 1992). That article took me back three score years.

When I was at school and learnt about slavery, it was traumatic for me. We had an English poetry book and had to learn some of the works. There was however one called "The Slaves Dream" which we didn't have to learn, but I used to read it often because I could not imagine the plight of this poor soul.

The words went something like this:

Besides the ungathered rice he lay
His sickle in his hand
His breast was bare, his matted hair
was buried in the sand.
Again in mist and shadow of sleep he saw his native land
Whilst overhead, the sun god drives his way.

This is all I can remember after all these years. Will some kind person please let me have the words of this sad piece of poetry? (3 Montevino Flats, Zion Street, Paarl 7646)

## DEPARTEMENT SE PERSPEKTIEF

**LUIT-KOL BH EKSTEEN VAN DIE DEPARTEMENT VAN KORREKTIEWE DIENSTE SE SKAKELKANTOOR SKRYF:**

Met verwysing na die brief "Regstelsel 'n gekkespul" (*VWB* 27 Nov 1992) wil die Departement van Korrektiewe Dienste (DKD) graag die volgende perspektief stel.

By opname word alle gevangenes onderwerp aan 'n veilige bewaking- en voorregteklassifikasie. Volgens dié voorregteklassifikasie word 'n vonnisskuldenaar as 'n ongevonniste persoon beskou en mag dus twee besoeke per week ontvang.

Toilet- en slaapgeriewe word daagliks deur gevangenes skoongemaak en deur die personeel van die DKD geïnspekteer om 'n hoë standaard van higiëne te verseker.

Medikasie en mediese behandeling is van hoogstaande gehalte. Die DKD beskik oor professioneel gekwalifiseerde verpleegpersoneel en alle gevangenes word gereeld deur 'n distriksgeneesheer besoek. Alle opdragte of voorskrifte van Distriksgeneeshere word stiptelik deur die verpleegpersoneel van die DKD uitgevoer. Daar is ook daagliks geleentheid vir gevangenes om enige mediese klagte of versoek te rig. Verhoorafwagtende gevangenes, dus ook vonnisskuldenaars kan indien hy verkies op eie koste van die dokter/mediese diens van sy keuse gebruik maak.

Alle maaltye word streng volgens 'n gebalanseerde dieëtskaal wat deur dieëtkundiges in samewerking met die Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling opgestel is, voorberei. Inspeksies word daagliks deur die Hoof van die Gevangenis op voedsel gedoen en bewerings dat voedsel verrot is, word verwerp.

Hoewel die Departement hom reeds by herhaling bereid verklaar het om enige bewerings te laat ondersoek waar spesifieke aantygings gemaak word, word dié bewerings verwerp as veralgemenings. Dit sal waardeer word as u in die toekoms die Departement om kommentaar sal nader vir die nodige perspektief oor aangeleenthede van dié aard in belang van gebalanseerde beriggewing.

**Briewe korter as 300 woorde geniet voorkeur.**

Rig briewe aan:
Die Brieweredakteur VWB
Posbus 177 Newtown 2113

# WEERMAG:

# 'Hoë koppe gaan nog rol'

Dis nog lank nie die einde van vroeë aftredes in die weermag nie, skryf **HENNIE SERFONTEIN** op goeie gesag

**"HOU** maar die top- en middel-strukture van die weermag in die volgende ses maande goed dop. Moenie verbaas wees as nog senior offisiere onverwagse gesondheidprobleme ontwikkel en weens gesondheidsredes met vervroegde aftrede gaan nie."

Só voorspel 'n NP-parlementariër dié week met groot sekerheid en oortuiging.

Hy reageer op berigte en standpuntedat die onlangse aksie deur Staatspresident FW de Klerk wat gelei het tot die vervroegde aftrede van twee generaals, vier brigadiers en 17 ander offisiere - almal betrokke by Militêre Intelligensie - hoegenaamd nie ver genoeg gegaan het nie.

Dis 'n "cover-up", word gesê, want mense soos genl Kat Liebenberg, die hoof van die weermag, en genl Joffel van der Merwe, Hoof van MI, moet die verantwoordelikheid dra vir die 21 offisiere se beweerde wandade en onreëlmatige optredes.

Dié beskuldigings word verder versterk deur Gene Louw, minister van Verdediging, se aankondiging dat 'n ondersoek gedoen word na moontlike "onwettige en/of kriminele ongemagtigde aktiwiteite" deur drie Staandemagen vier burgerlike lede van die weermag.

Volgens Louw is genls-maj H Roux en CJR Thirion asook vier brigadiers wat uittree "nie gekoppel aan enige onwettige of kriminele aktiwiteite nie".

Die indruk is gewek dat die saak nou afgehandel is.

**MAAR DIS NET 'N KWESSIE** van tyd, voorspel die parlementariër, voor mense soos Liebenberg, Van der Westhuizen en genl George Meiring, die hoof van die Leër, van die toneel verdwyn. Hy sê: "Wat ookal gesê word, my inligting is dat Van der Westhuizen in groot moeilikheid oor die gebeure is, en nou in onguns by die Staatspresident geraak het." Van der Westhuizen, Thirion se onmiddellike hoof, dra blykbaar die blaam vir wat gebeur het.

Die parlementariër sê ook manne soos Liebenberg, Meiring en Van der Westhuizen sal eenvoudig net nie inpas in die oorgangsbedeling nie. Volgens die ANC en die regering se onderhandelingsprogram behoort die strukture van die sogenaamde Transitional Executive Councils teen nie later nie as Julie vanjaar in plek te wees. Dit behels die aanstelling van 'n gesamentlike kommissie vir die gesamentlike beheer van die weermag - die begin van die integrasie met Umkhonto we Sizwe.

De Klerk is dus duidelik besig met 'n versigtige politieke spel. Aan die een kant wil hy die politieke skade vir homself binne die weermag in dié stadium soveel moontlik beperk. Maar hy besef ook dat hy 'n boodskap aan die ANC moet deurstuur dat geheime operasies teen dié onderhandelingsvennoot eenvoudig nie meer geduld word nie.

Die ANC se besadigde reaksie by monde van Siphiwe Nyanda, stafhoof van MK, is insiggewend. Hy sê dié week aan VWB: "Die staatspresident se optrede is uiters prysenswaardig, want hy wys daarmee dat die regering se top-leierskap dit nie langer sal duld dat elemente in die weermag die vredes- en onderhandelingsprosesse verder ondermyn nie.

"Vanselfsprekend is ons jammer dat hy nie ver genoeg gegaan het nie. Die suiwering is slegs maar die puntjie van die ysberg.

"Maar dit skep 'n heeltemal nuwe stemming in die huidige onderhandelinge tussen ons en die regering oor die kwessie van gesamentlike beheer en integrasie van die veiligheidsmagte later vanjaar."

Nyanda sê De Klerk se optrede beteken dat mense nou afgedank word teen wie daar in elk geval in die oorgangsproses opgetree sou word. Maar Van der Westhuizen se kop moet ook waai, meen hy.

Die NP-parlementariër sê hy en ander regeringslede het al in Oktober verlede jaar begin besef daar is drasties fout in die weermagdenke oor politieke sake.

"'n Paar van ons het gesprekke gevoer met huidige en afgetrede weermagoffisiere. Hulle het openlik gesê nou dat die land nie meer volgens die gesamentlike bestuurskomitees bestuur word nie, is alles 'deurmekaar'. Hulle het dit duidelik gestel: Daar is net een manier om met die kaffers te werk en dit is om hulle koppe te draai."



**DIÉ OFFISIERE,** sê hy, was duidelik nog vasgevang in die politieke denke van die oorlog in Namibia, waar 'n verbete "hearts and minds"-veldtog gevoer is. Veral die intelligensie-mense dink nog steeds op die patroon van die PW Botha-era, waar die ANC die vyand was.

"Hulle besef blykbaar nie dat FW reeds daar verby is nie en die ANC nie net as politieke opponent nie, maar ook as onderhandelingsvennoot beskou."

Reeds in November, kort voor genl Pierre Steyn se ondersoek, sê hy, het "boodskappe sterk na die Staatspresident deurgekom dat daar ernstige probleme rondom MI is."

Hy ken Thirion goed en sê: "Thirion glo dalk dat hy De Klerk ondersteun soos wat hy beweer, maar hy het baie duidelik geen begrip van die nuwe denke wat De Klerk propageer nie."

Hy meen ook die uitlatings deur brig Koos van der Merwe, nou afgetrede direkteur van Inligting van die Leër, bewys hoe ver die weermagdenke agter geraak het.

Van der Merwe het in 'n personderhoud gesê hy moes die siening van die vyand - dit wil sê die ANC - visualiseer en "die vyand se strategie" is nou nog dieselfde as wat dit was vóór 2 Februarie 1990.

'n Weermagoffisier wat voorheen afgetree het, nou 'n sakeman met noue kontak met sowel die regering as die weermag, is vas oortuig Thirion is gebruik om die meer senior offisiere te beskerm wat om politieke redes nie nou al aangedurf kan word nie. Hy sê: "Volgens my kennis en inligting oor die weermag van vandag is daar geen kans hoegenaamd dat sowel generaal Liebenberg as generaal Van der Westhuizen nie geweet het van die geheime bedrywighede teen die ANC nie."

Omdat die weermag 'n kultuur van hegte eenheid het, is die sakeman ewe oortuig dat dit ondenkbaar is dat genl Steyn nie eers sy ondersoek-bevindinge met Liebenberg en Van der Westhuizen bespreek het voor hy na De Klerk toe is nie.

Hy sê: "Enersyds is Steyn ambisieus en in lyn om Liebenberg in Oktober as Weermaghoof op te volg. Andersyds sal sy posisie in die top-strukture onuithoudbaar wees as hy gesien word as deel van 'n heksejag teen medekollegas."

**BINNE DIE WEERMAG** is daar 'n konflik in denke tussen die leër en die lugmag, wys die sakeman uit. As 'n oudlugmagoffisier is Steyn nie maklik aanvaarbaar vir die leër nie, wat minder gesofistikeerd as die lugmag in denke is. Vir langer as 'n dekade al was dit altyd 'n man van die leër wat hoof van die weermag geword het. Toe Liebenberg as weermaghoof aangestel is en genl Jan van Loggerenberg van die lugmag oor die hoof gesien is, het Magnus Malan destyds byvoorbeeld verseker dat die verkrampte denke in die weermag die oorhand sou behou.

Oor De Klerk se onwilligheid om nou teen Liebenberg en andere op te tree, sê die sakeman: "Ek glo nie hy is besig met 'n 'cover up' nie. Dit is eerder 'n kwessie van 'damage control'. 'n Mens moet onthou hy is reeds besig met 'n dramatiese ingryping en dat hy om praktiese, politieke en strategiese redes nie in dié stadium verder kan gaan nie.

"Mens moet ook onthou die weermag is nog De Klerk se vernaamste en magtigste instrument om mag en beheer te behou as die onderhandelinge misluk. Daarby het hy nog steeds die inligtingsdienste nodig om organisasies soos APLA en die ultra-regses te ondersoek. Daarom volg hy die strategie van geleidelike uitfasering van offisiere."

**GENL BOB ROGERS,** die DP se segsman oor verdedigingsake, kritiseer die regering se hantering van die aangeleentheid. Hy sê dit moet bekendgemaak word waarom 23 weermaglede op vroeë pensioen moes gaan. "De Klerk se optrede het niks opgelos nie want die moreel in die weermag is besig om vinnig te versleg."

Hy hoop die Goldstone Kommissie, wat genl Steyn in sy ondersoek bygestaan het, sal die bevindinge van hul ondersoek bekendmaak. Maar 'n woordvoerder van die Goldstone Kommissie sê daar is nog geen duidelikheid of die verslag soos al die vorige verslae ook openbaar gemaak sal word nie.

Dat daar agter die skerms nog baie skuiwe in die weermag sal moet plaasvind, is duidelik. Want hoewel iemand soos Leon Floris van die Direktoraat van Koverte Insameling van MI ontslaan is - en saam met hom 10 agente - is daar nog minstens 50 ander offisiere en agente in daardie bepaalde seksie oor. Dit is die seksie wie se opdrag was om die ANC te infiltreer, informante te werf en "dirty tricks" operasies teen hulle te uit te voer. Soos Siphiwe Nyanda sê, dis nog net die die punt van die ysberg teen wie opgetree is.

# On the brink of the abyss

## How big an education crisis does the government need before it starts taking action to stop the country's potential from sliding further into the abyss of disaster? asks WALLY MBHELE

**THE** tragedy of black matric results announced by the Department of Education and Training this week once again confirmed that Dr Hendrik Verwoerd's apartheid policy of inferior education for blacks is still alive and continuing.

If not, the present government is unable to extricate itself from the chaos of its own creation. This is revealed by negative remarks from even some of the top white education officials in charge of black education.

Let's begin with the statistics to underline what we're talking about - it is about the creaming of the rich and the robbing of the poor.

In 1992's final matric results, white students - as always - topped the bill with a 97,9 per cent pass rate. Indian students had a 94,9 per cent pass rate and coloured students 86 per cent. Then came black matriculants 43,8 per cent.

The latter result is "satisfying", the Director General of the DET, Dr Benhard Louw, told a somewhat amazed audience at a press briefing, as it shows an improvement of 4,6 per cent from last year's 39,2.

Out of the overall 43,8 per cent black pass rate, only 10,3 per cent qualify for university entrance - in sharp contrast to the 42 per cent university exemption obtained by white students.

The reasons for the continuing disaster are reflected in the gross inequalities in the education expenditure of various population groups. A white student is given almost four times more than his black counterpart.

The education crisis is further reflected in the lack of and disrepair of schools, overcrowded classrooms, high drop-out and failure rates, the lack of suitably qualified teachers and low levels of literacy and numeracy.

But, worse than anything else and a fact which the government refuses to publicly ackowledge, is the reluctance on its part to address the legacy of apartheid education.

**THOUGH BLACK MATRIC** results have been dismally poor for years, the government has taken no significant steps to address the crisis in education.

Until the era of negotiation which began with President de Klerk's "new South Africa" speech on February 1992, all attempts at negotiation, particularly between the National Education Co-ordinating Committee (NECC) and the DET, amounted to little more than talk shops.

In the book, Book to Learning, it is noted that when the 1990 DET matric results were announced, Nelson Mandela took the initiative to form an Education Delegation which entered into direct negotiations with the state over the entire education crisis.

The Mandela delegation consisted of a wide spectrum of anti-apartheid organisations, including the churches and homelands. De Klerk's delegation consisted of Ministers, Deputy Ministers and various Director Generals from the Departments of National Education and Education and Training.

At the first meeting, the government was presented with several demands to address the immediate crisis in black education, demands which included: An emergency fund to correct historical backlogs; access to resources in white schools; ending racial quotas in schools and tertiary institutions, timeous delivery of text books; and the recognition of organisations such as the NECC and the Parent Teacher Student Associations (PTSA's).



The government seemed to respond positively and agreed to be part of a Joint Working group (JWG) to further discuss the short and medium term issues raised at the meeting. The JWG, it was agreed, would also consider procedures to establish a fully representative forum which would discuss a new education system.

The JWG met six times and presented a report to a second meeting of the two delegations in August 1991. In response to the report the Mandela Delegation, noting that it reflected the dominance of the government's team in the JWG, criticised its DET orientation and its lack of attention to "substantive issues".

However, the report did contain the substance of what was agreed upon in the JWG discussions. This, says John Samuel, ANC education chief, included concrete agreements on black education spending and a shift of thinking from the logic of apartheid to a "national resource approach".

Yet the government failed to incorporate specific recommendations in its education plan for 1992. While some of these, such as increased spending on black education, were acted upon, the main recommendations - in particular a shift from apartheid education thinking - were ignored.

The government reserved and exercised its right to proceed with education reforms on its own terms and was not prepared to grant the JWG the legitimacy it demanded.

The nature of these terms became clear in the course of 1992, with government spokespeople steadfastly refusing to address the issue of creating a single education department, insisting that education should remain "an "own affair" in terms of the 1985 constitution until a new constitution was drawn up. Meawnwhile it embarked on its own restructuring programme which culminated in August 1992 with the creation of a loophole whereby white schools could remain whites only for the foreseeable future by adopting the Model C option. More than 95 percent of all former white government schools chose to go this route.

**SUBSEQUENT TO** the failure of the JWG, the Education Delegation assembled at Broederstroom last year to plot further education strategies. This National Education Conference was to be the first major step towards the formation of the Educational Patriotic Front (EPF), which was also to engage the government in negotiation. However, nothing further has been heard about the EPF since then.

Approached for comment this week, the NECC's Desmond Thompson told Vrye Weekblad that plans were under way for the establishment of an Education Negotiating Forum which will be drawn from the wide spectrum of representation - as discussed at the Education Conference.

To this end, he said, the mandate of last year's National Education Conference was bearing fruits as "all the relevant groupings" met with government officials this week and have "tentatively" agreed to set up a Negotiating Forum - aimed at "ensuring that a new democratic and nonracial system of education wil be in place before the end of the year."

**BUT IF ANY** new initiative is to succeed, the Negotiating Forum should learn from the weaknesses of the JWG. These were summed up by Samuel in Back to Learning, a report on the National Education Conference of 1992. He gives these pointers:

- The Negotiating Forum's status must be clarified from the beginning. While agreements were being reached at the JWG, education ministers were making decisions on their own on the same issues.
- There must be mechanisms to allow sufficient communication between the officials and the constituencies they represent. In the JWG, negotiators were unable to use their strength to on the ground to bolster their position in the JWG. This "was a tactical weakness on our part", says Samuel, which allowed the government to ignore most of the recommendations the JWG agreed upon.
- There should be also be some mechanisms of monitoring the implementation of agreements reached at negotiations.

**IN ADDITION TO** Samuel's recommendations, one might add that to avoid a repetition of the disruptions which frequently occurred last year, students and teachers should be made aware of the Code of Conduct - committing parents, teachers and pupils alike to avoiding disrputions in education - that was adopted at the national conference. Yet it is believed that more than 95 per cent of the students and teachers, let alone parents, know nothing about it.

# putting your cop on the block

## The South African Police are suffering serious credibility and image problems. But they appear to be doing little enough to improve things, argues a report by the Independent Board of Inquiry into Informal Repression. IVOR POWELL looks at the evidence

**WITH** more than 200 members of the South African Police having lost their lives in the course of their duties last year, one might recall the observation of Gilbert and Sullivan in The Pirates of Penzance and frequently reiterated in recent months by assorted spokespeople from the Department of Law and Order that a policeman's lot is not a happy one.

But one should at the same time remember that in the context of the operetta, the observation is laden with ironies, and the point is being implicitly made that neither is the lot of the policeman's victim a particularly happy one.

Somewhere between the two lies the truth about the crisis in policing in South Africa.

While only the most bloody-minded of critics would deny that the South African Police are performing a fraught and difficult job, there is at the same time ample cause for concern about the way that the business of policing continues to be pursued in this country.

On one hand the SAP is being subjected to a relatively systematic campaign of harrassment; in some areas outright war has been declared by Apla as well as armed and freebooting self-defence units loosely connected to the ANC. Even where nothing so extreme is taking place, the undermining of the authority of the SAP has reached often alarming proportions. Some months ago, for instance, on the occasion of an ANC march in the Transvaal, the organisers, fearing attacks by IFP-supporting hostel dwellers, approached police for protection. Though reluctant and at first reportedly recalcitrant, the police finally acceded to the request.

What happened at the march was that the police, though specifically requested to be present and provide protection, were systematically insulted and reviled by the rank and file of the marchers. They had to endure barrages of curses, and fountains of spittle directed at them by ANC-supporting youth.

The above is far from being an isolated example, and is quoted mainly because it graphically illustrates an attitude which remains pervasive in the townships. The police are, to put it mildly, not welcomed as the defnders of life, limb and property.

**BUT OF COURSE,** to cite examples like this in isolation - as police spokespeople are wont to do - is to beg the question. It is a commonplace to note that the police continue to be perceived as an army of occupation in the townships, and that, with their long history as a highly militarised body dedicated more to the enforcement of apartheid than the service of the community, the SAP in being reviled are getting little more than their just desserts.

The important issues concern the future. Particularly as the institution of an interim government approaches - one which will almost inevitably leave the structures of both the armed forces and the civil service more or less intact - the questions are how far are the police capable of transforming themselves, how far has the groundwork been laid for



this process to date and how much evidence is there of such a will on the part of their masters in government.

A recent report prepared by the Independent Board of Inquiry into Informal Repression released in the last month of 1992 and ironically titled with the SAP motto "To Protect and Serve?", answers not very much on any count - particularly in cases relating to politically motivated crimes.

Essentially the report is a response to the report by a committee headed by British policing expert Dr Peter Waddington into SAP investigations of the Boipatong massacre of 17 June, 1992. While savagely critical of investigative techniques employed by the police - the Waddington report describes them as "woefully inadequate" and archaic - it stops short of imputing any bad faith to the investigators in question, asserting instead that the the problem lies in a lack of resources and in inadequate training.

The point Waddington is making has subsequently been elaborated into a kind of doctrine which holds that the SAP as a primarily military force deployed against political opponents has failed to give sufficient attention to the basics of police investigative technique and evidence collection - relying instead on draconian security laws and the confession extractions which such laws made possible.

It is particularly the question of the will to investigate politically motivated crimes that the IBIIR takes issue with.

**ONE EXAMPLE** dealt with is that of the notorious Trust Feed Massacre killing, where on December 3 1988, 11 people lost their lives in an attack carried out by policemen, at the behest of local IFP leaders, on township residents attending a night vigil.

Resulting finally in March 1992 in the conviction of Captain Brian Mitchell and four special constables (the only successful security forces prosecution in the current cycle of violence thus far), the investigation of the Trust Feeds case nevertheless raises a number of questions.

Despite the fact that already in October 1989, an inquest into the deaths found there was a possibiity that Mitchell and two special constables had been implicated, it was only in August 1991 that the men were arrested. Before this two full investigations had been conducted and abandoned for lack of evidence. It was only after the third investigating officer, Captain, now Major, Frank Dutton took over that things started to happen. In fact it took only two days of Dutton's investigating for the first arrests to be effected.

Before that, the court heard, a bizarre series of omissions and irregularities had taken place. Initial investigating officer Captain Patric Watrus, claiming he had "left no stone unturned", nevertheless had neglected to submit as an exhibit a police issue shotgun cartridge found at the scene of the crime, despite the fact that it had been matched by cartridges in the possession of Mitchell. He had also failed to perform basic routines like recording interviews made at the scene of the crime, he had not bothered to get forensic tests on evidence relating to the killings; he had not so much as interviewed Mitchell though Mitchell was the police officer on duty in the area at the time of the killings.

His successor Major Joseph van Zyl had fared little better, failing even to question witnesses or read the records of his predecessor's investigation.

While much of this could be put down to overwork, the same is not true of the role played by a special team, headed by former CID chief Major General Ronnie van der Westhuizen, which was sent down from police headqurters in Pretoria to take over the investigation after the arrest of Mitchell and others in August 1991. According to Dutton's testimony, whenever one of the special constables implicated the police during interrogation, the response of the Pretoria investigators was to aggressively accuse him of being a liar, seemingly trying to get him to change his story.

The court also heard evidence that the killings had been part of a systematic plan on the part of the security forces to assist Inkatha in taking over the area and neutralising the growth of the UDF.

**THE REPORT ALSO** cites the case of a cycle of alleged police violence in the Western Transvaal township of Khutsong, where IBIIR researchers closely monitored events having been drawn into assisting with police investigations ordered by the Minister of Law and Order in response to complaints by lawyers and human rights organisations. ▶

According to the report the police investigation was dramatically characterised by a systematic harrassment of witnesses to various abuses of power. First among a long series of such incidents were the deaths of two youths who had earlier witnessed the death in detention of one of their comrades. An investigation into the death in detention was pending at the time, and the murdered youths had immediately before their deaths come forward to give statements to lawyers regarding what they had seen.

Later in the investigation it transpired that witnesses were being photographed surreptitiously through a toilet window when coming to lay charges against the SAP at the local police station.

The photographs were, it emerged, being taken by a member of the SAP, according to the force's version because it was suspected that some of the witnesses might have been involved in the murder of a white man whose body had been found in the township. The problem with this version however was that the deceased white man's brothers were already on trial for the murder in question by the time the toilet photographs were taken. It is perhaps worth noting that certain of the witnesses in question were in fact later subjected to serious harrassment.

Perhaps the most peculiar element of the Khutsong story however is what happened to the policemen allegedly involved in the abuses. Following initial investigations 13 policemen were suspended facing over 100 charges, ranging from murder to common assault. Only one successful case has to date been successfully prosecuted, but meanwhile, in August 1992, with all 13 still facing charges, they were unconditionally reinstated in their posts.

In similar cases dealt with in the report, policemen implicated in matters like this one, actually recieved promotion. One such instance was that of Trust Feed accused Brian Mitchell who was promoted from Lieutenant to Captain while investigations were proceeding.

As the report notes in conclusion: "The South African Police admit they have an image and credibility problem. They argue that this is due to the fact that for forty years they had to impose unjust laws and there is validity to this argument. However their credibility, especially in the townships, would take a great leap were more perpetrators of political violence to be brought to justice, especially if these perpetrators are policemen."

Meanwhile little is being done to address the stated objectives of transforming the police force through making it less military in structure, less racial in constitution, more accountable to the people it is meant to serve. Nor to stop tortures and abuses of power, which have, according to available statistics risen dramatically over the past few months, having dropped off in the preceding year.

# Police Board:

## Central exchange or toy telephone?

**LIKE** most of the institutions set up under September 1990's National Peace Accord, the Police Board looked pretty good on paper.

The way it was sold, it was going to mean civilian and multiparty control over the South African Police. It was going to ensure that the force would be transformed into an impartial body serving all South Africans and turning into reality the fine words of State President FW de Klerk in February 1990 when he told police officers: "We don't want to use you any more as instruments to reach certain political goals."

But only six months after the Police Board finally got off the ground towards the end of 1992, there is little optimism on any of these scores.

Already members of the board representing ANC interests have threatened to resign, describing the institution as a "toy telephone" and the prevailing view is that the board is immediately useful in one way only - as a means to gaining information on the workings of the police force in advance of the creation of an interim government, where it is hoped that some real control may well be exercised. Non-government members are describing the functioning of the Board at present as a kind of "audit".

The reigning pessimism is rooted in the fact that the Board - like most of the other institutions of the Peace Accord - has no power to do anything more than recommend. And by the same token the government, in the person of Law and Order Minister Hernus Kriel, retains the often-invoked power to ignore any recommendations it may not be comfortable with.

**ALREADY RECOMMENDATIONS** have emanated from the multi-party Police Board regarding: the systematic enforcement of legislation prohibiting the carrying of dangerous weapons by Inkatha supporters; taking a tougher line on serving members of the force under investigation for crimes, particularly of violence, and



enforcing among other things suspensions pending the outcome of such enquiries; bringing the KwaZulu Police back under the control of the SAP. All without visible result.

In the cases of other recommendations and analyses, the approach of the authorities has been different. For example, after a highly critical and highly publicised report on police training methods (one of the areas which the Board was specifically mandated to explore) was submitted by Wits researcher Janine Rauch, the government was induced to announce that a committee would be set up with a view to restructuring. However when it came to the crunch, the Police Board was to be excluded from the process; this would become the work of a committee appointed inhouse by the Minister - with international experts brought in as advisors. It was only in the face of diplomatic pressures on their experts to refuse unless such a body were to function under the auspices of the NPA and a brewing international row, that the government finally relented. Next it refused to make available its strategic plan for the Police Board and its nominees to study in this and other regards - citing national interest as a reason - until similar pressures finally made it reverse earlier decisions.

**AT THIS POINT** it is arguable at least that it is only via such diplomatic and political means that the Board is capable of fulfilling its mandate at all. In the case of the training programme, Rauch was censured for making public what was going on behind the scenes and a rule was introduced effectively silencing members of the Board. Henceforth only the chairperson would be in a position to comment to the media. Now, while this is not uncommon practice on committees, it is worth making two points here.

The first is that the current chairperson happens to be the former head of Armscor, and he was preceded by former Transvaal Attorney General Don Brunette - who left the job to take up the Justice Ministry of Ciskei only days before the Bisho massacre. Neither of these could legitimately be considered as independent or representative voices. Expert members of the Board are not in a position to comment on or assess developments in terms of their mandated work.

The second is that the police board was mandated specifically in order to create greater transparency in relation to the workings of the police force and government spokespeople have frequently invoked it as a guarantee against secret and or dirty dealing by its security forces. Yet its recommendations - whether accepted or rejected are not made public. Nor by the same token, are any reasons necessarily given why the government should have chosen to ignore its wise advice.

The point of opacity becomes especially relevant when one notes that under the guise of democratising, there are fears that a different kind of restructuring within the SAP is in fact going on. In September last year to take one example, the government embarked on what it described as a rationalisation of its avowedly top-heavy command structures, as a much-publicised result of which 13 generals lost their jobs.

The nett result of the "purge" has been that instead of an already bizarrely high 55 members of general staff, we now have 56, only two of which - both in the public relations field - are in fact blacks. All that has happened is that the balance has shifted between police headquarters and regional commands, which now boast far higher ranking command structures. This comes at a time when the government is promoting regionalism as a political option in opposition to the ANC more centralised political scenarios.

# die jaar van die verkiesingsveldtog



**Die ANC wil hê Suid-Afrika se eerste demokratiese verkiesing moet laat vanjaar plaasvind, die regering sê vroeg volgende jaar. Wat ook al gaan gebeur, die moeder van alle verkiesingsveldtogte gaan vanjaar gevoer word om te bepaal wie die mag in 'n nie-rassige Suid-Afrika gaan hê. CHRISTELLE TERREBLANCHE het gaan kers opsteek oor die jongste neigings en veranderlikes en het grootskaalse twyfel teëgekom**

**NIEMAND** weet werklik hoe sterk die verskillende politieke partye en groeperinge in Suid-Afrika aan populêre steun is nie. En te oordeel aan die groot persentasie mense wat hulle aan meningsopnames as of apolities en/of uiters onseker oor hul politieke affiliasies verklaar (onder vroue en Natallers soveel as 50 persent), kan weddenskappe oor die uitslag in die stadium lelik skeefloop.

Een ontleder van opnames sê dié groep is só groot, dit laat 'n mens amper wonder of party kiesers nie nog op 'n soort messias of charismatiese leier wag nie. Dit bied natuurlik vrugbare grond aan partye met die vermoë en bronne om op groot skaal kiesers te werf.

Een waarskynlikheid waaroor politieke ontleders saamstem, is dat die ANC die party sal wees wat die grootste enkele getal stemme op hom gaan vestig. Oor hoe groot die meerderheid in verhouding tot ander partye en alliansies gaan wees, kan net bespiegel word. 'n Paar neigings is egter duidelik.

## Minstens die helfte van die beraamde 21 miljoen kiesers is jonger as dertig en sowat 'n derde jonger as 25 jaar

**DIE JONGSTE MENINGSOPNAMES** dui deur die bank daarop dat die ANC sy steun onder swartmense in die afgelope jaar gekonsolideer en op plekke selfs aansienlik opgestoot het.

Prof Willie Breytenbach van die Departement Politieke Wetenskap aan die Universiteit van Stellenbosch het in 'n onlangse ontleding die waarskynlike stempersentasie vir die ANC op 55 beraam aan die hand van verlede jaar se meningsopnames. Dit sal aan dié party 'n eenvoudige meerderheid gee, sê Breytenbach, maar val kort van sy doelstelling van 'n twee-derde meerderheid of 70 persent waarmee 'n nuwe grondwet waarskynlik aangeneem sal word. Sommige ontleders sien dit as teoreties moontlik dat die ANC 70 persent van die stemme kan trek.

In die tweede plek sê Breytenbach lê die NP met 'n plafon van ongeveer 30 persent van stemme. Dié party, wat volgens meningspeilings die afgelope drie jaar groot groeipotensiaal getoon het, het egter die afgelope jaar steun verloor. Breytenbach skryf dit toe aan 'n "katalogus van katastrofes" wat die regering sedert Mei bloots gery het.

Daaronder is die mislukking van Kodesa, Boipatong, Bisho, die Militêre Intelligensie-skandaal, die onthullings oor tuislandkorrupsie, die debakel rondom die sekurokrate en die deurdruk van verdere vrywaringswetgewing deur die Presidentsraad ná die bykomende parlementsitting.

**DIE JONGSTE MENINGSOPNAMES** deur die onafhanklike Research Surveys van Kaapstad toon dat die NP steun na regs en veral links afgestaan het. Onder swartmense word die ANC se steun nou op 74 persent gestel en dié van die NP op sowat 3 persent, nadat vroeëre opnames die NP se potensiële swart steun heelwat hoër aangegee het. In 1991 het sowat 54 persent van swartmense hulle ten gunste van 'n ANC-regering verklaar, en 11 persent wou hê die NP moet regeer.

Piet Coetzer van die NP se Federale Inligtingsdiens wys in reaksie daarop dat meningspeilings "ontsettend fluktueer" en dat die jongste syfers nie die vermeende Apla-aanvalle in ag neem nie. Sowel dié aanvalle as die rigting wat die ekonomie in die volgende maande inneem, kan opinies dramaties wysig, meen hy.

Coetzer stem egter saam dat 'n groot mate van negatiwiteit en selfs apatie deur die jongste meningspeilings weerspieël word.

Volgens hom het die NP reeds deurtastende beplanning gedoen vir sy verkiesingsveldtog en sal 'n intensifering soos in die geval van ander partye so gou moontlik 'n aanvang neem. Daar is min twyfel dat die NP sy reeds legendariese en goed-geoliede verkiesingsmasjien volstoom sal inspan om die gapings so klein moontlik te maak.

JANNIE MOMBERG, LP VIR Simonstad en ANC-lid, sê aan VWB die ANC wen groot veld op die Kaapse platteland, waar bruin inwoners tot dusver meestal as NP-ondersteuners gesien is. Hy skryf dit aan ontnugtering en verwaarlosing deur die NP toe. In die stede groei die NP-steun onder Indiërs en Kleurlinge egter bestendig.

Onder blanke stedelike stemgeregtigdes is 'n effe afwaartse neiging in steun vir die NP te bespeur, wat nou op sowat 41 persent staan, teenoor 47 persent in 1991. Die helfte van alle potensiële kiesers in Natal blyk uiters onseker en selfs apolities te wees. Volgens Research Surveys word die Inkatha Vryheidsparty (IVP) se steun tot op 2 persent onder sowel swart as witmense gestel. Sommige opnames soos dié van die RGN raam dié party se steun egter op sowat 10 persent.

Breytenbach meen daar is twee ander politieke groeperinge wat elk meer as 'n miljoen stemme op hulself kan verenig ten einde die derde en vierde plekke in te neem. Hulle is wat hy as die "black left" (die PAC, Azapo en moontlik die SAKP) bestempel en die wit regses - die KP en ander regsgesinde partye. Die DP se steun het in die afgelope jare in blanke geledere effens afgeneem, hoewel die party hom nou ook op groot skaal vir bruin en swart steun bewyer.

**PROF LAWRENCE SCHLEMMER** van die RGN het dié week aan die hand van die jongste statistiek laat blyk dat 'n snaakse kontradiksie in houding jeens die oorgangsproses na vore getree het. Hoewel 'n groot mate van weerstand teen die instelling van 'n oorgangsregering onder alle bevolkingsgroepe voorkom, is daar steeds oorweldigende steun vir 'n onderhandelde skikking. Hy skryf dit veral toe aan 'n hoë vlak van weerstand teen die ANC, PAC en Azapo by diegene wat nie die bevrydingsorganisasies steun nie. Hy stel voor dat die gevolge van oorgangsregering so duidelik moontlik aan stemgeregtigdes uitgespel word.

Die onafwendbare alliansievorming in die aanloop na die verkiesing sal moontlik die huidige profiel van steun aansienlik wysig. Die Arbeidersparty het hom byvoorbeeld reeds verbind tot alliansievorming met die ANC, terwyl die meeste tuislandpartye hulle na verwagting in die NP-kamp gaan skaar - of dalk met die wit regses gaan saamwerk.

Wat die profiel van kiesers self betref, staan Suid-Afrika ook voor 'n groot verandering, buiten die feit dat meer as twee-derdes van kiesers (68,5 persent) swart is. Volgens syfers wat onlangs deur die Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika uitgereik is, gaan minstens die helfte van die beraamde 21 miljoen kiesers jonger as dertig wees en sowat 'n derde jonger as 25 jaar. Meningsopnames dui daarop dat mense tussen 18 en 25 in die algemeen meer seker van hul politieke affiliasies en daarby meer radikaal-gesind is.

Tot dusver was die gemiddelde ouderdom van blanke kiesers sowat 35 jaar. Die gemiddelde ouderdom van alle

# Die ANC is redelik seker van minstens die helfte van die stemme

stemgeregtigde Suid-Afrikaners vir die komende verkiesing word op 30,3 jaar bereken.

Blankes maak bykans 19 persent van die kieserskorps uit, terwyl bruinmense amper 10 persent en Indiërs nagenoeg 3 persent beloop.

**BENNY MODISE, DIREKTEUR** van die Matla-trust wat hom vir die opvoeding van kiesers beywer, meen dat meer as die helfte van potensiële kiesers ongeletterd of semi-ongeletterd is en/of op die platteland woon. 'n Groot persentasie van hulle verstaan ook nie Afrikaans of Engels nie. "Dit maak dit soveel moeiliker om hulle deur die hoofstroom-koerante te bereik," sê Modise. Hy meen die radio en televisie sal 'n enorme rol in die opleiding en voorligting van kiesers moet speel.

Die SAUK het by navraag gesê hy is gereed en gewillig om die rol te vervul, maar dat geen formele plan nog op die tafel is nie.

Modise sê: "Baie mense gaan vir die eerste keer ooit stem, terwyl die nadraai van ondemokratiese verkiesings in die tuislande en townships hulle twyfelagtig oor sulke prosedures laat. Boonop is baie onwillig om identiteitsboeke aan te vra omdat hulle dit met die destydse "dompasse" assosieer."

Modise meen 'n reuse hoeveelheid geld en bronne gaan nodig wees om dié mense op die stembus voor te berei.

Volgens die Matla-trust, asook ander van die organisasies wat hulle nou op kiesers-voorligting toespits, soos Idasa, die Katolieke Biskoppekonferensie en die pasgestigte oorkoepelende Voter Education Forum, laat die komende jaar kwalik genoeg tyd toe vir die behoorlike uitvoering van dié taak. Hulle gaan hulle hoofsaaklik op landelike gebiede toespits, hoewel belangstelling en behoefte in die stede ook as reusagtig bestempel word.

Die ANC, daarenteen, meen dat die tyd voor November genoegsaam is vir sy verkiesingsveldtog, mits die nodige wetlike en grondwetlike ooreenkomste, die oorgangsrade en 'n onafhanklike verkiesingskommissie teen Mei daargestel is.



Registrasie van kiesers soos dit met die Namibiese onafhanklikheidsverkiesing gelyk het: Hoe gou kan ons dit afhandel?

# Die wanneer en hoe moet nog bepaal word

**MET** die stof van 'n traumatiese 1992 nog onder hul voetsole, het dié jaar vir politici duidelik met groter haas as ander aangebreek, asof deur die knal van 'n afsetpistool.

Maandag al kon jy meeste van die vernaamste rolspelers op kantoor aantref, waar beroering heers oor die asembenemende take wat in die voorverkiesingsfase afgehandel moet word. Telefone het reeds onophoudelik begin lui, en meningspeilings is met meer erns as tevore gefynkam, terwyl agendas, manifeste en strategieë reeds haarfyn uitgepluis word.

Of die verkiesing wel dié jaar gaan plaasvind, is nog nie 'n uitgemaakte saak nie.

Die ANC het hom ten gunste van 'n verkiesing in November verklaar, terwyl die regering en NP April 1994 as teikendatum stel. Albei kante het hulle tot buigsaamheid oor hul betrokke datums verbind. "Hoe gouer hoe beter" en "November is nie onmoontlik nie, mits alles vlot", is algemene kommentaar in politieke geledere.

Eenstemmigheid bestaan reeds oor 'n groot aantal van die noodsaaklike stappe vir die voorverkiesingstydperk. Maar daar is 'n lang lys van prosesse wat moet vlot voor die beraamde 20 tot 21 miljoen Suid-Afrikaners bo agtien hul kruisies kan trek.

**DIE TWEEDE "BOSBERAAD"** tussen die NP en ANC dié maand sal deurslaggewend vir die datum en die res van die proses wees. Piet Coetzer van die NP se Federale Inligtingsdiens sê die November-datum kan haalbaar wees afhangende van veral die prosedures waarop besluit word. "Indien argumentsonthalwe op kieserslyste en kiesafdelings besluit word, sal afbakenings en lyste nie betyds vir November afgehandel word nie," sê hy.

As die partye tot 'n vergelyk kan kom en die ander bilaterale gesprekke op die agenda ook slaag, sou die instelling van 'n Veelpartykonferensie aanstaande maand al moontlik wees, meen Zach de Beer, leier van die DP. Een van die belangrikste kwessies waaroor ooreengekom moet word, is die samestelling en funksionering van die beoogde oorgangs- of tussentydse regering, sê hy.

Daarna sal wetgewing vir die eerste fase van tussentydse regering en die Uitvoerende oorgangsrade moontlik voor einde April deurgevoer kan word. 'n Onafhanklike Verkiesingskommissie word as 'n voorvereiste beskou voor die aanvang van die formele verkiesingsveldtogte. Indien November die verkiesingsmaand is, sal die veldtogte voor Junie moet afskop.

Die vernaamste struikelblokke waarvoor gevrees word, is 'n moontlike dwarstrekkery deur die IVP se Mangosuthu Buthelezi asook vertragings as gevolg van voortgesette geweldpleging. Oor of die NP die regeringsbronne en oorgangstrukture vir eie gewin gaan gebruik in die aanloop na die verkiesing, en die effektiewe magsrol wat die driekamer-parlement sal vertolk, word in sekere kringe harte vasgehou.

Coetzer sê die gelykmaking van die speelveld is inderdaad vir die NP ook 'n prioriteit, en dat hy waarskynlik daarop gaan aandring dat alle buitelandse geld vir veldtogte gelykop verdeel moet word. Hy sê hy vind die Sweedse verklaring dat hy net sekere partye geldelik gaan steun, aanmatigend. Daarby is die ANC se oproep teen diensplig omdat 'n weermag nie nou nodig sou wees nie, "naïef en balhorig" teen die agtergrond van die onlangse Apla-aanvalle wat ook deur die party veroordeel is.

Coetzer wys daarop dat die NP hom nietemin daartoe verbind het dat die veiligheidsmagte onder oorgangsbeheer geplaas kan word.

**DIE MATE VAN INTERNASIONALE** teenwoordigheid kan ook 'n deurslaggewende rol speel in die doeltreffende deurvoering van elke fase, glo politieke kommentators. Dit kan baie help om intimidasie te bekamp, potensiële vertrouenskrisisse op te los en die verkiesingstrein op sy spoor help hou, word gemeen. In die algemeen sal politici die grootste moontlike korps van onafhanklike internasionale waarnemers verwelkom, maar dit is nog onseker hoe hoog op die internasionale agenda 'n verkiesing in Suid-Afrika sal wees. Die NP is egter heftig gekant teen enige mate van internasionale betrokkenheid buiten waarneming.

Van die grootste take wat nog voorlê, is die registrasie van alle Suid-Afrikaners vir stemdoeleindes, hetsy deur middel van identiteitsdokumente of 'n ander vorm van identifikasie. Uitsluitsel moet nog daaroor verkry word.

Sorg is ook reeds uitgespreek dat die proses van formele terugkeer na Suid-Afrika van politieke uitgewekenes steeds mank gaan aan vertragings en te veel rompslomp.

Die jaar het boonop begin met aantygings en teenaantygings van intimidasie op politieke werwingsvergaderings, die keer tussen die ANC en DP. 'n Gedragskode vir politieke partye is volgens die ANC een van die voorvereistes vir 'n veldtog. Verder word uit alle oorde gekla dat toegang tot plase en werkplekke nog feitlik heeltemal onmoontlik is en dringend aandag moet kry. Gelyke toegang tot en die onpartydigheid van die elektroniese media is 'n prioriteit op die onderhandelingsagenda.


Twyfel bestaan by talle politici en waarnemers of daar genoeg tyd is vir dié allernoodsaaklike gelykmaking van die speelveld, wat onder meer ook die beheer van die veiligheidsmagte behels. Veral mense wat betrokke is by die voorligting van potensiële kiesers dink die tyd is hopeloos te min.

Popo Molefe van die ANC se verkiesingskommissie meen November is haalbaar, mits die voorgestelde tydrooster van pres FW de Klerk effe aangehits word. Hy sê minstens ses maande is nodig vir die formele verkiesingsveldtog, maar wys daarop dat net drie maande in die Namibiese onafhanklikheidsverkiesing genoeg was.

# Let's reflect for a moment

## MARK BEARE assesses the Friendship Tour

The end of the Indian tour this week affords a moment to reflect on the emerging nature of the South African team, made clear by an extensive, if uninspiring, exposure to international cricket. The questions to be answered are who has impressed and why and can they sustain that good impression?



**THE OPENERS:** After a shaky start in international cricket Andrew Hudson has gained immeasurably in confidence. He is a correct batsman, strong on both sides of the wicket, and is capable of withstanding pressure. With four 50s and a century in the five day game already and a cluster of good scores in the one days he is an outstanding prospect as an opening batsman. The role of the opener is to provide a solid start and, as a result, he is judged by different criteria than the middle order strokemaker.

Notwithstanding this Hudson has proved his worth, both as an anchor and a strokemaker, in a short space of time. Kepler Wessels, despite a preference for the number 3 berth, seems set to open for some time to come. Wessels' technique has always appeared suspect, his legs wide apart, his shoulders hunched, and the early inswinger has caught him more than once in this series.

This is scarcely a new observation, or indeed a new problem, but an average of around 45 in tests suggests that the problem is more imagined than real. He also has a surprising capacity to accumulate runs quickly, as the Port Elizabeth test showed. The Hudson-Wessels partnership is likely to continue - the right hand/left hand, strokemaker/accumulator contrast augurs well.

**THE MIDDLE ORDER:** This is the one area where questions remain. The Indian attack was comparatively ordinary and their batting shortcomings meant that the 350-400 targets traditionally associated with the five day game or even the 250-275 targets in the one day game were never attained. As a result the South African middle order always looked strong enough for the task.

The simple truth is that we will not know how strong the line-up is until it is tested rigorously by a better side. We do, however, know certain things already. Peter Kirsten is in an invidious position. At 37 he is in a no-win situation - if he performs well, as in the World Cup, the question is what happens when Kirsy retires? If he performs poorly, as in this tour, the question is when will he retire? The problem is compounded by a scramble for three places between Kirsten, Rhodes, Cronjé and Cullinan.

Given that Kirsten's place was secure for this series it is very difficult to choose two from the other three. Cronjé, after an extended period of difficulty, has settled into a fine test cricketer. The turning point appeared to come during his innings with Dave Callaghan to turn the fifth one day international. Since then he has grown visibly and appears safe in his place. On top of his batting he is becoming a useful fifth bowler and has clearly been earmarked to succeed Wessels as captain in three or four years' time.

The real tussle then must be between Rhodes and Cullinan, a tussle carried out against the backdrop of Kirsten's retirement, which cannot be far away. The debate on Cullinan is a simple one. Does he have the temperament to post big scores on a consistent basis? He is undoubtedly the most talented batsman in the country; he has more time than anyone else to play his shots; he is highly correct technically; he is the only batsman in the side who has the ability to destroy an attack.

But he also has a mid 30s average after 10 years of first class cricket, the sign of a lack of application. The selectors believe he has to be tried, hopefully for long enough to establish whether the ultimate motivation of test cricket will serve to consolidate his game. He remains, in my view, the single best chance the batting side has of attaining real supremacy on the international stage.

Rhodes is an enigma. He is lacking in both the technical skills and the raw talent that make for an international player and he, above all others, has staked a claim which, against better bowling, may prove to be invalid. This said he is irrepressible, shaking off bad shots and carrying on to big scores. The Pakistan-West Indies tour should help to clarify this but it is anyone's guess as to whether Rhodes will continue to perform or be hopelessly exposed.

**THE BOWLERS:** Some honour is due to the selectors in this department. Having made the mistake of playing both Snell and Bosch in the World Cup they have shown sounder logic in the recent matches.

Allan Donald has settled, again after a difficult start plagued with high expectations, and his performance in Port Elizabeth was world class. His accuracy has improved immeasurably, he is varying in and away swing intelligently and, at his pace, he is becoming an exceptional strike bowler.

Brian McMillan, who could just as easily been included in the middle order analysis, is the fulcrum of the side. A correct and secure batsman, a fine and aggressive fast medium bowler who gets both lift and movement and an exceptional fielder he is as good an all-rounder as any in the world.

Craig Matthews has always been an underrated bowler, bowling into the off-side channel more accurately than anyone else. The problem lies with finding a partner for Allan Donald. Schultz was unimpressive, lacking in both accuracy and venom and Pringle did not repeat his World Cup form. As for spin it appears that the difficulties continue. Henry was bland, showing few signs of innovation or devilry. Compare his performance with those of Raju or even Kumble and it is clear that we cannot compete in this department. It is arguably preferable to not even try.

**WHILE THE BROAD LINES** are clear - strong on openers, competent in the middle order and impressive in bowling - the poor performance of Mohammad Azharuddin's side means that any assessment must be hedged with qualifiers. The bowling attack had its moments - Prabhakar at Kingsmead, Srinath at Newlands - but lacked bite.

The batsmen performed below expectations throughout and never looked menacing. Azharuddin himself proved to be a remarkably passive and defensive captain; his field settings were a match for those set by the cautious Wessels and his deployment of his bowlers was pedestrian. Take, for example, his performance in the final test. He refused the option of taking the game to the South Africans by pushing the run rate in the Indian first innings, the only way in which he could have overcome Wessels' defensive strategy of occupying the crease until a draw was certain.

From a bowling standpoint his reluctance to use Kumble and Raju in tandem or his insistence on bowling Raju from the Kelvin Grove end when he was clearly getting help from the breeze from the Wynberg end were signs of a passivity which help to doom the test to an inconclusive result.

Having taken these reservations into account the tour has provided reason for encouragement. The abilities of Hudson, Wessels, Matthews and McMillan were apparent from the outset and those of Cronjé, Donald and Cullinan became evident in the latter stages. The upcoming triangular series against Pakistan and the West Indies will provide the appropriate context - albeit only in one days - for making an informed judgement. With the exception of a potential wobble in the middle order the South African side should be good enough to handle it.

# Sport gaan koning kraai dié jaar

## Sportgeesdriftiges dwarsoor die wêreld het vanjaar heelwat om na uit te sien, sê **TIM SANDHAM**

**LENNOX LEWIS** en Riddick Bowe het die tafel gedek vir opwindende gebeure rondom die swaargewig-bokstitel. My opinie is dat Bowe en sy bestuur 'n berekende bemarkingstruuk gespeel het. Die ophef en die prysgeld wat met 'n herenigingsgeveg gepaard gaan, is heelwat meer as dié van 'n normale titelverdediging.

Met twee titels op die spel is daar nou dubbel soveel geleentheid vir al die aanspraakmakers om 'n kleim af te steek. Oubaas Foreman meen steeds hy't 'n kans. Voormalige kampioen Evander Holyfield, Razor Ruddock en Frank Bruno is steeds op die toneel, maar al drie is al op een of ander tyd deur een van die twee kampioene geklop. Die moontlikheid dat Mike Tyson suksesvol teen sy tronkstraf appelleer en vroeër sy hertoetrede tot die sport maak, bestaan ook. Moet ook nie Gerrie Coetzee se hertoetrede buite rekening laat nie...

Nigel Mansell se debuut in die Indy-reeks in Amerika sal ook fyn dopgehou word. Sy verhouding met sy spanlede en bestuur sal ook onder die loep kom. Dit was immers persoonlike verskille wat veroorsaak het dat hy in die mees suksesvolle Formule 1-seisoen deur een jaer tot dusver die Williams-span verlaat het.

In Mansell se afwesigheid gaan die hervatte wedywering tussen voormalige kampioene Ayrton Senna en Alain Prost net so interessant wees. Of Prost se jaarlange hiatus hom skerper as ooit gelaat of afgestomp het, sal ook gesien moet word. Gelukkig sal ons eerstehands kan verneem wanneer die F1-seisoen in Maart hier op Kyalami afskop.

**DAN IS DAAR DIE** Kaap na Rio seiljagwedvaart wat môre in Tafelbaai begin. Oor die volgende paar weke kan ons die roetes van die jagte volg en sien of hul roetes en strategieë suksesvol is, en of hulle deur die wispelturige elemente gefnuik word.

Verlede jaar het Suid-Afrika se marathonatlete die wêreld se aandag getrek deur drie internasionale marathonne in te palm en sterk te eindig in 'n paar ander. Vanjaar kan daar voortgebou word op dié prestasies. Daar word uitgesien na die dag wanneer 'n volkome fiks Frith van der Merwe haar stempel op die internasionale marathontoneel begin afdruk.

Amptelik goedgekeurde deelname van oorsese langasems aan die Comrades-marathon behoort aan die tradisonele wedloop 'n nuwe dimensie te bring.

Wayne Ferreira en Amanda Coetzer het die jaar sukkel-sukkel begin nadat hulle deur die Australiese span uitgeskakel is uit die Hopmanbeker. Sover dit hul individuele loopbane betref, behoort albei hulle posisies in die top 20 van die onderskeie ranglyste te verbeter. Dit was veral by verlede Januarie se Australiese Ope dat Ferreira begin toon het van watter stoffasie hy gemaak is.

**AS DAAR EEN DING** geleer kan word uit die pas afgelope Indiese kriekettoer, is dit dat daar nooit weer 'n reeks van sewe eendag internasionale wedstryde beplan moet word nie. Vyf is oorgenoeg en drie (soos in Indië in 1991) nog beter. Die gebiede wat nié 'n internasionale wedstryd kry nie, moet dan 'n kans kry om die provinsiale span teen die toeriste in te stuur. Dit sal die krieketaanhangers tevrede hou en meer provinsiale spelers die kans gun om hul kragte teen internasionale teenstanders te meet.

Vandat Indië hul toer bra wankelrig teen Zimbabwe begin het, was dit duidelik dat dit nie dieselfde span was wat SA in Indië geklop het nie. Soos die toer gevorder het, het die span al hoe meer vuisvoos begin lyk. Ek dink die manne speel te veel krieket. Die Indiërs keer terug huis toe waar 'n span van Engeland reeds op hulle wag om die vernedering wat Pakistan op hulle afgedwing het, te probeer uitwis.

Die einste Pakistanis en die span van die Wes-Indiese-eilande daag binnekort op vir 'n driehoekige reeks teen Suid-Afrika. Hoewel Pakistan hom reggeruk het teen Nieu-Seeland in die toets, het beide spanne powere tellings teen mekaar en teen Australië aangeteken in die afgelope eendaagse World Series.

Moontlik is die standaard van eendag-krieket deesdae baie hoër as wat dit was 'n paar jaar gelede. Moontlik is die lae tellings (selde meer as 250) net nog bewys dat die manne poot-uit is.

**MET DR DANIE CRAVEN** se dood het 'n era in Suid-Afrikaanse rugby tot 'n einde gekom. Die maande voor sy dood het Craven egter heelwat kritiek ontlok deur optrede wat as uitdagend, hardkoppig en polities onsensitief bestempel kon word. Eise dat hy om rugby se ontwil moet bedank om jonger polities korrekte administrateurs kans te gee, het oral opgeklink, maar het op dowe ore geval.


Dis sinneloos om sy loopbaan as Springbok en president te beoordeel aan die hand van een of twee onbesonne dade van 'n ou man. Sy invloed op rugby sal nog lank gevoel word en jaarliks tydens die Craven-week herdenk word.

# brolloks

## DIE WIT BRAKKE, ALIAS DIE BOERE-APLA

**HOPELIK** besef selfs FW de Klerk teen dié tyd dat sy grootste fout in sy loopbaan was om die rassemoordenaar Barend Strydom vry te laat.

En hopelik gaan die Sondagblad *Rapport* ook eendag besef dat sy grootste oordeelsfout ooit was om Strydom R25 000 te betaal en hom as volksheld op die voorblad te verkoop. Hulle besef dit kennelik nog nie, want laas Sondag het dieselfde psigoot weer groot gefeature met foto en al.



As dié *Rapport*-foto so 'n bietjie gedokter is, is die boodskap meer gepas.

Psigoot? Wat sê 'n mens anders van 'n man wat sestien onskuldige mense voor die voet in 'n openbare plek afmaai en dan verklaar dat hy 'n "gerespekteerde burger" is wat "nog nooit onverantwoordelik met 'n vuurwapen opgetree het nie"?

En toe dié "Wit Wolwe" se "perskonferensie" in 'n plaasdam op sy skoonpa se plot buite Brits waar hy ook deesdae bly. Die enigste man sonder velprobleme wat nie 'n klapmus hoef te gedra het nie, noem homself Boerstaat en soos 'n wafferse kapokhaantjie dreig hy die regering en skort hy "onderhandelinge" op. As Brolloks dit nie in die koerante gelees het nie, sou hy gedink het dit is 'n flouerige Pieter-Dirk Uys-grappie.

Daar's een trick wat Barend geleer het: om 'n magstryd in jou party te voorkom, maak al jou lede leiers - hy sê die Wit Wolwe het meer as 21 hoofbestuurslede. (Hulle gaan glo nog 'n paar lede koöpteer - om die res te help lees en skryf.)

Dis een ding om met dié klomp opgeblase, halfgeletterde neandertale te spot, maar dat hulle die potensiaal het om swartmense af te maai, is ongetwyfeld.

En wie moet ons bedank vir dié nuwe vlaag van blinde rassisme? Die dappere, trotse vryheidsvegters van Apla.

Want Apla en die Wit Wolwe het dieselfde agterlike mentaliteit. Drek.

## KERSGESKENK

*The Star* sê dié week dat Marike de Klerk een van die beste Kersgeskenke in die land gekry het: die restaurantbaas Nino Zanazi het seun Willem se bruin nooi, Erica, van hom afgevry en Marike was hoeka bitter ongelukkig oor haar seun se romanse.

## DIS NOG NIKS

Gene Louw kla dié week emosioneel dat 1992 'n annus horribilis was vir die SA Weermag. Nou wonder 'n mens wie se skuld dit was.

En solank Joffel van der Westhuizen en al die ander cowboys daar is en solank die oorblywende swere van die Totale Aanslag-era nie oopgesteek word nie, kan Brolloks net dit vir Gene sê oor 1993: You ain't seen nothin' yet.

## GAAP!

'n Vrind van 'n kollega van Brolloks het spesiaal uit Engeland Suid-Afrika toe gevlieg om die krieketoets te kom kyk. Ná die eerste dag het hy gaan gholf speel, en nie weer sy gesig by Nuweland gewys nie.

Dit moes seker die verveligste krieketoets in menseheugenis gewees het. Maar nou ja, van flair kan jy Kepler Wessels nie beskuldig nie.


## DIANA EN NOG DIANA

Brolloks het net gedink noudat Charles en Diana amptelik uitmekaar is, sal die koerante alhier se obsessie met die twee 'n bietjie afneem. Maar nee, toe gaan hou Diana mos vakansie. En Dinsdag dié week toe plaas die grootste Afrikaanse dagblad 'n storie op sy voorblad wat vertel hoe Diana se twee seuns vir haar gesê het hulle wil liewer in die branders speel as om elders heen te gaan vir die dag.


Al wat hulle uitgelaat het, is wat die drietjies vir brekfis geëet het en wie wanneer 'n windjie gelaat het.



Neloffspring Persondela



'n Chronologies begaafde individu



'n Agtergeblewe gemeenskap

# Oor boomkarkasse, Kameraad Stoel, die Melanosiese Suid-Afrika en die hegemonie van die so-called paradigma

**Dinge het verkeerd begin loop toe die ouens wat die treine se wiele klop, "klankingenieurs" en "rotvanger" skielik "knaagdier-offisier" geword het. Sedertdien het dinge progressief só agteruitgegaan dat iemand die ander dag geskryf het 'n persoon is "metabolies verskillend" - menende hy is dood. MAX DU PREEZ gesels oor Newspeak of Polities Korrekte Terminologie wat so aan die toeneem is**

**HIER** is 'n voorspelling wat ek met groot selfversekerdheid kan maak: Dit gaan toenemend moeiliker word om politici, openbare persoonlikhede en veral groen- en gemeenskapsaktiviste te ontsyfer.

So sal jy moet weet "kapitalisties-patriargale hegemoniese diskoers" beteken die onderdrukking deur die dominante wit kultuur, en dat "tydelike interruptering van ekonomiese ekspansie" eintlik na 'n resessie verwys.

Daar is al selfs 'n polities korrekte term vir "polities korrek": kultuur-sensitief.

"A few good-natured grunts", is hoe vise-president Dan Quayle se perswoordvoerder die uitjou van sy baas deur soldate van die Amerikaanse Militêre Akademie genoem het.

Amerika - en veral die Withuis en die Pentagon (onthou jy nog terminate with extreme prejudice: bombardeer die hel uit 'n hele dorp uit) - was lank die grootste bron van Dubbelpraat. Maar intussen het dit wêreldwyd versprei, en deesdae bring feministiese en omgewingsradikale ook hul kant in die verspreiding van die epidemie van eufemistiese taalgebruik wat kommunikasie heelwat moeiliker maak.

(Hoe's dié een van die Pentagon: "Accidental delivery of ordnance equipment" - toe 'n bomwerper sy militêre teiken gemis en 'n burgerlike teiken opgeblaas het.)

Suid-Afrika het natuurlik ook nie agtergebly nie, want die kulture van apartheid sowel as bevryding het hulself deeglik geleen daartoe. Al onder Verwoerd is apartheid herdoop tot die eufemistiese "afsonderlike ontwikkeling", en later het "die beskerming van minderhede" sinoniem geword met "die verskansing van wit bevoorregting". En "kulturele wapens" het die Gatsha-woord geword wat beteken die impi's mag assegaaie en panga's op straat dra.

En wie onthou nog vir Connie Mulder (skepper van Plurale Betrekkinge) en Chris Heunis (skepper van Magsdeling synde die Driekamer-parlement wat die meerderheid kiesers heeltemal uitgesluit het)? Albei was meesters van Dubbelpraat.

**FW DE KLERK** het al self vorendag gekom met "agtergeblewe gemeenskappe" as 'n eufemisme vir die swart meerderheid wat onder apartheid onderdruk is.

En in ANC- en PAC-kringe is daar ook heelwat voorbeelde soos "liberatory intolerance" en die misbruik van begrippe soos "the masses", "the struggle" en "the democratic movement". En alles wat nie lekker is nie of waarmee jy jou nie heeltemal wil vereenselwig nie, word "sogenaamde" of "so-called".

Wit lefties praat weer graag van "hegemonie" en "paradigma" en Afrikaanse skrywers en letterkundiges voel ongelukkig as hulle nie êrens "dekonstruksie" in 'n sin kan indruk nie en noem alles wat geskryf is 'n "teks".

Die meeste van die nuwe taalgoggas draai rondom ras, klas, kultuur, geslag en die omgewing. In veral Amerika het dit al 'n groei-bedryf geword met 'n groot aantal boeke soos Hugh Rawson se *A Dictionary of Euphemisms and other Doubletalk*, Cheris Kramarae en Paula Teichler se *A Feminist Dictionary*, en *Cultural Etiquette: a Guide for the Well-Intentioned* wat deur Market Wimmin uitgegee is.

**DIE JONGSTE EEN WAT** op my tafel beland het, is Henry Beard en Christopher Cerf se *The Official Politically Correct Dictionary and Handbook*, wat pas deur Grafton uitgegee is. (Die boek gee die woord "dicktion" of "dicktionary" aan as "the style of writing and speech imposed upon the world by patriarchal white lexicographers". Waarop iemand opgemerk het dat dit dan nou seker tyd geword het om 'n "cuntionary" op te stel.)

Daar is 'n vereniging in Pennsylvania wat homself/haarself heeltyds besig hou met die skep van nuwe terminologie: die American Hyphen Society. Lees hoe hulle hulself beskryf - niks beskryf dié kultuur beter nie: "The American Hyphen Society is a community-based, not-for-profit, grassroots consciousness-raising/education-research alliance that seeks to help effectuate the across-the-board self-empowerment of wide-ranging culture-, nationality-, ethnicity-, creed-, gender-, and sexual-orientation-defined identity groups by excising all multi-culturally-less-than-sensitive terminology from the English language, and replacing it with counter-hegemonic, cruelty-, gender-, bias-, and, if necessary, content-free speech."

Dit is natuurlik so dat taal houdings beïnvloed, en daarom is dit wenslik dat uitgediende seksistiese, rassistiese en onsensitiewe terminologie uit die taal geweer word. Dit is al minder aanvaarbaar, selfs in Afrikaans, 'n hoogs-patriargale taal, om geslag-onsensitief te wees.

**MAAR DIT IS PARTYKEER** moeilik om dit te doen sonder om belaglik te raak. Die Engelse gebruik van ms of mz pleks van mrs of miss is maklik sê-baar en daarom algemeen in gebruik, maar wat maak jy in Afrikaans? "Me" werk as jy dit skryf, maar as jy dit sê, klink dit of jy te veel sodawater gedrink het.

"Chair" pleks van "chairman" of "Chairwoman" werk goed, tensy jy kom by 'n sin soos "He asked the chair to table the motion." In Afrikaans werk "stoel" nie, veral nie as die betrokke individu vertikaal beproef (polities korrek vir vet) is nie. "Voorsitter" kan wel vir albei geslagte gebruik word, maar wat is die vroulike weergawe van Meneer die Voorsitter?

Hier het Die Struggle (en in beginsel, Die Stryd, maar die AWB is nie juis geslag-sensitief nie) natuurlik die antwoord: noem almal com- ▶

rade of kameraad. Soos in Comrade Chair of Kameraad Voorsitter.

Party voorstelle maak baie sin, soos om "nooiensvan" of "maiden name" te verander na "geboortevan" of "birth name". "Kleurdoofheid" synde nie sensitief te wees vir die aksente van verskillende bevolkingsgroepe wat 'n taal anders as hul eie praat nie, is ook sinryk.

**DIT IS OOK GOED** om 'n sagter wêreld te probeer bewerkstellig en skerp terminologie soms te temper. Soos senior burgers pleks van oumense. Maar om darem te sê iemand is "chronologies begaafd" pleks van oud is te erg. Beard en Cerf stel ook "experientally enhanced" voor.

Dit is myns insiens goed om 'n dom mens "minder begaafd" te noem, maar ek sluk swaar aan "serebraal beproef" of "cerebrally challenged". Aan die ander kant klink "serebraal-atmosferiese individu" heelwat beter as "poepkop".

"Bandiet" is kru, "gevangene" is meer aanvaarbaar. So hoekom lol met "kliënt van die korrektiewe stelsel"? Wat van "kosmeties anders" vir "lelik" (al gehoor van die Clint Eastwoord-fliek The Good, the Bad and the Cosmetically Different?), of "dermatologies beproef" vir iemand met puisies? "Verskillend bevoorreg" pleks van "arm" klink vir my na die uitdinksel van 'n ryk mens wat nie wil skuldig voel oor sy/haar baie geld nie. "Involuntarily leisured" vir werkloos en "involuntarily undomiciled" vir dakloos klink ook na terminologie wat 'n aaklige lot mooi probeer voorstel sonder om iets aan die probleem te doen. En in my boek is 'n skelm 'n skelm en vind ek 'n "eties gedisoriënteerde individu" eties onaanvaarbaar.

**EK IS SEKER DIÉ** soort goed word deur welmenende mense soos sosiale werkers geuiter, maar "moreel verskillend" vir boos, "non-traditional shopper" vir winkeldief, "optically inconvenienced" vir blind en "persons with difficult-to-meet needs" vir reeksmoordenaars is nie goed vir helder, sinryke kommunikasie nie. Daarby kom goed soos "motivationally deficient" vir lui, "pharmacological preference" vir dwelmverslawing, "sex care provider" vir prostituut en "utensil sanitizer" vir skottelgoedwasser.

My persoonlike gunstelinge in Beard en Cerf se woordeboek is "unpremisesed business person" vir 'n straatsmous en "vehicle appearance specialist" vir 'n karwasser.

Nee, my gunsteling is om iemand wat jou morsdood verveel, "sjarme-vry" te noem.

En dan is daar die twee Amerikaanse treindrywers wat dronk was en die trein laat ontspoor het wat in hul verdediging verklaar het hulle was in 'n "reduced state of awareness" weens "chemical inconvenience".

Buiten "metabolies verskillend" kan 'n mens ook na die dood verwys, sê die woordeboek, as 'n "failure to fulfill one's wellness potential", terwyl die CIA na hul moordbendes verwys as "health alteration committees".

Afrikaan-Amerikaanse (dit beteken hulle is swart) akademici en aktiviste het die laaste tyd met heelwat voorstelle vir nuwe terminologie gekom wat ons net moet hoop en bid nooit hier posvat nie. Prof Leonard Jeffries van City College in New York sê byvoorbeeld witmense het 'n gebrek aan melanien, wat aanleiding gegee het tot die term "melanin impoverished" vir witmense. As voorbeeld vir die gebruik hiervan gebruik Beard en Cerf die sin: Todd's favourite politically correct fairy tale was *"Snow Melanin-impoverished and the Seven Vertically Challenged Individuals"*.

(Ek sien Bosman, Van der Merwe en Hiemstra se *Tweetalige Woordeboek* sê "melanose" beteken "swartwording". Dalk is dit 'n nuwe woord vir die Nuwe Suid-Afrika: die Melanosiese Suid-Afrika.)

'n Ander term vir witmense wat al gebruik is, is "members of the mutant albino genetic-recessive global minority". En swartmense word dan die "skin-colour genetically dominant world majority". Dit behoort selfs vir Benny Alexander 'n kick te gee.

**EKONOME, SAKEMANNE** en nyweraars raak al meer geneig om van eufemismes gebruik te maak om die naakte werklikheid te verdoesel.

Om werkers af te dank, klink wreed. Hoe klink "undertaking a redundancy elimination"? Chrysler, weer, het 'n paar jaar gelede die afdanking van vyfduisend mense beskryf as 'n "career alternative enhancement programme". "Revenue enhancement" vir hoër belasting laat nie jou bloed kook nie. En as daar in onderhandelinge gelieg word, verkies die leuenaar om dit "strategiese wanvoorstelling" te noem. 'n Lening wat nie terugbetaal word nie, kan 'n "non-performing asset" genoem word. En 'n maatskappy wie se fabrieke soveel gifgasse afskei dat dit tot suurreën gelei het, het daarna verwys as "atmospheric deposition of anthropogenically derived acidic substances".

Die groen aktiviste is verantwoordelik vir 'n hele rits nuwe woorde en begrippe. "Geprosesseerde boomkarkasse" is hoe koerante en boeke gesien word wat van die reste van vermoorde bome gemaak is. "Spesieisme" is die onderdrukking van ander spesies deur homo sapiens, en "spesieistiese dualisme" die geloof dat die verskille tussen mens en dier groter is as die ooreenkomste.

My gunsteling hier is "mineral companion" vir 'n pet rock.

Miskien is daar wel 'n plek vir dié nuwe terminologie: dit is die ideale woordeskat vir iemand wat hou van snydende sarkasme.


Womyn and pre-womyn


A horisontally challenged individual


Dirk Coetzee, former leader of the SAP's health alteration committee

# Weg met phallosentrisme!

**FEMINISTE** is verantwoordelik vir heelwat van die nuwe terminologie, want alles moet geslag-sensitief wees.

Die eerste probleem waarmee teenstanders van heteroseksuele imperialisme te kampe het, is dat geslag by elke moontlike geleentheid in byna elke taal aangedui word. Dit is noodsaaklik om taal so geslagloos moontlik te maak sodat seksisme afgeweer kan word. Elke taal het 'n "hom" en haar" en "hy" en "sy" en "syne" en "hare".

Die voorstel is "cos" of "coself", sê Beard en Cerf in die *Dictionary of Politically Correct Terms and Phrases*, en gee as voorbeeld aan: *Wilma advised Charlie to go fuck coself.* Maar dit sal waarskynlik nooit posvat nie.

(Iemand het al "h'orsh'it" voorgestel as geslagsvrye alternatief vir "he or she or it".)

Engelssprekendes het 'n groter probleem as Afrikaanssprekendes, want die woord vir vrou is in Engels 'n afleiding van die woord man: woman. Daarom word "womon" as enkelvoud en "wimmin" of as meervoud nou voorgestel. Daar is ook voorstelle vir "womyn" en "wofem". Lesbiërs word dan "wimmin-bonded wimmin", hoewel "gynocentric be-ings" ook gebruik word. Lesbiërs word ook beskryf as vroue wat hulle "liggame gedekoloniseer" het.

Feministe slaan ook terug teen die term "penis-envy" en gebruik die woord "vagina-gratitude", terwyl mans wat jaloers is dat hulle nie kinders kan baar nie, van "womb-envy" beskuldig word.

Die woord "huisvrou" is lankal 'n probleem. Van die jongste voorgestelde alternatiewe is "human ecologist" en "domestic artist", asook 'n meer militante "domestic incarceration survivor".

Die woorde "meisie" of "girl" kan negatiewe konnotasies hê, en nou word "pre-vrou" of "pre-womon" verkies.

"She-ro" of "hera" moet "hero" se plek vat, en "waitron" die terme "waiter" en "waitress".

Maar die groot probleem lê by die vervanging van woorde met iets wat lyk na 'n manlike karakter met 'n vroulike of neutrale karakter. Bo-aan die lys is die Engelse woord "history" - al het die "his-" oorspronklik niks met mans te make gehad nie. "Herstory" werk net vir radikale, en "his'n'herstory" is lomp, so nou word "hystery" voorgestel.

"Strafbare persoonslag" moet "strafbare manslag" vervang, "himmicane" vir "hurricane" en "mister-ectomy" is beter as "historectomy".

"Emansipeer" word "efemsipeer", en 'n "seminaar" vir vroue word 'n "ovarium" of "ovular". "Menstrueer" word "femstrueer".

(Iemand skryf nou die dag as 'n mens aandring dat alle moontlike manlike konnotasies in woorde vervang word, sal die leier van die ANC sy naam moet verander na Neloffspring Persondela.)

Manfrikaans, soos Manglish, is die taal gebruik deur phallosentriste. Skande.

# Die slagting van die reuse

Dit gaan sleg met Zimbabwe se reënwoude. Woudreuse wat eens geil na die hemel gereik het, word deur honger mense afgebrand en afgekap om plek te maak vir lappe mielies en piesangbome. Terwyl stukkies paradys soos die Rusitu- en die Haroni-woud al hoe kleiner krimp, lyk dit nie of die regering veel kan doen om die verwoesting te keer nie, skryf **INA VAN DER LINDE**



Dié gedeelte van die Rusito-woud is so pas afgebrand en uitgekap.

**SY** naam klink iets soos Muchakwaya. Pas getroud, lei ek af. Sy vrou sit eenkant onder 'n boom, 'n klein baba aan die bors. Op die rooi lap aarde waar hy staan - so 500 meter by 500 meter - bly nog een laaste afgebrande boom oor. Hy is besig om dit af te kap.

Hier gaan mielies geplant word, en piesangbome. Miskien ook 'n paar mangobome. Muchakwaya vee die sweet van sy gesig. Die warm, vogtige lug druk mens teen die aarde vas. Hy is stewig gebou, met die sterk bene wat nodig is vir dié heuwelagtige gebied. En hy't 'n groot wit glimlag soos al die mense in die vallei. Hy wuif 'n vriendelike "haalô" deur die dun gordyn van die oerwoudbome reg teen die pad, uitgespaar deur die genade.

Afgekapte woudreuse lê soos grynslaggende swartgebrande kadawers op die land. Die grond tussen-in word eers met 'n skoffel losgemaak en dan word mieliepitte ingedruk. Dit is harde werk. Ná twee jaar se droogte en hongerly kom die mielies na goeie buie reën op soos hare op 'n hond se rug hier in die Haroni-Rusitu vallei, wat strek oor 'n gebied van tien vierkante kilometer.

Die Haroni- en die Rusitu-rivier vorm die nasionale grens met Mosambiek. Op die landkaart lê dit net suid van die uitstaande bog wat die Chimanimani-berge met Mosambiek vorm, reg in die middel van die oostelike grens.

Dit is moeilik om by dié afgeleë gebied uit te kom en ná kwaai reëns feitlik onmoontlik.

Hier is 'n groot verskeidenheid plantegroei, insluitende die enigste twee beskermde laaglandwoude wat nog in Zimbabwe oor is: die nat immergroen Rusitu-reënwoud (ook bekend as Vimba) en die droë Haroni-woud, ook bekend as die Makurupini-woud. Wat die gebied so uniek maak, is dat die habitat wissel van natuurlike rivieroewer-plantegroei tot reënwoude, steil bergwoude en grasbedekte hange.

Die Rusitu-woud is veronderstel om beskerm te wees, maar geleidelik het die gebied gekrimp van byna 5 vierkante kilometer tot skaars 2 kilometer in deursnee en 'n kilometer breed.

**MUCHAKWAYA HET SY** lappie grond in die droë maande uitgesoek, met petrol besprinkel en aan die brand gesteek. Dit wig netjies tussen die Rusitu-rivier en die woud in.

Ek probeer hom uitvra, maar moet maar later tou opgooi want ons verstaan mekaar nie. Later kom 'n ou man met 'n piesangboom oor sy skouer die paadjie opgestap. Die meeste wat ek uit die vriendelike groet kan verstaan, is "haalô", "how are you", onmiddellik gevolg deur "goodbye". Elke verdere vraag word beantwoord met "yes".


Maar hulle weet van ruilhandel, want 'n rukkie later kom bied 'n man vir ons 'n Zambiese geldstuk aan. Hy wil dit ruil vir Suid-Afrikaanse geld, maak ons uit. Glimlaggend loop hy weg met 'n vyftigsentstuk en die belofte dat hy Suid-Afrika toe kom.

Twee natuurbewaringsbeamptes loop verby. Ja, sê hulle, hulle is baie bekommerd oor die bos wat so uitgebrand word. Maar veel kan hulle nie daaraan doen nie, want as hulle maar sien, is die skade klaar gedaan. Dis die Ndau-stam se woongebied en heelparty vlugtelinge van Mosambiek het hulle ook mettertyd daar gevestig. Die mense ly die laaste twee jaar honger want daar was geen oes nie. As hulle nou méér grond beplant, meen hulle, kan hulle die honger voorkom.


"Die mense dink nie dit is nodig om die bome te bewaar nie, want hulle sien daar is nog baie," sê die beamptes. "Hulle stel ook nie belang in voëls nie, en dink dit is njama (vleis)".

**ONS IS HIER** om na voëlsoorte te soek wat danksy die rare plantegroei net in dié gebied voorkom. Verkyker om die nek en veldgids in die hand word ons self soos rare voëlspesies deurgekyk.

Kyk 'n mens na Pelgrave se boomboek besef jy hoe baie boomspesies net in dié gebied voorkom en miskien in 'n klein aangrensende deel van Mosambiek. Veral die droë Brachystegia-boomsoort, bekend vir die treffende kleure van hul lenteblare - van salmpienk tot rooi en wynrooi - wat later verbleik tot 'n verskeidenheid skakerings van geel, vars groen en donker groen. Dieselfde geld die Uapace-familie, waarvan twee soorte net in die Rusitu-reënwoud voorkom: die skaars woudbridelia (Bridelia atroviridis), die Tannodia Swynnertonii (tannodia) waarna



Waar die Rusitu-woud eens was, word nou mielies geplant. Die woud op die agtergrond lê oorkant die grens in Mosambiek.




Die Haroni- en die Vimba-woud in Zimbabwe. Hier kom 'n groot verskeidenheid unieke boomspesies en plantegroei voor - maar vir hoe lank nog?

die skaars Swynnerton's Robin (bandkeeljanfrederik) genoem is, die Ladiodiscus usambarensis (chirinda lasiodis) en nog vele ander skaars bome en struike.

Vir voëlkykers is dit 'n paradys. Enersyds het dit te make met die groot verskeidenheid plantegroei wat verskillende voëlsoorte lok, en andersyds met die unieke plantegroei waarvan spesifieke voëls leef.

Veral die verskeidenheid woudvoëls lok voëlkykers hierheen. Onder hulle is die gryskleinjantjie (chirinda apalis), die swartkopkleinjantjie (blackheaded apalis), die stekelkopláksman, witstertvlieëvanger en die witpensvlieëvanger, die kuifkopboskraai, die oostelike heuningwyser, gevlekte speg, die tropiese swie, die rooirugrobbin, die rooistertrobbin.

'n Wit boer met wie ons gesels, meen die grondgebied is aan die stam gegee as beloning vir hul bystand aan vryheidsvegters tydens die oorlog teen Ian Smith se regering. Daarom word nie veel gedoen om die verwoesting te keer nie. Bewaring word nog beskou as 'n oorbodige witmanspraktyk waarsonder die land goed kan klaarkom.

Rodney Cassidy, een van die bekendste voëlkenners in die land, besoek die gebied al sedert 1981 gereeld. Die vernietiging is "skrikwekkend en terneerdrukkend", sê hy. "Maar as 'n wit Suid-Afrikaner kan 'n mens niks daaraan doen nie. Al wat jy kan doen, is om dit te dokumenteer."

Thomas Müeller, direkteur van Botaniese Navorsing in Harare, sê die meeste van die 10 vierkante kilometer in die Haroni Rusitu-gebied is deur pioniers ná die Tweede Wêreldoorlog vernietig. Die omringende gebiede word al jare lank bewerk en daar was tot dusver betreklik min gronderosie. Hy sê dis danksy die kleigrond se merkwaardige vermoë om aan die berghange vas te klou. Om dié rede word dit as 'n gesogte landbougebied beskou.

Müeller meen nie die "brand-en-kap-praktyk" is te wyte aan 'n tekort aan landbougrond nie. Die probleem lê eerder by die bewerkingsmetodes wat gebruik word en die gebruik van gemeenskaplike grondbesit. Die gevolg is dat die oeste voortdurend te swak is om genoeg mense te voed en dat die uitbreiding van grond as die enigste oplossing gesien word.

**HOEWEL DIE** Nasionale Parke in Zimbabwe goed bewaar word, gaan die land andersyds "deur 'n slegte tyd", sê hy. Daar is groot kommer oor die vernietiging van die Rusitu- en die Haroni-woud wat steeds in volle swang is.

Dit lyk nie of die regering veel kan doen om die vernietiging te voorkom nie. Die Chipinga Wildlewevereniging probeer die woude beskerm deur bakens langs die grense van die oorblywende gebiede te plaas, maar die inwoners steur hulle nie eintlik daaraan nie. Die vereniging oorweeg dit nou sterk om die woude te omhein.

"Maar dit is nie 'n unieke probleem hier nie. Dit gebeur orals ter wêreld en selfs in Europa is al die woude uitgekap tydens die brandstofkrisis. Ek kry die idee mense moet eers deur die proses gaan waar daar 'n totale vernietiging van die ekologie plaasvind voordat hulle die belangrikheid daarvan begin verstaan."

# the pussycat, the monster and the director ▶

**Jean-Jacques Annaud**, the director of *Quest For Fire, The Name of the Rose* **and** *The Bear*, was at the edge of the spotlight during the eighties. He has now made headlines with ***The Lover,*** one of the most talked about movies to come out of France in recent years - because of risqué sex scenes.

**CHRISTI VAN DER WESTHUIZEN** tries to focus verbally on a director who prefers images



Annaud

**You were last here in 1982, I heard.**
Yes. To me South Africa is very much Australia, it's like Sidney, being here - Argentina as well. That is what I see - I wish I could see more, to know better the complexities of this country.
**So you mostly hang out in hotels and so on?**
Yes. You know, I wish I could see more, but I'm... trapped in hotels and TV stations and radio stations. So I can compare the radio stations from here to the radio stations from Iceland or Finland or... [we laugh]. Fortunately when I travel - say when I'm looking for a location to shoot a film, I meet real people. When I'm promoting, I am stuck in hotels. It's very rare that I... what I'm trying to do each time is to go to one place outside of the hotels - this time I'm going to stop in Malawi - but Malawi is not South Africa. I think I'll come back here. Uhm... I'm very tempted to see this country.
**Let's talk about Jane March. In interviews you refer to an elusive look that she apparently has. Can you elaborate a bit?**
What she has... what she had when I saw her the first time, is a mystery. A lot of lovely girls want to be actresses - they're pretty, some are even sexy - although very few are sexy at that age. Very few. But let's say they are good-looking. They are like obvious monoliths - you see immediately what they are. And you don't see any contradiction, any complexity. With Jane - the moment she opened the door she was a fragile teenager and an experienced woman at the same time. She was a bitch with a sweet heart. She was a monster of strength and a little girl of fragility. And that was the character. That was the character of Marguerite Duras. Why is it that Marguerite Duras has been shouting and insulting people all her life? She's fragile. She has fear. She's a pussycat that has to roar like a lion. It's amusing, you know, I was discussing this today with my assistant. When she saw that girl she said this one's going to be so tough... for promotion - same as Isabelle Adjani. I saw that I wanted my camera to get closer to her eyes - to discover that incredible contradiction and complexity. Look, if you don't have any complexity in an actor, he is bound to remain a character - so he's a bad guy...
**One dimensional?**
Exactly. People who intrigue you are people who have many facets, they have many layers, so you're curious about guessing. And as you're curious as a director, I want to move my camera closer and closer and understand what is this person made of. And I must say, it's rare - that quality in such a young girl is very very unusual. Very rare. I opened casting offices in Los Angeles, New York, London and Paris. I would see twenty girls a week - I didn't want to be overwhelmed by too many. My wife picked Jane March in a magazine. After meeting with her I saw about a thousand girls. No, I shouldn't say a thousand. No... about two hundred. And I was comparing the new girls that I was introduced to, to March and no one could compare. I don't know what she is going to do - she can be one of the greatest actresses of the coming years. She's very diverse - she would be terrific in comedies. She has humour, she has wit, she has distance, she has class - it's quite incredible. She is a little monster - I've been calling her the little monster for a long time.
**I see you've always done English movies. Why not...**
No, no. My first two movies were in French. *Black and White in Color* was in French - I shot that in Ivory Coast, *Coup d'tat* was my second film and was in French and Quest For Fire was in an invented language. Only my three last movies were in English. I must say I didn't know if I was going to shoot *The Lover* in French or in English. I decided for English because of Jane March and because of Tony Leung because I couldn't find any French speaking Asian actor. For ten years now I've been living in England, living in Canada, in Munich where I was speaking English. I don't care. I think the language of cinema is image - so, honestly, I don't care in which language the dialogues are set, because in many many countries the film is dubbed anyway.
**I read some newspaper articles about your disagreement with Marguerite Duras about your interpretation of the book. She was a bit upset.**
No, no, no. What happened was that Marguerite had a position problem with this book which I can understand very well... it is her story. So the question was "whose film is it?" - is it going to be Marguerite Duras' film shot by Jean-Jacques or is it going to be Jean-Jacques' film? And Marguerite wanted the first formula and I just cannot do that. So, we had to decide either she would take the rights back and the movie would be shot by someone else or we would split, officially split, and we did that. I felt, at that point, either I was compromising with her - and I was certain that we would fail because who wants to see a compromise movie - or, I would do as usual. I was in love with this book, with the characters, and it's my job to take these emotions and the characters from a literature source and make it into a movie. I was certain that if I was compromising the film, then we would be enemies forever.
And do you know what's happening now is that because the film is a success - success brings people together. I remember my first movie I wrote with a famous writer in France - we had a great time, we even got an Oscar together, but the film failed and we were embarrassed towards each other because we were shooting with passion. We avoided seeing each other, although we loved each other. With Marguerite we fought a lot - now we like being together because it reminds us that this success is both of us - but not both of us together. It's first her, alone, with the book. Me, alone, with the film. The two together now, for success. You know, the other day she says... she's got this raspy voice [puts on raspy voice] "hey, look at how much admission we do, the two of us". And it's great, you know. She likes to shout in public. I would never have had any public disagreement with her if she had not started the whole process. In fact, I only replied when I opened the movie, because then I knew things were going to be different. I always had the feeling we had to have a clash in order for me to come back and give back the material

- with the success - to the original creator of the piece.

**You are quite enterprising. I mean, if you look at most American directors: they use scripts that have been written especially, how can one say, for the masses - while your last movies were based on renowned literature.**

You know, I'll tell you what it is. I had been a commercial director for ten years after I left the film school. And when I started being a film maker for feature films, my fight was for integrity.

**I had enough** of being a **prostitute,** selling my technology, **or my technicity** to sell yoghurts or tyres *or* **women's apparels** that I didn't care for.

And I realised I didn't pick that job to make money. I did it for passion. Why should I fight for block busters that would earn me money instead of reputation? And now it's so clear because I know that money gives you pleasure up to a certain level. After that... I mean, the director of *Terminator Two* feels like an asshole. He has money... so what! He's like someone who sells gas or weapons to the Arabs - that guy's rich and has probably a private plane. So what! And what about your own identification with your job and with what you like? And all those guys they say aaargh, this is crap - they tell you about their movies and say this is crap. Why should they do it? My attitude is I think that a part of the public - I'm not saying all of the public - there are many people in the world who want to go to movies to see something special, something that is not taking them for stupid assholes and once in a while they want to see movies by Milos Forman, they want to see movies by Bertolucci - hopefully there will remain those people and we can make movies for them. And you know what those people want is to have a work from a film maker that is getting passionate with the subject matter, that spend years to make it work for them and... and sometimes those movies which had not been devised to be block busters, they are - they become because of the integrity they have. How could people like to see a movie which has not been done with full passion from someone? I must agree, I am a very romantic person.

**Well, it's definitely preferable. We, of course, are fortunate enough to see some good art, or so called, art movies. But most of the movies are general commercial American stuff and quite a few good movies never even come here.**

You know it's a question of money and market. To bring movies here is already expensive, to pay for the print to be shipped - to show it in a cinema is expensive if you don't get enough people in front of the screen. Either you have a government grant because someone has decided that you should see at least two hundred different movies a year coming from different countries in order to keep a certain cultural level or you don't. It's unfortunate.

**About *The Lover* again. Do you think that more subtle meanings in the book may have been neglected because of the emphasis on sex in the movie?**

Honestly, a book is always longer than the movie because words are less precise so they evoke more meanings. And a movie always has to make choices. Now, without the root of the carnal passion there's no story. That story is about the consequence of a carnal passion. How a carnal passion becomes a psychological passion. If you don't treat that matter, if you don't talk about it, if you don't show it, you'll have nothing to say. If you spend your time with a family, you then would have had a two hours and a half movie. And then my point of view is that there is not enough to sustain interest. So, one thing I have to say is when you adapt, the first thing is you select - you select what you feel is important. Any reader does a selection. You know, the sex in the movie is in the book. There is more in the book than there is in the movie. But, there is in the book a whole section about another period of her life in Paris that is totally removed from the movie. Choices are needed for the vision of the story that the director has. But I must say on that aspect, we never disagreed with Marguerite - never ever. In fact she had written another version of the same story since: *The Lover of Northern China*. And it goes much further in the sex - too far for my taste.

***The Sun* in Britain had this headline about Jane March: "Did she or didn't she?"**

This is trash press. I have nothing to say - I felt it very unfair but I must tell you that... ah... there is a growing feeling all over continental Europe about England being a third world country that still behaves as if they have an empire. They are people who are very very arrogant because they don't understand the world is different and their status is different and they're angry. They're bitter. You know, they're not interested in the movie, they hadn't even seen the movie. But they were interested in is it true that this English girl, this white English girl, had sex with this... Chinese man. That was it. You know, it's a horrible attitude.

**And racist.**

It's very racist. I should add under the eyes of this dirty French director. Of this frog French director. Uhm... I... I must tell you it's terrible - it's the only country where I go promoting a movie over there, they don't call me a French film director - they call me a FRENCH FILM director, ha ha. You know, French Film. I'm never a French born director. I mean most of my films, as you put it yourself, they are financed by Los Angeles. Even if it's French produced, the money's coming from Japan... everywhere I'm a French born director. In England, no - they still have this... we're from the continent, we pee in milk. And they don't understand that they are the country that's left over.

**They are rather prudish as well.**

Ja, but very artificial, it's very artificial. You know, I lived in England when I was preparing *Quest For Fire*. There's no country that I know where girls behave the way the English girls behave. Precisely because they are so restricted that they do things that in no other country they would do. Look, the countries like Sweden for instance, where life... sex life is very free. Girls over there they behave in a very restricted manner. They know they can do it if they want but nobody's going to take note of them so they don't do it. This tabloid attitude in England - it's appalling, it's terrible. What frightens me is that this reflects a mood and a mentality of the majority of English people. And this is not in their favour - this is the only country in the world where they have that press.

**Tell me, do you think audiences are mature enough to handle sex between an adult man and a girl?**

You're right to ask this question because sex and love is such a personal experience - each of us we had pleasure and pains, which are very personal, and each one reacts on that kind of movie with his own experience. So, either you identify or you reject. Sex on screen is showing you something that you have little experience of. We don't see each other when we do that - unless you are very well equipped in devices [we laugh]. But usually people have absolutely no experience outside... they experience it from inside. Now, cinema is a device to show you the outside of things. You know, the big difference is in literature you say she's sad. In cinema, you have to show a sad face, then you understand the feeling - then you have to show a tear. So if you say in a book "she was driven by her carnal passion", or something like that. If you want to show that, you have to show something which becomes almost a taboo. And it is not necessarily because we are puritans, it's because it's a feeling that comes from inside. Most people, even if they have not been to church, close their eyes, because they want to feel, they don't want to see, so how do I do it, with a machine that is devised to see and make you feel? Now, it is true, what I have to show and the level... ah, shit, I miss a word... what I want to say is how far can I go is very much dependent on what people require and it is true that it has to do with each culture. This one is made according to my own taste and my own limits. I guess if I had been a puritan priest, in order to achieve the same thing for my puritan priest friends, I would have done something else. Once again it becomes very personal how far you can go.

**Have you ever heard of Camille Paglia? She's an American professor in the Humanities and she's written a book called *Sexual Persona* where she goes on about cinema.**


Really?

**Ja. She actually says today's film makers are the heirs of all the great Western art. They are returning to that very pagan time when everything was shown - gods were created and sat on a pedestal. With cinema we are returning to that pagan theme of the eye - of seeing and showing. It's extremely interesting.**

You know, this is very much the kind of problem I was dealing with - shooting the scenes. It's true that in those images I had to keep a certain space for imagination. You know, in the word imagination you have image. So when you read, you create an image. When I show you an image, what is it that you have to imagine? Little. So I have to give you an image so that there is enough dark spaces, enough shade for you to create what's missing. But words are more open to different interpretations. A word is out of focus. Always. It is why your question do you think the public is mature enough not to be shocked - I don't know, I don't know. Because, once again, they are going to see something very precise, and the only thing I can tell them is it does not shock me. But it may shock them.

**Not long ago we had *Basic Instinct* here. And there was quite a furore about it - because of the sex, of course. There is a definite difference between a movie like *Basic Instinct* and *The Lover*, in the sense that *Basic Instinct* is out to cause controversy.**

It's very exploitative... They allow themselves to show you violent sex. It's enjoyed by villains who are going to be punished. So it's very comforting for people who have difficulty with sex. Why is it that you can't talk about sex, you can't show it? Most people have bad sex. Or have no sex at all. Only a few people have sex... the others, they have to go to prostitutes, they have to go to movies and they're upset with people who are making love with beautiful men and beautiful women. So they are so upset that they are relieved when they are punished because they enjoyed it. Now in *The Lover*,



March

they are not villains, they are regular people that have pleasure for the right reasons. They don't do extravagant sex - it's very ordinary sex, I would say. But they enjoy it because, without knowing it, they love each other. And the way that they are punished for the pleasure they have is that they fall in love. Their love is impossible. The other one *[Basic Instinct]* is in a way very provocative and in a way very moral. Sex is perceived as devilish in puritan countries. If you enjoy sex, it's because you're an animal. While in other countries, if you enjoyed sex, it's because you're a normal person [he laughs].

**I think a movie like *Basic Instinct* depends on moral hang-ups because if everybody's comfortable with sex, they would see this is just a very shallow attempt to shock.**

You're absolutely correct - it's to shock and to comfort people. Shock them and then [puts on serious voice] let's tell them sex is dangerous anyway. If you have sex, you'll get killed [we laugh].

**Ja, that's about the basic message: enjoy sex and you will be killed.**

So don't do it. And then the majority says yeah yeah right. One should also remember that moral values are always set by old people. You know, old people, they don't want for the young to do what they cannot do anymore. What I call the Brigitte Bardot syndrome. You know, Brigitte Bardot, this French actress, she was sleeping every night with a different man. Now she is complaining 'cause women are showing their tits in St Tropez. She's been doing a living out of that. But now she cannot show her own tits because nobody would like to see them. Now she is in the prudish league saying No More Tits In St Tropez! And what was she doing when she was young and had wonderful breasts? It's amusing to see the rules of the church - who makes the rules? The rules are made by frustrated people. Old men. Old monks. What kind of sex life do they have?

**It's a pity that we have to suffer from that. But anyway.**

Ja, but we're not here to reshape the world.



Santa en Egbert van Bart op hul huis se stoep

# Onrus in die paradys

Die moeilikheid in die Groot Marico kom glo ]n lang pad. Dis nie net vandat die vier breimasjiene in die Saamwerksaal-brand vernietig is nie. Dit is ook nie vandat die NG Kerk in twee geskeur het en die helfte van die gemeente na die "KP-kerk" oorgeloop het nie. Die moeilikheid het glo begin lank voordat Oom Kiewiet en sy vrou vroeg verlede jaar vermoor is. Die moeilikheid het glo reeds in 1964 begin toe Groot Marico se township na Kortkloof en Tampostad verskuif is. **PEARLIE JOUBERT** en fotograaf **SALLY SHORKEND** het die gebied gaan besoek

V**ERBY** Derby, Koster en Swartruggens se graansuiers en sonneblomme langs die pad, is daar net een padpredikant wat waarsku dat Groot Marico skielik slap links lê.

Groot Marico, of liewer die Groot Marico, want dit is een van daai plekke waar jy 'n die voor die pleknaam sit. Miskien omdat die omgewing so groot is en vanaf die stil heuwelagtige Hoëveldse vlaktes tot by die deinserige Abiaterskop en Botswanagrens lê, óf miskien word daardie die met die tong in die kies gesê omdat daar maar net tussen 30 en 40 huise in dié Wes-Transvaalse dorpie staan.

Op Draaifontein se werf staan Piet van Niekerk met sy blou sokkies en 'n sweep in sy hand. Voor Piet daar gestaan het, het sy pa daar gestaan. En voor sy pa, seker maar dié se pa ook. Die Van Niekerks staan al van vóór die "Driejarige oorlog" op Draaifontein se werf.

"Die Rasse het op Roodekrans ingetrek. Dit was nou Ta' Pop Ras en haar man, Oom Tollie Ras," vertel Piet van Niekerk.

# Deur die Mense Vir die Mense

## Geborg deur die Dept. Mannekrag



Groot Marico se burgemeester, Memorie Heroldt... "Sy's 'n vrou wat uit ses silinders skiet."

Piet van Niekerk sê nie waar Roodekrans is nie. Hy beduie net so agter in die kloof in. Iewers tussen Kaaloog, Holpan, Stelkloof, Bitteramandelkloof, Kortklofie, Kaalkloof, Kuilfontein, Renosterfontein. Miskien. Die plek is groot.

"Nou daai Ta' Pop wou glo opsluit haar huis téén die Maricorivier gebou hê. Teen die rivier. En Pop sê vir haar swaer: Steek die huis vir ousus nét hier af. En Oom Tollie sê nee, jy kan nie die huis teen die rivier bou nie - wat as die rivier afkom? Maar dan sê Ta' Pop net weer: Steek hom vir ousus nét hier af. En Oom Tollie stry en Ta' Pop sê net weer: Steek hom vir ousus nét hier af."

Piet van Niekerk rus 'n bietjie en trek sy oë nou teen die eenuurson. Hy lag effentjies.

"Toe steek die swaer maar. En Ousus wen vir 5 jaar, vir 15 jaar, vir 20 jaar. Ousus wen vir 25 jaar, vir 30 jaar. En 35 jaar nadat swarrie vir Ousus die huis langs die Marico afgesteek het, word Ta' Pop en Oom Tollie wakker en die Marico loop vensterbankhoogte deur hul huis. En diš bliksem en donder en hael en net water waar jy kyk. En Ta' Pop en Oom Tollie hardloop en soos Ta' Pop struikel en val oor die doringbome, 'n rooikransie hier en 'n klip daar, sê Oom Tollie: Steek hom vir ousus net hier af. Steek hom vir ousus nét hier af."

**VERBY DIE SAAMWERKSAAL** aan die een kant van die dorp, verby die polisiekantoor, reguit verby die Maricohotel, die afgebrande Spar-supermark waarvan die dak halfpad grond toe hang, en kort duskant die treinspoor is die laaste huis op die dorp - die inligtingsentrum. En daar sit die huiseienaar in haar donker kombuis en eet haar prieel se surerige klein druiwekorrels en pak koekies, yskastert, mosbeskuit en chillie-pizzatjies op die tafel vir tee.

En by die Krap en Kry-winkel, wat behoort aan Rashida en Abo Alli, die Moslems (hoewel Abo homself "pure Arabier" noem), sit dié gesin en Gys en Marie van Niekerk almal om die tafel en probeer vergeet van die hitte. Rashida stoot haar vlegsel uit haar gesig en steek nog 'n sigaret aan. "Jy, ou Gys, is mos 'n lekker AWB," sê sy. Gys lag en sê soort soek soort, hy's regs en Rashida is dalk 'n Jood omdat dit soveel moeiliker is om met haar besigheid te doen as met Abo.

Abo spekuleer oor die betekenis van apartheid, die barbarisme van ongeleerde mense - wit of swart - en "Koelie-wees in Groot Marico" en wat die kanse is om 'n ongelowige witvrou van Johannesburg in 'n Moslem te verander. Alles en almal saam in een warm agtermiddag-kombuis.

Nou's dit moeilik om te verstaan dat dit dieselfde Groot Marico is waar daar onlangs twee skietvoorvalle was, waar iemand die Saamwerksaal probeer afbrand het en waar ou vrinne en bure hulle ou vrinne en bure op straat en op die koöperasiestoep vloek en dreig - veral as 'n mens ook in gedagte hou dat die Groepsgebiedewet nog nooit werklik in die Groot Marico gewerk het nie. Hier woon Indiërs en witmense langs mekaar en besit Indiërs seker maklik die helfte van die eiendom op die dorp.



Piet van Niekerk, sy ossewa en sweep op Draalfontein se werf

**MAAR MISKIEN IS** dit ook nie só vreemd nie. Naby Twyfelpoort se afdraaipad het 'n boer van die omgewing, wat glo ook 'n lid van die Gemeente van die Verbondsvolk is, 'n groot bord teen sy plaashek gehang: Tresspassers will be Shot. By Kaaloog, waar die Marico ontspring, het een boer lemmetjiesdraad deur die fontein en waterlellies gespan sodat sy en sy buurman se water apart moet bly. En 'n dorpenaar, vertel van 'n godsman op die dorp wat op katte skiet en strignien uitsit vir diere.

Piet van Niekerk vertel van 'n Afrikaanse man van die Marico wat met 'n Engelse vrou getroud is. "Hy't glo al 'n paar maal gesê: Ek kan nie verstaan hoekom my oupa nooit jou oupa geskiet het nie." Hy lag. 'n Ander inwoner vertel dat die dokter en prokureurs op die dorpie gedreig word met boikotte indien hulle nie by die KP wil aansluit nie.

En miskien is dit ook nie so vreemd nie as 'n mens onthou dat Herman Charles Bosman destyds al geskryf het oor dié plek se mense wat nie net die voeteneindes van die Dwarsberge absoluut barbaars sal laat lyk nie, maar dieselfde invloed op selfs 'n stad sal hê. Dat dit hier in die einste Marico-omgewing was waar die Stoepskyters en die Gaaitjieponders destyds op mekaar geskiet het en waar 'n NG-predikant 'n Hervormde dominee met 'n sweep bygedam het.

En dit is ook nie só vreemd dat die mense vandag nog onthou van die gesin wie se kinders nie met toebroodjies by die skool opgedaag het nie, maar met botteltjies mampoer. Agtertangers in Vrybuitersland. "Waar die touleier só goed kon slaan met sy sweep dat hy 'n vlakvoëltjie met die voorslag kon doodslaan sodat mens dit vir middagete kan eet," vertel Draaifontein se statige Oom Piet.

**MAAR DIE MOEILIKHEID** in die Marico kom glo 'n lang pad. Dis nie net vandat die vier breimasjiene wat deur Coen van den Bergh aan die Saamwerksentrum geskenk is, in die brand vernietig is nie. Dit is ook nie vandat die NG Kerk in twee geskeur het en die helfte van die gemeente na die "KP-kerk" oorgeloop het nie. Of vandat die weermag en polisie kort voor Kersfees met 'n Casspir by die Kersspel voor die Krap en Kry-winkel opgedaag het nie. Of vandat Memorie se ma, tant Alet, 'n gedeelte van haar grond langs die rivier vir 'n groentetuin-projek aan Coen van den Bergh gegee het nie.

Die moeilikheid het glo begin lank voordat Oom Kiewiet en sy vrou vroeg verlede jaar vermoor is.

Memorie sê die moeilikheid het in 1964 begin toe die Groot Marico se township verwyder is. Die swartmense wat in dié township gewoon het, is toe na Kortkloof en Tampostad verskuif. By dié plekke was daar natuurlik nie enige infrastruktuur, water of huise vir hulle nie. Daar was niks.

Skole in die omgwing het toegemaak en deesdae is die naaste skool vir swart laerskoolleerlinge 14 kilometer buite die dorp. Een van die wit plaasskole in die omgewing het toegemaak en "wit sentimente" laat glo nie toe dat dié skooltjie deur swart kinders gebruik kan word nie. "Wit sentimente" gee klaarblyklik nie om dat dié skoolgeboutjie vandag 'n sjebeen is nie.


Maar die verskuifde mense was nie tevrede met niks nie en het teruggekeer na die Groot Marico, en hulself op plase in die omgewing gaan vestig. Plak is miskien 'n beter woord. Plak teen 'n prys - baie boere vra huurgeld vir die reg om in 'n eenvertrekhuis op sy grond te bly terwyl werkers tot so min as R30 per maand verdien.

Maar almal in die wit gemeenskap van die Groot Marico het nie saamgestem met die behandeling wat die swartmense in die omgewing ontvang het nie. Daar was skielik tweespalt. En as 'n mens in gedagte hou dat Ferdie Hartzenberg die KP-LP van dié omgewing is, kan jy verstaan hoekom skote geskiet en harde woorde gevloek is toe Memorie twee jaar gelede burgemeester geword en aan dinge begin verander het.

Sien, verduidelik een van die inwoners, Memorie val onder die ram-sterreteken. "Sy's die stormram en maak die pad oop en as sy haar kop op iets sit, dan kry jy haar nie van daai pad af nie." Coen van den Bergh sê sommer padlangs: "Sy's 'n vrou wat uit ses silinders skiet."

Oom Coen van den Bergh woon óf op Nylstroom óf langs die Maricorivier in 'n riethuis wat hy vir hom gebou het aan die rand van die groentelanderye. Hy eet dik snye bruinbrood en dikker steaks vir middagete wat hy daar langs die rivier gaarmaak. Oom Harry du Preez, voorman by die groentetuin, word genooi om saam te eet, maar kom net halfpad met sy steak omdat hy nie sy tande saamgebring het nie. "Gelukkig was my pa nie 'n tronkvoël nie," sê Oom Harry. "Die mense sê mos die appel val nie ver van die boom nie. En nou's ek 'n boer - omdat my pa ook 'n boer was."

Daar waar die Saamwerksaal staan, was eers net die ou bouvalle van 'n saaltjie. Die gemeenskap het toe self die saaltjie gerestoureer. Cóen van den Bergh, wat gereeld projekte doen vir Department Mannekrag, het naai- en breimasjiene geskenk en mense kon opgelei word om klere te maak. Memorie se ma se riviergrond




Groot Marico se kinders by die Inligtingsentrum



Tshadidi Sebego... Hier loop ek vry, ken al die mense en sal nie dat ek hier weggedryf word nie

is skoongemaak en bewerk en vanjaar ontvang die mense wat op dié groenteplaas werk, verniet groente vir hul arbeid én hoër lone as die werkers op plase. Die meeste boere in die omgewing betaal hul werkers sowat R4 per dag.

Produkte uit dié skemas kan dan by 'n padstal langs die R27 op pad na Gabarone verkoop word.

Op 16 Desember word daar met 'n outomatiese masjiengeweer naby Memorie se huis geskiet. 'n Week later, op Ou Kersaand, word die Saamwerksaal aan die brand gesteek en twee aande later tref 'n skoot haelkorrels die kantoor waar Santa van Bart werk.

Santa is 'n ander doring in die vlees van die konserwatiewes. Sy's 'n vrou wat 16 Junie 1976 in Soweto oorleef het terwyl sy ernstig aangeval en haar kar verbrand is met die eerste dag se opstande. Sy was 'n weermag-offisier én, sê sy, getroud met die laaste goeie man op aarde. Egbert, haar man, lag stil.

Hulle sê hulle wonder nie werklik wie op hulle geskiet het nie.

Dis KP-AWB-wêreld dié. "Maar ek't hier grootgeword. Ek is lief vir die reuk van die grond hier. Ek's hiper-aktief en kan nie ongeregtigheid verduur nie," sê Memorie.

"Die regses hier se groot argument is dat hulle voel die swartmense moet afhanklik van die witmense bly. Hulle sê ons moenie die swartmense bederf nie. En ek verdra nie diskriminasie nie."

En as jy in Memorie se oë kyk, weet jy dié vrou met die lang hare bedoel dit.

Memorie se "swart ma" se kind, Tshadidi Sebego, vertel hoe sy en haar nege broers en susters op Wonderfontein gebore is en hoe die lewe vir haar makliker was as vir haar kinders omdat daar toe nog skole was, omdat witmense en swartmense vroeër jare saam swaargekry het en hul kos gedeel het. "Nou gebeur dit nie meer nie. Wit en swart is steeds arm, maar nou is daar net 'n paar witmense na wie ons swartmense kan gaan met probleme."

Daar's nie 'n ANC-tak in die Groot Marico nie. Van die boere, in samewerking met die weermag, polisie en kommandolede in die omgewing sorg daarvoor. Op sekere plase, vertel van die plaaswerkers, is daar glo 'n jaar of wat gelede 'n soort pas-stelsel ingevoer. Dit beteken dat die polisie of weermag, met toestemming van die boer, enige tyd op 'n plaas kan toeslaan en plaaswerkers wat nie in besit van die betrokke plaas se pas is nie, in hegtenis neem.

Tshadidi vertel dat die politiek en opstande van die res van die land nog altyd die Marico verby gegaan het. "Hier's nie buite-invloede nie omdat ons hier gebore word, lief is vir die plek en nooit hier weggaan nie totdat ons doodgaan. Ons is gelate en vat maar wat die witmense vir ons gee omdat ons só grootgeword het en só daaraan gewoond is."

Maar Tshadidi sê ook baie ferm dat sy nie sal staan vir enigiets wat haar uit die Marico wil dwing nie. "Dan sien ek kans vir dié regses se haat. Ek klap terug - ek sal nooit eerste klap nie, maar as ek geklap word, klap ek terug. Hier baklei ons nie. As ek in Soweto gaan kuier by vriende voel ek soos 'n voëltjie in 'n hok. Hier loop ek vry, ken al die mense en sal nie dat ek hier weggedryf word nie."

**SANTA EN EGBERT** van Bart beskryf die Marico as die paradys waar mens op 'n helder dag die Abjaterskop kan sien. Santa se ma beduie waar haar dogter woon: "Dié eerste berg hier, sien jy? Reg aan sy voet, bo-oor die treinspoor daar waar die padteken staan met die bees op."

In dié twee se huisie naby die oewer van die Marico, is die boeke tot teen die dak opgestapel. Egbert vertel van al die inheemse bome in die Marico, van die mampoer-toere, staproetes en vakansieplase in die omgewing. Van dié klein en arm gemeenskap waar gemoedere soms bloedig warm word, maar aan die einde van die dag staan die mense steeds saam omdat hulle só op mekaar aangewese is. Van dié plek waar mense vir die dominee kwaad word omdat hy nie vir iemand wat siek is gaan kuier nie, en van dié stuk land waar een familie vier geslagte lank op welsyn geleef het omdat niemand van werk gehou het nie.

Dié stuk land wat grasgroen is na reën en waar oom Barrie naby Swartruggens nog kan vertel van die fortuin wat êrens begrawe lê. Die sangoma wil glo nie vir die erfgename van dié fortuin sê waar dit lê nie omdat daar al jare lank 'n vete tussen familielede is. Voor dié gestryery tussen die familie nie ophou nie, sal niemand weet waar die fortuin begrawe is nie, het die sangoma gesê. En die familie weier steeds om vrede te maak.

# NG gemeentes steel swart skape, kla Smith

**Dr Nico Smith** van die NG Kerk in Afrika en verskeie gemeentes van die NG Kerk in Pretoria trek nou tou oor wie na die geestelike behoeftes van swart huiswerkers moet omsien, skryf **INA VAN DER LINDE**



Nico Smith... "Dié ewe skielike begaandheid oor die geestelike heil van die swart werkers is vir my verdag"

**NICO SMITH,** omstrede en uitgesproke anti-apartheidstryder, het gemeentes van die "wit" Nederduits Gereformeerde Kerk (NGK) in Pretoria die stryd aangesê oor hul planne om swart predikante vir hul huiswerkers aan te stel - hy sê dit kom neer op "kerklike skaapstelery" van lidmate van die "swart" NG Kerk in Afrika (NGKA).

Smith, voormalige professor in die sendingwetenskap aan die Universiteit van Stellenbosch, het die NGK in die vroeë tagtigerjare verlaat om predikant te word van die NGKA in Mamelodi, die swart woongebied by Pretoria.

Twee jaar gelede het hy predikant geword van 'n nuwe gemeente, Melodi-Ja-Tshwane. Dié gemeente het afgestig van die Mamelodi-gemeente om voorsiening te maak vir nie-swart lidmate wat tot 'n nie-rassige gemeente in Pretoria wil behoort, en ook om die swart huiswerkers te bedien wat in die oostelike voorstede van Pretoria woon.

Dit beteken dat, hoewel die gemeente 'n kerkgebou in Kilnerton het, Smith en 'n kollega, ds Frans Mnisi, op 14 verskillende plekke gaan preek. Volgens ooreenkomste aangegaan met verskeie wit NGK-gemeentes word die huiswerkers een Sondag 'n maand met busse waarvoor die NGK-gemeentes betaal, aangery tot by die kerk.

Die NGK se Algemene Sinode het eers in 1986 besluit dat swartmense lidmate van die wit kerk mag word, en dat niemand op grond van velkleur uit 'n erediens geweer mag word nie. Tot in daardie stadium het veral plattelandse gemeentes swart besoekers gevra om eredienste te verlaat en selfs geweier dat kerkgeboue vir afsonderlike dienste vir swartmense gebruik mag word.

'n Onlangse besluit van die wit NGK se vooraanstaande Lynnwood-gemeente om 'n sesde predikant te beroep, verkieslik swart en van die NGKA, het gelei tot 'n twis met veral Smith.

Die probleem is dat Lynnwood binne Smith se uitgestrekte gemeentelike grense val.

Die NGKA het die saak met senior NGK-leiers opgeneem, en daar is geredeneer dat so 'n stap die komplekse en delikate verhouding tuseen die NGKA en die NGK verder sal versteur.

Lynnwood-gemeente het toe die plan laat vaar. Maar einde verlede jaar is besluit om met 'n gewysigde plan voort te gaan.

Daar is besluit om 'n jong proponent ('n teologiese student wat reeds as predikant gekwalifiseer het, maar nog nie 'n gemeente het nie) te beroep om ondersoek in te stel na swartmense binne die gebied se behoefte na "geestelike versorging".

Ander "verligte" wit gemeentes in die ooste van Pretoria het soortgelyke besluite geneem. Die gemeente Tiervlei - 'n spoggerige kleinhoewegebied - het reeds 'n predikant aangestel om swartmense in die gebied te bedien.

Lynnwoodrif het 'n besluit teruggetrek om 'n swart predikant vir dié doel te beroep.

Smith is woedend oor die besluit van Lynnwood en Tiervlei. Hy noem dit "kerklike skaapstelery" en sê: "Meer as 40 jaar lank was dié wit gemeentes nooit bekommerd oor huiswerkers nie. Sondae gaan die wit base kerk toe terwyl die bediendes moet werk en hulle kan dan eers die middag afkry om kerk toe te gaan. Hulle was selfs bereid om geld te verskaf om die werkers op 'n ander plek te laat kerkgaan.

"Dié ewe skielike begaandheid oor die geestelike heil van die swart werkers is vir my verdag. Die gemeentes is nie van plan om hierdie swartes ten volle met hulle te integreer nie, maar steeds afsonderlik te hanteer omdat hulle 'ander bedieningsbehoeftes' het.

"As die gemeentes werklik ernstig is oor die geestelike versorging van swart werkers, sal hulle ons gemeente van geld voorsien om met ons beperkte fondse self iemand aan te stel."

Ds Mike Smuts van Lynnwood ontken dat die gemeente wil "skape steel". "Ons het self meer as 4 000 lidmate en wil nie met die NGKA in kompetisie tree nie."

Hy verduidelik dat die gemeente twee jaar gelede tydens 'n Pinksterfees parallelle dienste gehou het, waaronder ook een vir swartmense in Sotho. Die reaksie van swart kant was oorweldigend.

Smuts sê die NGKA se dienste op Sondae word nie baie goed bygewoon nie. Daar is honderde swartmense in die gemeente wat nie tot die NGKA behoort nie en dis 'dié teikengroep wat hulle in gedagte het.

**"ONS IS BAIE BEWUS** van die sensitiwiteit van die saak en is vasbeslote om met die NGKA saam te werk, veral in die lig van die gesprekke oor kerkeenheid wat in Februarie gaan plaasvind," sê Smuts. "Daarom het ons 'n skriftelike ooreenkoms met die NGKA bereik waarvolgens hulle instem dat ons so 'n ondersoek mag doen.

"Ons wil nou bepaal hoe groot die behoefte onder swartmense in ons gebied is en sal eers net begin met huisbesoek en Bybelstudiegroepe. Indien daar nie so 'n behoefte is nie, dan los ons dit. Maar indien ons ondersoek wys dat daar wel 'n behoefte onder nie-NGKA mense bestaan, sien ons dit as deel van ons roeping om na hulle uit te reik."

Lynnwood se poging word egter gesteun deur nog 'n predikant van die NGKA in Mamelodi-Oos en professor by die Navorsingsinstituut vir Sendingwetenskap aan die Universiteit van Pretoria, Dons Kritzinger.

Kritzinger, wat betrokke was by die samesprekings tussen die wit gemeentes en die NGKA oor die kwessie, meen die wit gemeentes het uit hul pad gegaan om die NGKA in die saak te ken.

Hy sê al die jare het hy ernstig beswaar gemaak omdat die NGK nie swartmense wou toelaat om hul dienste by te woon en lidmate te word daar waar hulle woon nie.

"Dit was nog altyd vir my onaanvaarbaar dat swartmense Sondae met busse aangery moet word van oral oor om 'n kerkdiens in Mamelodi by te woon. 'n Gemeente bestaan nie só nie.

"Ek het nog altyd gepleit dat swartmense deur die plaaslike NGK-gemeente bedien moet word, met ope arms ontvang moet word en as hulle nie Afrikaans verstaan nie, dat dit die gemeente se verantwoordelikheid is om reëlings te tref dat hulle in Sotho bedien word.

"Dit is nou uiteindelik besig om te gebeur. Ek vind dit persoonlik baie jammer as misverstande soos dié ontwikkel."


People who are serious about the environment ... about people and their development ... read

New Ground

The Journal of Development and Environment



*A quarterly magazine, annual subscription rates are R 20.00*

**FOR FURTHER INFORMATION PLEASE WRITE TO:**
***New Ground***, P O Box 322, Newtown 2113, South Africa
Tel (011) 834 1905 ● Fax (011) 836 0188

# kapitalistiese kamerade

Gewaarborgde werk, ruim gesubsidieerde kos en behuising en gratis of byna gratis mediese dienste is uit. Ongelyke inkomste en ekonomiese onsekerheid is in. **GROVER GROSSMAN** doen verslag uit Beijing

**IN** die eetwa van die sneltrein van Beijing na Sjanghai sit die jong Rus Sasha Romanov - oud-ingeneur, nou internasionale sakeman - verdwaas en uitkyk by die venster. Buite flits die welig produktiewe tuine van Sjanghai se kleinboere verby.

"Hoe kan dié land deur 'n kommunistiese regering bestuur word?" vra hy verstom. "Ek het onder 'n kommunistiese regering grootgeword - en my land het glad nie só gelyk nie. Alles wat ek in China sien, is kapitalisties!"

Romanov, wat uitvoer-gehalte klere in China kom koop om dit in Moskou weer vir Amerikaanse dollars te verkoop, het 'n punt beet. In die laaste paar jaar het die Chinese regering oral markte laat verrys - al het die staatskoerante en uitsaaistasies steeds die ou kommunistiese deugde van party-lojaliteit en kollektiewe opoffering besing, en al het die veiligheidspolisie almal wat van demokrasie praat, steeds opdraande gegee.

Op die Chinese Kommunisteparty se 14e Nasionale Kongres einde verlede jaar het die nie-amptelike hoofleier, Deng Xiaoping, uiteindelik amptelik afstand gedoen van sentrale beplanning en staatsbesit van die produksiemiddele. China is nou openlik verbind tot privatisering en vrye markte.

Terwyl die Tiananmen-plein in blomme getooi is, het China se bejaarde leiers die 88-jarige Deng se losweg omskrewe strategie van "sosialistiese mark-ekonomie" verhef tot die vlak van Marxistiese teorie en "Mao-Zedong-denke". China se nuwe regering - amptelik steeds gelei deur die Party se Algemene Sekretaris Jiang Zemin en premier Li Peng, maar in werklikheid beheer deur die jonger en meer markgerigte tegnokrate soos onderpremier Zhu Rongji en die veiligheidspolisiehoof Qiu Shi - is nou bemagtig om die oorblyfsels van sosialisme in China te begin aftakel. Gewaarborgde werk, ruim gesubsidieerde kos en behuising, gratis of byna gratis mediese dienste en gewaarborgde staatspensioene is uit. Ongelyke inkomste en ekonomiese onsekerheid is in.


Die Kongres het sosialisme uitgeskakel - sonder om dit te erken - om die Party se mag te behou. Die leiers hoop om die sukses van Rusland en Roemenië se herbenaming te herhaal deur kommunisme te beëindig terwyl die Party mag behou. En hulle wil 'n anti-kommunistiese revolusie ontduik.

'n Grappie doen in Beijing die ronde. Drie Party-leiers ry in 'n taxi: 'n linksgesinde, 'n regsgesinde en Deng. Hulle kom by 'n kruispad. Die bestuurder loer oor sy skouer en vra: "Watter kant toe?" Die linksgesinde skree: "Draai links!" Die regsgesinde skree: "Draai regs!" Die bestuurder vra: "Wat moet ek doen, oom Deng?" En die ou leier sê: "Wys jy gaan links draai en draai regs."

Inderdaad, terwyl die Kongres kapitalistiese ekonomiese hervorming voorgestaan het - onder meer 'n einde aan staatsubsidies vir alle nywerhede in staatsbesit - het dit ook 'n uitbreiding van internasionale en binnelandse spioenasie goedgekeur, asook die genadelose onderdrukking van die geringste teken van onrus onder werkers of intellektuele.

Die Party, wat in China al byna oral sinisme en afkeer wek, het rede om te vrees vir sy lewe. Nie alleen stort die kommunisme regdeur Asië en Europa in duie nie, maar China se ekonomiese hervorming gaan beslis pynlik wees. Om ekonomies vatbaar te word, moet China se enorme staatsondernemings miljoene oortollige of onderbenutte werkers begin afdank. En dié werkers - wat ten minste werksekuriteit verwag het in ruil vir hul jare van hongerlone en sesdag-werkweke - gaan erg omgekrap wees.

Hoewel drastiese stappe gedoen moet word om China se ondoeltreffende nywerhede te hervorm, het die land geen stelsel van heropleiding nie. Werkers mag nie eens terugkeer skool toe as hulle bo skoolgaande ouderdom is nie. En dié wat sonder werk sit, mag nie wettig reis om elders werk te gaan soek nie.



Deng Xiaoping... "Wys jy gaan links draai en draai regs"

Dit lyk asof die meeste Chinese ten gunste is van kapitalistiese hervorming. Die meeste het geld gespaar en wil in staat wees om dit aan goeie verbruikergoedere te bestee.

En hoe belangrik is vryheid in die nuwe China? Vir die land se lankmoedige intellektuele en studente - oorbluf en stil ná die post-Tiananmen onderdrukking, maar ook ontsettend gefrustreer daardeur - bly dit 'n belangrike doelwit. Maar hulle glo nie die meeste Chinese deel hul droom nie.

"Niemand bekommer hulle meer oor die politiek nie," sê een student. "Almal soek nou maar hul eie vryheid - wat neerkom op 'n manier om geld te verdien."

**AL KLINK DIT STRAKS** presies na wat die Party beveel het, kan dit in werklikheid die planne vir vinnige ekomoniese ontwikkeling in die wiele ry. Sowat 100 000 van China se beste studente, wat in 1989 oorsee was, het reeds geweier om terug te keer huis toe. As die huidige studentekorps die akademie laat vaar om 'n beter finansiële toekoms na te streef, gaan China - wat reeds arm is aan kundiges - 'n ernstige brein-erosie beleef.


Buitendien beteken stilte nie noodwendig tevredenheid nie. Die studente is steeds kwaad. In Beijing se Instituut vir die Kunste, waar studente die "Tiananmen-godin van Vryheid" in 1989 ontwerp en gebou het, is 'n plakkaat geskend wat John Denver se Coming Home-toer adverteer. 'n Pyl wys na die sanger se afgeskeurde gesig, met die woorde: "Kyk hoe sterf ek!" 'n Student verduidelik: "Denver het mos aan Deng geskryf en aangebied om vir hom persoonlik te sing."

'n Paar dae ná die 14e Kongres sit twee passasiers in 'n eersteklas-kompartement op die trein en bespreek die deugde en gewildheid van wyle voorsitter Mao. Die een is 'n Partylid, die ander 'n sakeman. Die Partylid sê: "Vir die Chinese volk is Mao nie 'n mens nie - hy's 'n god."

"Ha!" snork die sakeman. "Hoe kan 'n god die helfte van die tyd foute begaan en steeds 'n god wees?"

Die Partylid bloos verleë en los maar liewer die argument.

© *In These Times*, Chicago



# Who and what was Malcolm X?

For the African-American youth resurrecting him 27 years after his murder, it seems to depend on what you want him to be, writes **SALIM MUWAKKIL**

# THE POSTMODERN X

malcolm

**AFRICAN-AMERICAN** youth are so starved for inspirational leadership these days that they have exhumed the 27-year-dead Malcolm X, dusted him off and anointed him as their preferred leader. This back-to-the-future choice is in harmony with the current black nationalist revival, which had been surging through the black community long before Spike Lee began hyping his *Malcolm X* film.

But this wholesale and adoring appropiation of Malcolm as a black nationalistic icon is problematic. For one thing, he's dead and his rougher edges have been smoothed out by the haze of history. And although Malcolm was ever-evolving, the hagiographers have frozen him in their image. But more significantly, Malcolm's legacy contains no original theories, no systematic ideology or overarching social vision.

His most publicized speeches were delivered while he was in the fold of Elijah Mohammad's racist Nation of Islam (NOI). And after abandoning the NOI's genetic theology, he embraced the more inclusive doctrines of Sunni Islam. But ideologically, Malcolm remained a black nationalist, although his program differed only slightly from those ethnic solidarity models that democratic pluralists had long advocated.

So it seems clear that Malcolm's current eminence is more a product of his "no sell-out" attitude than of any revolutionary doctrine he propounded. Frustrated by the conciliatory stances of the politicians and academics who have assumed the mantle of black leadership in these post-civil rights days, African-American youth yearn for the kind of uncompromising leadership embodied in Malcolm's "by any means necessary" persona. Many of them have watched the African-American community deteriorate even as record numbers of black politicians won political office. This sense of frustration is acute and helps explain why current NOI chief Louis Farrakhan is so popular among young African-Americans.

And although Spike Lee has exploited this infatuation with Malcolm as a symbol of racial defiance, his film attempts to portray a more complex man. Malcolm's clearest legacy was his ability to evolve, to fearlessly follow his truth, and Lee's film subtly makes that case.

**OF COURSE,** this is not to say that Malcolm's attitude was irrelevant. Quite the contrary: His articulate deconstruction of American racism spoke directly to African-Americans' frustrations - especially those of black urban dwellers. As a Harlem youngster in the late '50s and early '60s, I heard Malcolm X speak many times at Harlem Square, a location Lee recreated in *Malcolm X*. Malcolm was shockingly charismatic. His staccato oratory was precise and informed. His slashing denunciations of whites were delivered in sober, matter-of-fact tones and thus seemed more authentic.

We knew that Malcolm's intellect and wit were able matches for even the most educated of adversaries. Yet he identified himself as a man of the masses. It was clear to us that the gaunt Muslim minister had already graduated from the hustler-oriented street life we romanticized so foolishly. Malcolm knew the criminal justice system, the welfare system and all the ups and downs of the down-and-outs. But he transcended it all, and by his example othes gained confidence in their own potential. That was the Malcolm who helped the NOI reform so many victims of the underground economy.

Almost single-handedly, Malcolm removed the stigma of "corniness" from intellectual achievement. He translated his hip, urbane, street-life sensibility into a kind of intellectual style we all could accept. We wanted to talk like Malcolm; his meticulous diction, vast vocabulary and knowledge of history sent us to the dictionary and the library. The intellectual explosion he triggered has yet to be fully appreciated, and Lee's bio-pic offers very little illumination of that Malcolm X.

**THE INTENSITY OF** Malcolm's identity quest, and the price he paid for making it, lit the fuse for the Black Power explosion and the various movements it provoked: the cultural nationalists, the Pan-Africanists, the black arts movement, the Black Panther Party, the black studies movement, a host of indigenous Islamic groupings and more.

But the ideological turbulence of Malcolm's last months get short thrift in Lee's film. The movie focuses instead on the pilgrimage to Mecca as a true conversion experience. This was unlikely. Malcolm had been in the Middle East in 1959 and knew of white Muslims. He had long reconciled that experience with the NOI's racist doctrines. More likely, Malcolm professed his conversion to provide himself with a theological alternative to the racial reductionist catechism of his NOI rivals.

Malcolm's post-NOI shifts have allowed a wide range of partisans to claim his legacy. Pan-Africanists insist that Malcolm's plan was to prepare black Americans for eventual emigration to Africa. Black separatists claim a nation within a nation was his ultimate aim. Cultural nationalists argue that Malcolm wanted to connect African-Americans to culture of the motherland. Muslims tout him as a great propagator of Islam. Certain socialist groups maintain that Malcolm embraced dialectical materialism before he died. Integrationists claim him for his newfound focus on the content of character rather than colour. Conservatives like Clarence Thomas, Thomas Sowell and the *Wall Street Journal's* editorial page hail Malcolm as an evangelist for self-help and traditional family values. Ideological scavengers have plucked at his legacy so relentlssly he has become a hero-without-a-portfolio.

**THE NOI, HOWEVER, STILL** reviles him for his criticism of Elijah Muhammad, the man they say saved and taught Malcolm everything he knew. Malcolm had gone ▶

# 1993

## die jaar van besluite

**(maar 'n mens mag darem seker ook plesier hê?)**

Hoe nader Suid-Afrika kom aan die verwesenliking van 'n heeltemal nuwe politieke en sosiale bestel, hoe meer deurmekaar en verwarrend word alles.
***Vrye Weekblad*** gaan vanjaar jou gids wees met betroubare, vars inligting, eerlike en ingeligte ontledings en 'n wye verskeidenheid van prikkelende menings. Oor die politiek, die nasionale lewe, films, die kunste, gesondheid, boeke.
Ons steek niks weg nie, en ons neem die wêreld (en onsself) nooit te ernstig op nie.

Maak seker jy bly by - en die sekerste manier is om in te teken op ***Vrye Weekblad*** en dit elke Vrydag op jou voorstoep te hê.

**Ons doen huisaflewerings op die volgende plekke:**
Die PWV-gebied, wat insluit Johannesburg, Pretoria, Verwoerdburg, Midrand, Sandton, Randburg, Roodepoort, Randfontein, Krugersdorp, Florida, Germiston, Alberton, Bedfordview, Kemptonpark, Benoni, Boksburg, Springs, Brakpan, Vereeniging en Vanderbijlpark.
In Transvaal is ons ook beskikbaar in die sentrale dele van Witbank en Nelspruit, en in die Vrystaat ook in sekere dele van Bloemfontein. In die Kaapse Skiereiland lewer ons af in Woodstock, Rosebank, Observatory, Mowbray, Claremont, Newlands, Bishopscourt, Wynberg, Kenilworth, Constantia, Tuine, Oranjezicht, Vredehoek, Higgovale en Bellville (slegs sekere dele). VWB word ook in Stellenbosch en Somerset-Wes afgelewer.

Stuur VWB vir my per pos/tuisaflewering aan vir
☐ 1 jaar
☐ 6 maande

Naam ..........
Adres (aflewering) ..........
..........
Adres (korrespondensie) ..........
..........
..........Poskode ..........
Telefoonnommer ..........

As jy buite een van die streke val, stuur ons VWB teen dieselfde koste per pos aan. So moenie elke Vrydag skarrel om jou gunsteling nuustydskrif in die hande te kry nie, stuur liewer nou R150 en ontvang VWB vir 'n jaar of R80 vir ses maande (BTW en aflewering ingesluit).

Vul dié vorm vandag nog in en stuur saam met jou tjek of poswissel aan:
VWB Verspreiding,
Posbus 177,
Newtown
2113.


public with his condemnations of Muhammad's sexual trysts with several young secretaries. Virtually alone among black nationalist groups, the NOI ridicules Malcolm as an ungrateful and unworthy student of Elijah Muhammad, totally undeserving of his popular acclaim. In their inner counsels, NOI members still refer to him as "The Hypocrite".

Some minor skirmishes between NOI members and defenders of Malcolm are erupting across the USA. In fact, Farrakhan believes the US government seeks to use Lee's movie to ressurrect the deadly animosities between Malcolm's acolytes and the NOI. And, as Lee's film indicates, that bad blood is the probable reason for Malcolm's death. By the time of his assassination on February 21, 1965, Malcolm had become very outspoken in criticizing a group he spent 12 years in helping to build.

Much evidence indicates that Malcolm was assassinated by NOI members dispatched from Newark Mosque No 25. Following Malcolm's murder, James Shabazz, Mosque 25's minister, was assigned to Malcolm's coveted Harlem ministry job. Some insiders say Shabazz's appointment was a clear reward for his mosque's involvement in the killing - altough it also seems clear that the federal government was at least aware of the plot.

And in the sense of embattlement that followed relevations in the '70s that the FBI had infiltrated and disrupted various black groups, more and more African-Americans came to hold the US government responsible for Malcolm's murder. The NOI's role drifted into the background. Farrakhan believes the government seeks to rekindle old sectarial tensions, using the film as a pretext.

**IT'S NOT EXACTLY** an unfounded fear. Two months ago, Farrakhan attracted at least 50 000 people to hear him speak at the Georgia Dome in Atlanta. Even during his most popular years, Malcolm X never attracted that much attention, yet the FBI's J Edgar Hoover is on record as fearing Malcolm's popularity. It is reasonable to assume that the federal government is at least as troubled by Farrakhan's skyrocketing popularity.


But suspicions of government skulduggery don't excuse the NOI's role in Malcolm's murder. Among many people knowledgeable about the case, there is a general agreement that the NOI did the deed. In fact, Mujahid Abdul Halim (né Thomas Hayer) admitted to plotting Malcolm's murder with other members of the Newark mosque. Like virtually every other member of the NOI, they hated Malcolm for "defaming" the name of Elijah Muhammad. Farrakhan himself wrote that Malcolm was "worthy of death" in the 1964 edition of *Muhammad Speaks*. Halim has testified in court that the other two accused assassins - Khalil Islam (né Thomas Johnson) and Muhammad Abdul Aziz (né Norman Butler) - had nothing to do with the plot.

Ironically, all three of the men charged with Malcolm's murder are now followers of Imam Warith Deen Mohammed (né Wallace Delaney Muhammad), the son and successor of Elijah Muhammad. When Elijah died in February 1975, Mohammed (who altered the spelling of his last name for sectarian reasons) took over and eventually changed the name and theology of the group, bringing it in line with the Islamic orthodoxy that Malcolm championed in his last days. Meanwhile, Farrakhan - who was recruited by Malcolm and served as his assistant in the Boston mosque - has re-established an NOI, which remains true to Elijah Muhammad's's racist teachings.

**TODAY, MALCOLM X** has become a kind of postmodern icon, a text. He is a pastiche of competing truisms, a compendium of opposing impulses. Malcolm X, the text, is high art and pop art, agitprop and commercialism. He is a saint, a soundbite and a commodity. Many black youth first heard his stern voice while dancing to a song called "Party for Your Right to Fight", by the rap group Public Enemy. Others first found his thoughts and writings in their college syllabus. Despite its intended value as a symbol of rejection, Malcolm's "X" has for months served as a politically correct logo for hats, shirts, shoes - and even potato chips.

Much like Spike Lee, Malcolm X has gained in commercial appeal because he is perceived as an uncompromising, militant race man. Both of these African-American originals are benefiting from the commodification of militance, the profits of rage. Too bad only Lee is alive to collect.

© *In These Times*. Chicago



# BESLIS NIE VIR ENIGE AAP NIE.

Carte Blanche is vir mense wat vir hulself kan dink. Mense wat nie vir die waarheid skrik nie. Wat die werklikheid vierkant in die oë staar en wat belangstel in wat om hulle gebeur. En die werklikheid is nie altyd rose en maanskyn nie. Dis dikwels ontstellend, soms onaangenaam. Maar dit kan nie weggewens word nie. En daarom: Carte Blanche.

Want nes jy, gaan ons ook oop oë deur die lewe en luister na ander se menings al stem ons nie altyd met hulle saam nie. Maar ons was nog altyd bereid om ons sê te sê.

Kyk Carte Blanche, 7-8 nm elke Sondag. Sonder oogklappe. Sonder halwe waarhede. Sonder beperkings.

Carte Blanche

M·N·E·T
Ons bly jou betower

**JY HET DIT NIE TOT JY DIT KRY! TEKEN NOU IN.** KOOP 'N DEKODEERDER: KOOP KONTANT BY M-NET OF ENIGE KLEINHANDEL-VERKOOPPUNT, OF BETAAL MAANDELIKS AF IN HUURKOOP. HUUR 'N DEKODEERDER: HUUR BY ENIGE TELJOY- OF RENT-A-COLOR-TAK. OF HUUR BY M-NET TEEN 'N DEPOSITO VAN R90* + R25,00* (R22,73 + R2,27 BTW) P.M. DAAR IS OOK 'N HUUR-EIENAARSKAPSKEMA; TREE GERUS MET ONS IN VERBINDING INDIEN JY MEER WIL WEET. LAE MAANDELIKSE INTEKENGELD: SLEGS R59,50* (R54,09 + R5,41 BTW) PER MAAND GEE JOU AL DIE TOWERKRAG VAN M-NET! (NET R57,30* P.M. AS JY PER DEBIETORDER BETAAL.( JY SPAAR R26,40 PER JAAR!) INSTALLERINGS: TREE GERUS MET ONS IN VERBINDING DEUR DIE GEGEWE TELEFOONNOMMER TE SKAKEL EN ONS SAL ALLE MOONTLIKE HULP EN INLIGTING VERSKAF VIR DIE INSTALLERING VAN JOU DEKODEERDER EN ANTENNA. *ONDERWORPE AAN VERANDERING SONDER KENNISGEWING. BFN(051) 47-2222 DBN(031)710-2222 GEORGE(0441)74-2222 JHB(011)889-2222 KIMBERLEY(0531)81-2222 KS(021)508-2222 MASERU(09266)31-2222 NELSPRUIT(01311)55-2222 O-L(0431)43-2222 PE(041)35-2222 PIETERMARITZBURG(0331) 42-2222 PIETERSBURG(01521)91-2222 PTA(012)346-2222 SECUNDA(0136)31-2222 UMTATA(0471)31-2222 WELKOM(0171)3-2222 WINDHOEK(061)22-2222 WITBANK (0135) 7-2222 (GEEN HUUR BUITE RSA)

Young & Rubicam 114518/A

# 'n suiwer opwelling

**EK** sou moes lieg as ek sê dat ek ooit 'n suiwerder opwelling van emosies beleef het as op daardie lentemôre van die Groot Aankondiging. Dis nou nie dat ek dit wil laat klink asof ek daardie spesifieke lente die Ongerepte Natuur meer intens as enige ander lente beleef het nie. Enigiemand kon tog per slot van sake lees wat op ons groot kantoorkalender gestaan het. Ja, jy weet mos, die groot muuralmanak met die bekende maatskappy-logo daarop gedruk: WAARDES BPK. - Jou persoonlike identiteit is ons besigheid.

Vroeër jare het ek dit nogal geniet om my volle half-uur etenstyd buite op 'n bankie in die fabriek se pragtige kunstuin deur te bring. Maar later van tyd was topbestuur so gaaf om vir ons 'n teekamer met die mooiste blommetjiespapier in te rig.

Ewentewel, hier was ons almal op die besonderse lenteoggend saam in die konferensiekamer. Dit was iets besonders om die oog te laat gly oor die wye verskeidenheid van ons personeel wat soos 'n groot familie saamgewerk het. Die dames het almal netjies gelyk - swart, bruin en wit gesigte. Almal korrek gegrimeer, almal so gesteld op die maatskappy se beeld - 'n toonbeeld van solidariteit te midde van verskeidenheid. Dieselfde kon ek ook van my manlike kollegas sê - almal met somerhemde en baggy broeke. Lekker om te sien dat nie een meer 'n das gedra het nie. By ons maatskappy was uitgediende konvensies aan die verbygaan.

**DIT WAS OM MEER** as een rede 'n baie spesiale dag. Ten eerste was dit die eerste keer dat ons vóór die pers sou hoor van 'n nuwe produk deur ons maatskappy: alles in ooreenstemming met die nuwe beleid van deursigtigheid wat topbestuur onlangs begin volg het.

In die tweede plek was almal van ons baie opgewonde omdat ons die eerste maal sou sien hoe ons besturende direkteur, Kleinman van Huyssteen, lyk. Hy het laat weet dat hy sou kom sonder sy sekretaresse, sy das en dagboek. Vandag sou ons die man sien wie se geesteskind Waardes Bpk. was. Dit was die man wat dit sy persoonlike doel gemaak het om die planeet weer op 'n gesonde etiese grondslag te plaas. Niemand kon 'n morele kontroversie so gou omskakel in 'n uiters bemarkbare pakket nie.

En dit was die derde rede vir die opgewonderheid onder ons, wat teen daardie tyd 'n byna onhoudbare vlak bereik het. Wat Kleinman van Huyssteen vandag bekendgestel het aan ons, die werkers van Waardes Bpk. - wat mekaar almal dag vir dag opgecheck het en enige onreëlmatighede ('n minuut laat vir middagete, 'n ongevraagde opmerking of gesigsuitdrukking) gerapporteer het sodat ons nie presedente kon skep en in totale anargie verval nie - was die hoogtepunt van sy persoonlike loopbaan. Dit was die nuwe produk waarin jare se bemarking en maande se navorsing gegaan het: 'n Nuwe Etiek.

Ek moet erken, as ek nou amper arrogant eerlik moet wees, dat dit vir myself om 'n ander rede 'n besondere ervaring was. Ek weet nie of jy dit weet nie, maar ek werk al agtien lojale jare lank hier. In dié tyd het ek nog nooit iemand kwaad gemaak nie - behalwe miskien die een keer toe ek 'n opmerking oor kommodifisering gemaak het. Die skewe kyke wat dit tot gevolg gehad het, het so 'n geweldige onsekerheid by my ontketen dat ek diep onder die indruk van die onskatbare waarde van reëlmatigheid en doelgerigtheid gekom het.

Waar was ek? O ja, wat ek nog met jou wou deel (en ag, moet dit asseblief nie vir iemand anders gaan vertel nie ) is... Wel, kom ek stel dit só: Ek is verantwoordelik vir die afdeling waar ons die I Love You-beertjies maak. Maar tog... Haai jong, nou weet ek ook nie. Goed, ek sal jou in my innige vertroue neem. Soms - en dis rêrig nie eers so baie dat dit gebeur nie - is dit asof iets my pla as ek kyk na die rye en rye van sagte, glimlaggende wollerige beertjies wat almal betekenaars van hul gewers se innige liefde is. Ek het al met myself hieroor geredeneer. Matthys, sal ek vir myself sê, elkeen van hierdie beertjies sê tog iets spesiaals aan iemand spesiaals van iemand spesiaals. Dis tog iets baie spesiaals wat jy doen, sal ek myself verseker.

En dis tog per slot van sake nie almal se voorreg om te help met die vestiging van die korrekte waardes by die subjekte van ons planeet nie. Tog, vandag sou ek miskien uitsluitsel oor hierdie kwessie kry. Miskien sou ek 'n soort bevestiging kry vir my vermoede dat dit dalk goed sal wees om te werk aan 'n ander produk. Niks besonders nie - dalk maar net iets soos Hug Me-hondjies. As Kleinman se Nuwe Etiek-pakket 'n merkbare invloed op dié drang - dis miskien té 'n sterk woord - die wens van my om iets anders te produseer het, kan ek dalk die waagstuk neem om vir 'n oorplasing te vra.

**OP DAARDIE OOMBLIK** is my gedagtegang onderbreek deur die verskyning van Kleinman van Huyssteen en die gepaardgaande handegeklap om my. Onwillekeurig het ek ingeval by die toejuiging. Toe daar uiteindelik stilte kom, het Kleinman agter 'n mikrofoon ingeskuif. Anders as wat ek verwag het, was hy 'n blok van 'n man. Hy het 'n donkerbril gedra en 'n klein snorretjie gehad. Hy het met 'n hoë falsettostemmetjie gepraat. Ten minste was sy oopgeslaande kraag iets waartoe ek myself kon oriënteer. Vriende, het hy gesê. (Die skrywer laat maar die aanhalingstekens uit omdat dit dalk die indruk mag skep dat hy glo hierdie is 'n juiste weergawe van die realiteit, of dat hy duidelikheid het oor watter realiteit hy dit hier het. Vgl. die verwaring wat mag volg met die inbring van die filmspan.)

Vriende, dis vir my vandag 'n groot voorreg om ons nuwe vlagskip aan julle bekend te stel. Miskien moet ek begin met die motivering agter die produk en dan volg met die gebruiksaanwysings. Soos u, ek bedoel, julle (het hy homself in die gees van deursigtige bestuur gekorrigeer) seker almal weet, is dit my persoonlike oortuiging dat die siekte van ons tyd die gebrek aan 'n etiek is. Na jare se bemarking en nie heeltemal soveel navorsing nie, kan ek vandag met genoegdoening die Nuwe Etiek aan julle bekend stel, waarmee ons beoog om die gaping in die mark van die moderne en selfs postmoderne mens te vul.

Dit is gevolg deur 'n staande ovasie. Nadat ek en my kollegas bedaar het, het Kleinman voortgepiep. (By my was daar 'n vreemde destruktiewe gevoel.) Nou vriende, voor ek die inhoud van die Nuwe Etiek aan julle voorhou, eers die gebruiksaanwysings: Kleinman het 'n oomblik geposeer en 'n Michael Caine-tipe leesbril met 'n multi-neonkleurraam op sy varkneus geglip en voorgegaan.

1. Lees inhoud sorgvuldig.
2. Glo dit soos jou eie ma.
3. As jou ma jou mishandel het, gedrink het, haarself geprostitueer het, buite-egtelike verhoudings gehad het én een of al voorgenoemde moontlik haar geloofwaardigheid skade berokken het: Glo dit soos rewolusionêre wat bevryding aan hul honger ondersteuners voorhou.
4. Doen dit wat jy hier leer soos 'n Nuwe Orde wat alles vir alles verander.


Maar presies op daardie oomblik het iets totaal onverwags gebeur. In die derde ry van voor het iemand opgespring en geskree: Ek is gatvol daarvan om by te dra tot die subjektivering van die individu! Nog een het opgespring en gevra: Ja, hoe lank gaan ons almal nog totaal ingryp op mekaar? 'n Ander het agter my stoel opgespring en losgetrek: Kom ons vat hom mense, kom ons vermorsel alles in 'n kollektiewe wilsaksie!

Totale pandemonium het losgebars. Mense, fabriekswerkers, vroue, produksiefaktore, mans, entiteite, eertydse kinders en subjekte het almal die verhoog bestorm. (Die skrywer wil net daarop wys dat Kleinman nie uitsluitlik verantwoordelik gehou moet word vir die gebeure wat gelei het tot hierdie uitbarsting nie. In 'n sekere sin het hy ook net onwetend meegedoen aan die kontrole en dissipline wat om ons plaasvind.)

In die heerlike choas en vernietiging wat losgebars het, het dit skielik vir my gevoel asof iemand vir my kyk.

Terwyl ek oor die volgende stoel geklim het met 'n gebalde vuis in die lug, het ek opgekyk - reg in die oog van 'n kamera. In 'n vlietende oomblik van refleksie het ek die woord op die regisseur se keps gesien: Spielburg. Shit, het ek gedink, miskien is ek volgende keer nie net 'n ekstra nie.

## deur johann rossouw



# the taste of honesty

**THE ITALIAN GOURMET**
By Giorgio Mistretta
Ebury Press (R132)

**IVOR POWELL**

**THE** real beauty of Italian cuisine as opposed to, say French, lies in its essential simplicity. At least the way it has come down to us - one imagines that Renaissance cooking may well have run to stuffed lark's tongues served with phenomenally complex sauces - it has kept its roots firmly inside the earthy practices of peasant cooking.

Unlike classic French cuisine - a courtly arcane magic - Italian is more than anything concerned with combining ingredients. We are not not of course talking California whole-earth rawfood festishism here. Traditional Italian food can be as replete with calories as Pavarotti. The point is simply one about a basic unpretentiousness and honesty.

Mercifully, this is true, if Giorgio Mistretta's *The Italian Gourmet* is anything to go by, even at the fine-foods end of the cooking scale. Such deeply scarred individuals as may have struggled to make something so simple as a hamburger à la Paul Bocuse need not go into a state of shock at the title.

The "Gourmet" in the title is lightly, not portentiously worn and the recipes are accessible and relatively simple to prepare. Perhaps most importantly for the amateur cook as much as for the habitual cookery book browser, they are also immediately sensual and logical - not to mention tantalisingly illustrated. The vicarious gourmet can happily tickle the taste buds or stuff him or herself for hours in imagination without so much as putting oil to pan.

Equally lightly worn is the book's subtitle: "Authentic Ingredients and Traditional Recipes from the Kitchens of Italy". In fact, as Mistretta points out in his introduction, the notion of Italian cuisine is a relatively recent one, dating back to the 1950s. Before that time, Mistretta notes: "the country's food traditions were subject to the same political and administrative divisions as its history". It comprised a series of gastronomic dialects, each based in the typical produce of each individual area. Thus for instance pasta, though a staple in the south, was virtually unknown in the north; northerners tended to work around rice or polenta.

Since the 1950s however, while the regional emphasis persists, a certain melting down has taking place of the old regional traditions into a common and vernacular Italian cuisine. And it is on this relatively modern development that Mistretta (though he is in fact the author of one of the standard books on regionalism in Italian cooking) focuses here.

"What we are presenting," he notes, "is today's Italian cuisine as it is offered by the country's most talented chefs at its most advanced restaurants."

Of course, as is the case with nearly all the most exciting cookbooks, all this has its downside too, especially if you want to actually prepare the dishes described.

**TAKE FOR INSTANCE** the Tacchinella Rapiena alle Castagne, otherwise known as turkey with chestnut stuffing, as I did in a festive moment around Christmas. Basically the dish is simple enough. You get your butcher to debone the turkey, you mix up a stuffing of among other things minced pork and turkey, walnuts, raisins, truffles and glacéed chestnuts; you mix in egg white, you stuff the turkey and you roast it in wine, herbs and vegetables.

And voila! Only it doesn't quite work out like that. For one thing you discover exactly how much truffles cost - about a third, ounce for ounce, as gold. For another you discover, at the tenth speciality store you visit, that there are no glacéed chestnuts available in Johannesburg; something happened to the ship that was supposed to bring the last consignment, and they are simply not to be had for love or money.

The problem is one that haunts many of the recipes included in the book. Ingredients, like quails and partridges and pig's caul fat and Belgian endives, presumably freely available in any Italian market, are likely to provoke either mirth or incomprehension in your local butcher.

Then again you can improvise. In fact you have to improvise anyway. The recipes are in general of the kind which professional chefs are wont to hand out - the kind that give you a basic idea of how the thing is to be done but not the chef in question's own little special jealous touches. You have to plumb a few of the mysteries for yourself. Which is the way it should be.


Many of the recipes, anyway, are devastatingly, unexpectedly, simple. Here, for instance, is an ancient pasta soup with chickpeas, sourced to the Romagna region You drain and rinse 1 $^1/_2$ cups of chickpeas which have been soaked overnight, then cook for two hours together with 3 chopped sage leaves and some coarse salt. Meanwhile you work together 2 $^1/_2$ cups of flour with 2 eggs and some lukewarm water to make a firm dough, which is then rolled out and cut into large irregular shapes. When the chickpeas are cooked you drain them, then reduce the cooking liquid adding meat or vegetable stock. Next you return the chickpeas to the liquid, add the pasta and cook for five to seven minutes. Finally serve, sprinkled with a cup of chopped parsley and with a cup of extra-virgin olive oil drizzled over the servings.


Many of the dishes collected by Mistretta are that cheap, that simple and that clever.

**WHILE YOU EAT THOSE,** you can spice your meal by immersing yourself in the earthy sensualities of Mistretta's comprehensive accounts of the regional mysteries of his much beloved cuisine. Or look at the lavish pictures of Italian streetlife and provisions and the prepared dishes and be filled with deep longings. Or count the varieties of pasta - which you will now know how to make. Or you can find out why it is that only the winds of Parma can cure hams in just the right way. Or you can wonder what a raddicio tastes like. Whatever, you will probably feel a little indulged, maybe even a little enriched by the end of it.

You'll need to, of course. The book is going to set you back something more than R100 in the first place.

SHELDONS
DIE BOEKWINKEL
MET
DIE KOFFIEWINKEL
Eastgate, Ingang 5





1 2

# art: the ultimate weapon

**Recently returned from a whirlwind** (add to that monsoons in New Orleans, hurricanes in New York, snow-ins in Chicago and train suicides in San Francisco) **tour of the USA, ANDREA VINASSA focuses on an exciting art event in the macho, phallocentric city of Chicago**

**A GROUP** of 18 Chicago artists have found the perfect way to recycle an obsolete military building. They have erected a series of "environmental installations" in the Chicago Avenue National Guard Armory (I use the American form) which is to be demolished (or physically transformed, as the PC catalogue chooses to put it) to make way for a new building to house Chicago's Museum of Contemporary Art.

*Art at the Armory: Occupied Territory* restored my faith in American curators: my only experience of art in New York, the undisputed art capital of the world, was the Matisse retrospective at this city's Museum of Modern Art. Herded into the galleries like so many cattle, viewers were expected to duck and dive to see the left hand corner of any given work. The event was accompanied by media hype which had every tourist and eager art beaver hotfooting it to the MOMA. It was impossible to see a whole painting until much later in the 20 gallery trek - by that time everyone was so exhausted by reclining women they couldn't wait to get the hell out of there.

*Art at the Armory*, an exhibition designed to mark the "transition of the site from one public use to another", was an entirely different matter.

Instead of watching dry paint get even drier, *Art at the Armory's* installations envelop the viewer, turning one into an infiltrator, an intruder, putting one at the mercy of structures, weapons, surveillance technology and bureaucracy. The work is all the more powerful because it is not housed in an antiseptic space reserved for perusing art. The dust and filth left by generations of military personnel, is left untouched. Some rooms sport do-not-enter signs, a warning that military activity continues even when we cannot see it.

**SAYS ASSOCIATE** curator, Beryl Wright: "This exhibition explores how 14 individual artists and four collaborative teams could most effectively utilize the diverse and ponderous space of the building. The challenge was to balance the desire to creatively occupy the Armory with the realization that its sheer weight as a physical container and its role as architectural and social symbol made it a formidable site for contemporary art."

Few exhibitions have had a more chilling effect.

"The available space was enormous: four floors of the 75 000 square foot east administration building, a 40 000 square foot arena, and the parking garage beneath it. In addition, two massive staircases wind from the lower level to the fifth floor. The Armory encompasses a wide variety of rooms and public areas - from reminders of its grander past in the first-floor lobby and fifth-floor ballroom, to bureaucratic corridors and offices. Interspersed among these spaces are larger common areas such as the third-floor mess hall and gymnasium.

"The building exerted a strong, tangible control over what would take place on the site. Functional limitations, such as the presence of only one small passenger elevator on the north end of the building, significantly defined the nature of installations that would be feasible.

"Rather than imposing contemporary art on a historical structure, the exhibition merges the building's architectural features, physical condition, and social character with environmental installations that, with few exceptions, augment these elements. The historical weight of a building used as a staging area for police actions during the violent 1968 Democratic convention; as a processing centre for people serving in armed conflicts since World War I (including the Gulf War); and as headquarters for civil defense efforts during natural disasters could not be dismissed."


**UPON ENTERING** the lumbering grey building, the viewer is dwarfed by its sheer scale. By the time you have purchased a map and start your journey through the deserted corridors, you know that this is no serene aesthetic haven, but an evironment which holds much physical and psychological danger for the vulnerable of flesh and spirit.

Coming from a country where taking photographs of the outside of military structures is a crime, the exhibition exercises an even more sinister effect on a South African.


Though most of the work deserves comment, it's impossible to go into detail here.

Video, digital displays units, massive screens for the projection of video images and various electronic gizmos are the materials used by the artists to indict a society bent on controlling not only its own population at a micrological level, but the world through military intervention, though nothing as brash as a tank or a machine gun is even considered.


The first installation, Vernon Fisher's *Pacific War Diary*, incorporates the chairs, blackboards and maps used for classroom briefing sessions. Drawing directly onto blackboards and walls, Fisher examines how information becomes



3



4



5

knowledge and how the factual is mixed with the imagined in the memory.

Also concerned with the information age and the passivity with which Americans receive information, Dara Birnbaum's *Tiananmen Square: Break-In Transmission* has five television monitors, each showing a different image of the 1989 pro-democracy protests in China in order to expose the biases of news coverage. Birnbaum's challenge is for us to become active, thinking consumers of electronically communicated information.

**IN THE SAME VEIN,** Doug Hall's *The Terrible Uncertainty of the Thing Described* again uses video to remind us how easily we confuse lived reality with the illusion of reality created by "live" television. Images of tornadoes, fires, storms, and floods projected via huge screens in a dark room don't threaten one's sense of physical safety. But when a tesla coil throws off an artificial, 1 million volt lightning bolt that crackles in front of you, you are completely unnerved.

After this rather frightening experience Michael Shaughnessy's *Two Rings/Gathered Rising* (see illustration 6) is soothing. Using his preferred medium, hay, this artist has fashioned two huge doughnut-like shapes to symbolize continuity and interconnectedness. He is one of the few artists who chose to domesticate, with nurturing, nestlike materials, the alienating space.

Sculptor Gary Hill's *In As Much As It Is Always Taking Place* (see illustration 5) consists of 16 cathode ray tubes ranging in size from about 2cm to 60cm which carry close-up images of abstracted parts of the artist's body. The display fits snugly into a rectangular orifice in a cold, white wall. Hill's concern is how bodies, lives and communities are fragmented and disconnected.


Arnold Crane's *Reality in Macrocosm* (see illustration 4) presents huge photographs of parts of the female body, almost like magazine make-up advertisements. His aim is to turn the viewer into a voyeur unable to avoid the blown-up pores, eye-lashes and pupils, to create simultaneous discomfort and pleasure.

**THE ONLY REALLY** offensive work is the Lazaretto Collaborative's Aids installation. Aids activism seems to be obligatory these days. Unfortunately Aids and art are incongruous bedfellows. Probably because it is such an emotionally loaded subject, the maudlin and sentimental testimonies of Aids sufferers are elevated to the status of "art", doing more harm than good to their cause. This installation has all the ambience of a fairground House of Horrors.


Spanish-born artist Francesc Torres chose the huge amphitheatre to express his thoughts on the nature of power and its abuse. For *Destiny, Entropy and Junk* (see illustration 7) seven car wrecks, symbolising the destructiveness of speed, are arranged in a circle around a bed of salt onto which is projected a video depicting broken and eroded 19th century statues. These statues - they were erected by Germany's Kaiser Wilhelm, damaged in World War II bombing raids, buried after the war and unearthed in 1986 - represent for Torres a "visual record of a historical lesson". According to the artist they symbolize the downfall and destruction that abusers of power bring upon themselves, often by forcing their victims into violent revolution.

The four-person collaborative group, TODT, takes its name from Fritz Todt, head engineer of the Nazi public works project. Their contribution is Womb Wars (see illustrations 1, 2 and 3) which is constructed out of stainless steel, plastic, copper piping, industrial shelving, metal containers, huge magnifying glasses and massive photographic blow-ups depicting activities in operating theatres. Associations of interventionist medicine and military intervention are conjured up. Their concern is the changing relationship between technology, government and the body, and specifically technological intrusion into the body and its consequent objectification.


One irony which struck me as I crept along the corridors dreading what greater danger an artist could visit on my frail psyche was that without all this evil technology, their art would not be half as fascinating or effective.



6



7



# klipoog

oor die week se tv

## Amerikaanse drome

**SOOS** ons eie eg-Amerikaanse kanaal TV1 duidelik wys, is daar vreemd genoeg niks waarmee die Amerikaners so behep is soos hul moraliteit nie. Miskien vind Amerikaanse TV-reekse in die Clinton-era ander belangstellings, maar op die oomblik het dié wat ons te sien kry net twee temas: die uitbeelding van Amerika se morele verval weens materialistiese selfsug (byvoorbeeld *Reasonable Doubts*, TV1, Dinsdag 7nm) en die uitbeelding van Amerika se behoud van morele en gesinswaardes ondanks materialistiese vooruitgang (bv *Beverly Hills 90210*, TV1, Woensdag, 7nm.).

*Beverly Hills* voer die ou Walt Disney-stryd om die illusie van die Amerikaanse Droom lewend te hou in 'n werklikheid wat geen teken van die vervulling daarvan toon nie. Die karakters is naamlik nie regte Amerikaners nie, maar Amerikaners se geïdealiseerde idee van Amerikaners: mooi en goeie mense.

In sommige opsigte kan die Walsh-gesin van *Beverly Hills* wel die indruk wek dat die Amerikaanse ideaal van die modelgesin effens verander het sedert die Waltons ("nag ma," nag pa", nag ouma", "nag oupa") se tyd. Die groot kroos het byvoorbeeld gekrimp na 'n ekologies aanvaarbare twee, eweredig verdeel in 'n boet en 'n sus. Die dungarees is verruil vir designer jeans. Mom en apple pie het egskeidings en pizza geword. Arm maar skoon is uit. Ryk maar eerlik is in. En, het dié week se episode toe uiteindelik laat blyk, ousus kan deesdae maar 'n bietjie saam met haar vriend wegglip na 'n hotelkamer om 'n bietjie te karfoefel sonder om bang te wees sy gaan reguit hel toe.

Maar, verseker dié reeks ons, die nuwe Amerikaanse juppie-tieners is nog van dieselfde stewige morele stoffasie as enige Johnboy van destyds. Die porseleinpop-tieners spring immers nie sommer in die bed nie, hulle hou mekaar eers 'n paar maande aan 'n lyntjie en gebruik - nodeloos om te sê of te wys - natuurlik sowel die pil as die kondoom. En wanneer hulle uiteindelik die ding doen, is daar - ten minste voorlopig - die verstandhouding dat hulle tog wel eendag gaan trou. ("Ek het jou lief," fluister die porseleinpop Dylan McKay (Luke Perry) aan die porseleinpop Brenda Walsh (Shannen Doherty).

En as ouboet Walsh (porseleinpop Jason Priestley) nie soos Johnboy destyds daarvan droom om 'n digter te word nie, maar om 'n blink sportmotor te besit is dit uit 'n patriotiese oogpunt selfs meer moreel. 'n Tiener wat 'n sportmotor wil hê is vandag immers baie meer werd vir die ekonomie as 'n tiener wat 'n digbundel wil skryf. Idealisme moet darem nugter ook bly.

*Beverly Hills* se verskuiwing na die meer materialistiese sy van moraliteit het sin as jy jou probeer indink aan die moontlikhede om vandag in Amerika nog die deugde van armoede te besing. Dis net as karakter uit die edelmoedige Depressiejare dat 'n tiener van Johnboy se armoedige stand as morele rolmodel kan dien. Vandag woon lae-inkomste-mense soos hy aan die verkeerde kant van Los Angeles en verkoop crack op straat.

**DIE VLEKKELOOS** skoon uiterlike van gesonde Amerikaanse welvaart word in *Beverly Hills* met helder ligte bestraal (die tieners is almal op grond van hul puisielose velle gekies en selfs die nerds in die Amerikaanse Paradys is sexy.) Daarenteen doen 'n reeks soos *Reasonable Doubts* sy bes om die "donker" kant van die Amerikaanse samelewing met 'n spel van lig en donker te versinnebeeld. Dié chiaroscuro was eers interessant, maar die gedurige silhoeëtte teen 'n venster of teen 'n elektriese lig wat in die skemer gloei, raak mettertyd 'n bietjie vermoeiend op die oë. Die ewigdurende skemer maak dit ook nodig om die karakters oordadig te belaai met grimering sodat 'n mens darem hul gesigsuitdrukkings amper kan sien. Wanneer hulle af en toe noodgedwonge deur 'n stukkie sonlig moet dartel, lyk hul gesigte soos skilderye.

In die reeks hofdramas word die een maatskaplike euwel ná die ander onder die loep gebring: neo-nazisme, bloedskande, bedrog, kindermishandeling en so meer. Om verder die indruk van "dirty realism" te verhoog, is die hoofkarakter, die vroulike advokaat (Marlee Matlin), boonop doofstom. (Die implikasie word punteneriq vermy dat die jurie bloot uit simpatie gewoonlik met haar saamstem.)

Tog is *Reasonable Doubts* onlangs sy doubts op die ou end maar net so idealisties soos *Beverly Hills*. In Amerika is dit net individue wat siek is, wil dié reeks sê. Die stelsel - hier versinnebeeld deur die gereg - is nog gesond. Al lyk die skemer hoe somber, Die Stelsel se vlam gloei nog daar iewers in die donker, soos die lamp op Matlin se lessenaar.

Net een vraag word nie beantwoord nie. As die Amerikaanse Stelsel basies goed is, waarom lewer dit soveel booswigte op?

Dramareekse soos dié is 'n vermomde vorm van TV-evangelisasiewerk. Dis Reagan-en-Bush televisie: die storms kan maar kom, solank daar maar net 'n paar helde soos Matlin en haar getroue sidekick (Mark Harmon) is, sal Amerika bly staan.

**SO VAN TV-EVANGELISTE** gepraat, kyk gerus 'n slag na die heruitsending van Carl Sagan se hemelvaart deur die kosmos (TSS, Dinsdae om 9nm). Die Cosmos-reeks oor die wondere van die heelal het nou wel 'n kitsch aanslag (Sagan wat in 'n katedraalvormige ruimteskip deur die sterre sweef en so aan), maar dis nogal leersaam en wek, soos die wetenskapfiksieskrywers sê, a "sense of wonder".

AFRIKAANS AS STEREO 100-104 FM

### RADIO-HOOGTEPUNTE OP AFRIKAANS STEREO:

**Kleinteater**
'n Oog vir 'n oog deur Mari Boshoff. 'n Spanningsdrama oor 'n meisie wat haar oë aan iemand anders moes afstaan toe die noodlot ingryp. Regisseur: Anton Smith.
Tyd: Dinsdag om 7.15nm.

**Klankbord - Mense, menings en musiek**
'n Debat oor die onderwyskrisis in Suid-Afrika. Wie moet verantwoordelikheid neem? Aanbieders: Susan Booyens en Dawid van Lill.
Tyd: Maandag om 9.15nm.

**Bure - Kuier oor die kultuurgrens**
Nederlandse Suid-Afrikaners kuier in die ateljee. Aanbieder: Susan Booyens.
Tyd: Donderdag om 10.15vm.

**Skrywers en boeke**
Verweerde aardbol, die nuwe omgewingsbewuste bundel van Johann Lodewyk Marais word bespreek.
Aanbieder: Daniël Hugo.
Tyd: Donderdag om 9.15nm.

**Voëls van Suid-Afrika**
In die volgende week stel Dawid van Lill jou bekend aan die volgende Suid-Afrikaanse voëls: janfrederik, kardinaalspeg, groot heuningwyser, grys neushoringvoël en dassievoël.
Tyd: Maandag tot Saterdag om 5.28vm, met 'n herhaling daagliks om 4.55nm.

**Dokumentêr: My naam is Marelle.**
'n Heruitsending van die program oor die dapper agjarige kwadrupleeg wat almal om haar raak en bedrewe is met verf sowel as die xilofoon.
Tyd: Sondag om 4.30nm..


'N *Afrikaner* IS SOMS BRUIN EN HY'S BAIE GEVAARLIK.



*'n Afrikaner kan 'n bul wees of 'n boer of 'n blom of 'n sakevrou of 'n rocksanger. Hy/sy hou van sushi en werk vir 'n Boerestaat of hy eet bobotie en stem na links.*
*Jy kan die Afrikaanssprekende lankal nie meer vaspen nie. Sy hele wêreld is aan 't verander en hy loop blitsig saam.*
*Sy soort radiostasie moet die pas kan volhou. Dit moet vars en lewenskragtig wees; dit moet verskeidenheid erken en insig gee. Bowenal moet dit sý taal praat.*
*Afrikaans Stereo tref die lug met 'n nuwe stem. Ons bied diepteprogramme, inbelprogramme, ligte musiek, klassieke klanke, godsdiens- en kultuurprogramme, stories en staaltjies.*
*Ons omroepers het hul dasse afgehaal en gesels in loslit-Afrikaans oor alles wat vandag se mense raak.*
*Ons dink onafhanklik en ons saai landwyd uit op 100/104 FM. Kom pak die bul by die horings saam met Afrikaans Stereo.*

AFRIKAANS AS STEREO 100-104 FM

*r a d i o s o n d e r g r e n s e*

LINDSAY SMITHERS-FCB 5898A

tuin & kombuis

# plant 'n boom



Die fluweelboswilg of basterrooibos (Combretum molle). Uit: JD Carr se Combretaceae in Southern Africa

**TWAALFDE** nag is verby en die verwelkte krismisboom lê buite op 'n hoop saam met die leë bottels, gebreekte speelgoed en ander oorblyfsels van die somervakansie se oordaad. Nuwe dagboeke, kalenders en jaarbeplanners is gekoop, en lyste van voornemens en prioriteite vir die nuwe jaar is reeds opgestel. Om 'n paar bome te plant, neem ek aan, staan ook iewers op die lysie.

Dis miskien 'n goeie idee om die jaar op 'n fluweelagtige groen noot te begin en 'n fluweelboswilg *(Combretun molle)*, ook bekend as die basterrooibos, te plant. Dié spesie kom oor 'n wye verskeidenheid van habitats voor en groei so te sê oor die hele savanne-gedeelte van Transvaal, insluitende die oostelike laeveld en geïsoleerde plekke verder suid in die Potchefstroom-distrik en selfs in Randburg. (Die bome kom ook voor in Namibia, Botswana, Angola, Zambië en regdeur tropiese Afrika waar savanne-toestande geld.)

Die fluweelboswilg is gewoonlik 'n enkelstammige boom, waarvan die verdeling of hoofvertakking 1,5 - 3m bo die grond begin. Die kroon is gerond, dig en strek soms so wyd as die hoogte. Die bladwisselende basterrooibos met sy kenmerkende fluweelagtig behaarde blare en geelgroen okselstandige blomtrosse (September - Oktober) word tot 10 meter hoog en is dus by uitstek geskik as koelte- en sierboom in die groterige tuin. Die vrug is 'n viervlerkige gevleuelde neut met 'n gemiddelde grootte van 19x16 mm.



Die jong boompies moet aanvanklik teen ryp beskerm word, maar as hulle eers gevestig is, sal hulle die ergste koue kan weerstaan. Volgens JD Carr, in sy uitstekende *Combretaceae in Southern Africa* (Tree Society of Southern Africa, 1988), kan die bome met 'n geruste hart aangeplant word aan die Witwatersrand: blom- en vrugvorming sal net so oorvloedig soos op enige ander plek plaasvind.

Die blare - vars of gedroog en klamgemaak - word gebruik om wonde te verbind en die blare en wortel saam word as slangteëgif aangewend. Koorsige kinders word in 'n aftreksel van die blare gebad om hul temperatuur te laat daal en 'n treksel van die binnebas word gebruik om allerhande maagaandoenings mee te behandel.

Fluweelboswilghout is geel en hard en geskik vir gereedskaphandvatsels en heiningpale. - RYK HATTINGH

# fyn proe

nettie pikeur

## OBSESSIE EN PASSIE VIR DIE NUWE JAAR
## met sjokolade to die for

**MET** verbasing staar vriendin Karin na die volkleur koffietafelboek op my lessenaar. Sy gryp dit asof dit Madonna se seksboek is. Waar kry jy die wonderlike ding? skree sy, en skielik drom ses mense saam en begin hyg oor die prentjies in die boek. Madonna should be so lucky. Moenie aan die foto's lek nie, maan ek. Die boek behoort nie aan my nie, dit moet terug na my suster. En loop kry julle orgasmes iewers anders.

Dié kinky verhaal laat my terugdink oor die portfolio van tekeninge van Paul Wunderlich wat vrind Jaco, destyds 'n kunshandelaar, eens op spec uit Duitsland bestel het. Hy kry 'n brief van die tuisgemaakte sensors hier onder by customs, in die hawe, om te sê die werk is pornografie. Jaco beleef die surrealistiese ervaring van sewe besoeke aan customs om te vra sal hulle nie asseblief die kunswerk terugstuur na Duitsland nie, dit is R7 000 (1977!) werd. Uiteindelik kry Jaco die portfolio onder oë - die tekeninge was oortrek met komkolle.

Geagte lesers, hierdie pornografiese boek waaroor ons vrinne nou so kwyl, se titel is *Death by Chocolate - The Last Word On A Consuming Passion*, deur Marcel Desaulniers van die Trellis-restaurant in Virgina, VSA. Die foto's, stilering en kleur is out of this world, die tipografie en uitleg voortreflik, die boek groot en op landskap uitgelê sodat dit mooi oopval as jy wil lees én kook.

Dis my beste woorde oor die boek. Want hier staan Mies Pikeur om te bieg dat onder haar talle geheime passies en vices sjokolade glad nie tel nie. (But oh my friends and ah my foes, nou weet ek waarvoor die sparre onder die Montagu-rondawel se dak daar is.) Ek eet een KitKat per jaar. Eens het 'n vriendin vertel sy spreek 'n psigiater oor haar verslawing aan sjokolade en sy vra my hoeveel sjokolade ek eet. Ek sê toe: Een KitKat per jaar. Sy was verstom, tot ek haar vra: Hoeveel wyn drink jy? Sy sê seker so twee of drie glase per maand. Nouja, quits, seg ek. You've got yours, I've got mine.

Vandag dus word hier 'n boek geresenseer deur iemand wat nie in die minste in die inhoud belangstel nie, behalwe uit 'n suiwer visuele oogpunt. Ek verstaan die passie, die lus, die werklike Groot Verlange wat mense na sjokolade dryf, maar ek deel nie daarin nie. As kind het ek kondensmelk uit die blik gedrink tot ek naar was, toe's dit ook verby. 'n Ruk gelede had ek 'n lus vir daai corn chips en koop elke middag 'n pakkie om saam met die eerste glas wyn te drink, maar na die sesde of sewende keer was my lus vir corn chips oor. Terug na olywe of stukkies feta-kaas.

**MAAR TOE DIE SPUL** hier om die boek staan en kwyl, besef ek weer: sjokoladeliefde sweer jy nooit af nie. Die boek is darem nie net 'n prys-die-heer-versameling resepte nie. Dis baie snaaks geskryf, die skrywer deeglik bewus van die weird aspekte van sy kuns. Een van die hoofstukke heet Chocolate Dementia. Marcel Desaulniers sê reguit die boek handel oor obsessie, en hy vertel hoe hy as peuter fudge en karamel gekou het. Al tyd, sê hy, dat hy nie na sjokolade verlang het nie, was in Viëtnam, toe dit belangriker was om te oorleef. Dit gee jou die regte soort respek vir so 'n sjokolade-sissie.

Die boek is vol bruikbare inligting oor sjokolade. En hier moet ek die wonderlike verhaal vertel van vrind Raymund en die gesmelte Mars Bar. Ek eet by Ray op Barrydale, en hy sê hy gaan 'n resep wat sus Mapula aan onse ma gegee het, op die proef stel. Jy smelt iets soos 'n Mars Bar in 'n dubbelkastrol en gooi dit oor roomys. Toe gebruik hy maar 'n Bar One, want ons kan nog nie Mars Bars hier koop nie. Ons gril anyway vir hulle, want ons is almal oud genoeg om te onthou van Marianne Faithfull, Mick Jagger en die Mars Bar.

Toe sit Ray die Bar One in 'n bietjie botter in die dubbelkastrol en ons wag, en roer, en gesels, en drink wyn, en wag, en drink nog wyn en so aan. Uiteindelik is die Bar One gesmelt. En Ray gooi dit oor die roomys. Dit lyk wonderlik, nes in die prentjies. Maar o wee, toe ons dit wil eet, kon ons nie. Want die Bar One het hom vererg vir die gelol met die roomys en het homself teruggetransformeer na sy ou staat, naamlik iets wat jy hap vir hap kou, en met ekstra taaiheid by. Ons het ons byna doodgelag, Patrick het die hele lot opgeëet - hy sal enigiets eet, Marianne huid en muid ingesluit - en Ray het op sy ouderwetse manier wraak gesweer.

Hier is 'n resep vir 'n fudge-sjokoladesous wat werk, aldus Marcel en ek vertrou hom.

### HOT LIQUOR SAUCE

Verhit 350 ml dik room en 125 g ongesoute botter in 'n kastrol en laat stadig kook. Voeg 220 g versiersuiker en 220 g klam bruinsuiker by, en roer tot als gesmelt het. Haal van die stoof af. Laat die room vir 5 minute afkoel en voeg dan 350 g onversoete kakao by, asook 'n kwarttelepeltjie sout. Klits tot glad.

Hou die sous in 'n dubbelkastrol warm en gooi dan oor roomys of sjokoladekoek of wafels. Of eet die bleddie sous net so uit 'n blikbeker, for all I care.

Ek sou meer resepte gee, maar soos alle soetgoed is hulle nogal moeite om te maak en neem lank om te verduidelik. Ek moet darem sê daar is 'n paar foto's wat self my onsoet tand laat water het: 'n Pragtige drielaag-bruilofkoek bedek met wit sjokolade-botterroom, versier met donker sjokolade-traliewerk, blare en vars brame.

In 'n ander resep begin jy met 'n sjokoladeroomys gegeur met rosyne en whisky, wat jy pak in 'n meringue-kassie en versier met soet botterroom en stukkies sjokolade. Die foto is fantasties: 'n Sny van die koek staan op 'n ou spieël en dit lyk regtig out of this world lekker. Die naam van die koek is Chocolate Devastation.

Lyk my die meeste mense praat van sjokolade in terme wat gewoonlik vir die Titanic of die oorlog in Somalië gebruik word: Devastation, Delirium, Demise (dis nou brandysnaps gemaak met pekanneute en gouestroop, en dan gemaak staan op 'n sjokolade-truffelkoek). Marcel se ander titels vertel ook baie van die storie: Vanilla Bean-Macadamia Nut Fudge Ice Cream Terrine. Ye gods, dan is daar ook nog Mocha Java Sorbet, Bittersweet Chocolate Custard Tart with Zinfandel Soaked Pears. Net reg, boet, dis waarvoor zinfandel bestem is. Aaklige wyn, daai.

Nou toe, 'n Chocolate Chippy Crunch Soufflé-nuwejaar vir julle almal.

# Die engel in my sy

## Die jaar 1993 skop af met 'n klomp rolprent-snert. **ANDREA VINASSA** soek vergeefs na begeestering



'n Tert kry haar verdiende loon in *Whispers in the Dark*



Ellis Pearson, onse eie Charlie Chaplin

### THE ANGEL, THE BICYCLE AND THE CHINAMAN'S FINGER

Laat ek dit op rekord stel: ek het luid en lekker gelag vir die grappies wat Nicholas Ellenbogen, John Cundill, Ellis Pearson, PG du Plessis, Koos Roets en wie ookal opgekook het. Maar noudat ek gedwing word om my sobere en vervelige kritiese fakulteite in te span, is my oortuiging dat *The Angel, The Bicycle and the Chinaman's Finger* niks meer is nie as 'n leftie-Schuster.

*A Nativity*, die sirkus/toneelstuk/krismis-paartie-affêre waarop die prent gegrond is, bly een van die genotvolste teaterervarings van my loopbaan. Oor Brendan Grealy se uitmuntende skepping, die posmeester van Nuka Moya, het ek nie lof.

En dis waar die gróót *maar* inkom: dit was die toneelspel en die hansworsery van die spelers wat die deurslag gegee het. *A Nativity* werk eenvoudig nie op die silwerdoek nie. Hoewel daar gewerskaf is en oorgeskryf is, is die eindproduk soos geblikte perskes in stroop teenoor groot geelperskes wat jy self van die boom afgepluk het. Veral Grealy se vertolking word verwater in die proses van verfilming.

Die skreeusnaakse sage handel oor 'n groep poskantoor-werkers in 'n Natalse dorpie noodgedwonge die Nuwe Suid-Afrika tegemoet gaan wanneer 'n Japanse handelsman besoek aflê. Hulle moet bewys dat apartheid werklik dood is. Die Minister stuur die opdrag dat die werkers 'n Kersfees-konsert op die planke bring om die Japanners van hul goedgunstigheid teenoor alle rasse te oortuig. Daar begin die pret.

Katinka Heyns, Ellenbogen en Koos Roets ('n mens is nie heeltemal seker wie die regie behartig het nie) spook om die beelde en die dialoog te laat leef en slaag aanvanklik heel goed. Die oorspronklike stuk het gefokusseer op die woelinge rondom die konsert self, maar die rolprent-medium vra altyd 'n bietjie meer: daar is nou 'n sentimentele subplot waarin die dronklap Half-Jack (Ellis Pearson) se vrou hom verlaat. Hierdie bygesleepte morele lessie is die vlieg in die salf. Dis eintlik 'n simpel verhaal en herinner 'n mens kort-kort dat waarna jy kyk voorheen 'n fisieke sirkus was. Dinge wat jou in die teater van jou stoel af laat val het, val op die silwerdoek heeltemal plat. Een so 'n geval is die grap-der-grappe - Ellis Pearson se vertolking van Half-Jack as die Engel Gabriel en sy vlug op die fiets.

### WHISPERS IN THE DARK

As groepverkragtings op Moslem-vroue in Bosnië-Herzegovina 'n simptoom is van Europa se terugkeer na barbarisme, is prente soos *Whispers in the Dark* 'n simptoom van 'n soortgelyke siekte wat wat die kollektiewe Amerikaanse psige teister. Single White Female, hoewel dit nie mans is wat die geweld pleeg nie, kan in dieselfde kategorie geplaas word.

Hoewel *Whispers in the Dark* voorgee om ernstig te kyk na die intieme verhoudings tussen sielkundiges en hul pasiënte, straal dit net flagrante vrouehaat uit. Dis bloot 'n verskoning om beelde van geweld op vroue op 'n subtieler wyse uit te beeld.

Dit handel oor 'n psigiater wat té persoonlik betrokke raak by een van haar pasiënte se erotiese vertellings en naderhand onstellende erotiese drome droom. Annabella Sciorra, 'n ernstige donkerkop, speel die naïewe dr Ann Hecker. Haar pasiënt is 'n blondine wat kort-kort haar klere voor haar terapeut uittrek.

Deur 'n reeks onlogiese toevalllighede raak die psigiater verlief op die pasiënt se kêrel.

Die prent is oorlaai met gevaarlike subliminale boodskappe rondom dié arme karakter se gedrag. Wanneer die terterige pasiënt vermoor word, moet die gehoor half verlig reageer: sy gedra haar só sleg dat moord haar verdiende loon is. Seks is verkeerd omdat sy dit werklik geniet. Seks is net goed wanneer die goeie donkerkop-vrou en die boy next door dit doen. Seksuele fantasieë is 'n aanduiding van 'n siek gemoed.

Die plot self is sinloos, vol gate en dis genoeg om 'n mens vir een en 'n half uur die horries te gee.


**MARKET THEATRE**
**832-1641**

RAY PHIRI - UNPLUGGED
LAST WEEK
SPECIAL OFFER: MONDAYS
TICKETS ARE R10.00

LOUIS MOHOLO'S
VIVA LA BLACK
FROM 18 JAN

LAAGER THEATRE
832 1641
SINGING THE TIMES
THE SONG OF THEIR LIVES AS TOLD BY PATTY NOKWE AND WRITTEN BY TU NOKWE.
STARRING : PATTY NOKWE, TU NOKWE, MARILYN NOKWE.
DIRECTED BY BARNEY SIMON
MON - FRI 8.15PM
SAT 6.15PM & 9.15PM
SPECIAL OFFER: MONDAYS
TICKETS ARE R10.00

MOOI STREET MOVES
FROM 27 JAN
DIRECTED BY: PAUL SLOBOLEPSKY
PERFORMED BY: MARTIN LE MAITRE AND SEPTULA DON SEBOGODI

UPSTAIRS THEATRE
832-1641
PROPHETS ON THE BLACK SKY
STARRING : SELLO MAAKE, THEMBI MTSHALI, OWEN SEJAKE
DIRECTED BY JOHN MATSHIKIZA
MON - FRI 8.15PM
SAT 6.15PM & 9.15PM
LAST WEEK
SPECIAL OFFER: MONDAYS
TICKETS ARE R10.00

MARIANNE FAITHFULL'S TELEGRAMS FROM HELL
FROM 18 JAN
DIRECTED BY: VANESSA COOKE
PERFORMED BY: FIONA RAMSEY

KIPPIES
832 1641
KALIMBA
WITH TEASPOON FEATURING FITZROY NGCUKANA ON VOCALS
FRI/SAT 8 & 9 AND 15 & 16 JAN (WEEKENDS) R12.00

MARKET GALLERIES
SAM NHLENGETHWA
FROM 24 JAN (OPENING AT 6.00 PM WITH A LIVE JAZZ BAND)
SA TODAY AND YESTERDAY IS A UNIQUE TRAVELLING EXHIBITION OF COLLAGES BY SAM NHLENGETHWA.

FLEA MARKET
SPEND YOUR SATURDAYS AT THE ORIGINAL JOHANNESBURG FLEA MARKET WHERE YOU ENJOY LIVE ENTERTAINMENT WHILE YOU BROWSE BARGAIN HUNT IN OUR EXCITING SELECTION OF STORES.

Rudolf Nureyev, die balletwêreld se grootste superster, is dié week in Parys dood. **ANDREA VINASSA** bring hulde

# 'n onsterflike sterf



**"HE** released something in her. She, in turn, gave him taste, polish, maturity. Together, they reached as close to perfection as seem possible for two mortals. But then, they did not seem like mere mortals - they were dancing gods. Was there ever a *Romeo and Juliet* like theirs? ever a *Giselle*? ever a more passionate and poignant Marguerite and Armand? ever a more glittering *Swan Lake*?"

Die Britse danskritikus Walter Terry skryf hier oor die dansvennootskap van Roedolf Nureyev en Margot Fonteyn. Dié danspaar simboliseer vir derduisende dansliefhebbers wêreldwyd die romantiek van ballet.

Hulle moes vandeesweek aanvaar die grootste manlike danser in die geskiedenis van ballet is nie 'n god nie. Volgens koerantberigte wou Nureyev die afgelope jare ook nie sy menslikheid aanvaar nie. Maar hy het homself nog nooit eintlik soos 'n mens van vlees en bloed gedra nie, wel soos 'n mite. Dit was alombekend dat Nureyev homoseksueel was en dat hy die laaste paar jaar aan Aids gely het, maar die danser en sy aanhangers sou oor sulke besonderhede net swyg. Balletdansers is mos onsterflik.

Nureyev die mite het homself in die ouderdom van vyf jaar begin skep toe hy sy eerste ballet gesien het - sy ma het die armoedige gesin met een kaartjie die teater ingesmokkel.

**RUDOLF HAMETOVITSJ NUREYEV,** die seun van Moslem-Tartare, afstammelinge van die Tartaar-hordes wat Rusland uit Mongolië ingeval het, is in Siberië op 'n trein gebore. Hy het in Ufa in die Ooste naby die Uraal-gebergte groot geword. Hy het as kind aangesluit by 'n Bashkir-volkdansgroep en klasse geloop by 'n voormalige Diaghelef-danser. Toe sy provinsie se dansgroep Moskou toe genooi is vir 'n fees, het hy ingestaan vir 'n siek danser. Hy het 'n enkelkaartjie gekoop en in die ouderdom van 16 by die Kirov-skool in Leningrad aangesluit. (Hier het hy onwettig leer Engels praat.) Die dansonderrigter Alexander Pushkin het hom onder sy vlerk geneem - hy was altyd moeilik en het altyd gesukkel met outoriteit en sou die rigiditeit van die Sowjet-stelsel so gou moontlik afskud. Drie jaar later was dit duidelik dat hy die Kirov se beste student was en een van Rusland se skitterendste dansers.

Toe hy in 1961 tydens 'n Kirov-toer in Parys na die Weste toe oorgeloop het, was hy reeds 'n ster in Rusland. Op Junie 17, 1971 het die Weste die skouspelagtigste manlike danser in die 300-jaar-geskiedenis van ballet, verwelkom.

**HOEWEL DIE MEESTE** balletliefhebbers Nureyev gelykstel met klassieke ballet, was hy nooit bang om te eksperimenteer nie. Die lys choreograwe wat met hom saamgewerk het, is lank en uiteenlopend - Frederick Ashton van Brittanje se Royal Ballet, Roland Petit, Rudi van Dantzig, Maurice Béjart, Hans van Manen en Martha Graham. Balanchine het weens sy sterstatus geweier om met hom saam te werk, maar hy het aan die choreograaf bewys dat hy Apollo kon dans. "I do consider that I'm endowed with a very great talent and that is not something you chuck around," het hy eenkeer gesê en kritici stem saam. Net een danser, Mikhail Barisjnikof, wie eiesoortigheid nie met Nureyev vergelyk kan word nie, kon die Tartaar se status as die wêreld se voorste manlike danser uitdaag.

Kort ná Nureyev se aankoms in die Weste het Margot Fonteyn hom as dansmaat gekies. Sy was veertig jaar oud - sy het altyd gesê sy sou op veertig aftree - en hy was twintig jaar oud.

Sy jeugdige energie en hartstogtelike romantiek het Fonteyn se loopbaan met dekades verleng en aan haar danswerk 'n bravura verleen wat nooit voorheen daar was nie, sê die danskritikus Walter Terry:

"There was a special aura too that spilled out of the ballet itself and into the curtain calls and over the footlights into the imaginations of audiences and columnists. It had to be romance, didn't it? Just look at them together in the Balcony Scene and the Bedroom Scene in *Romeo and Juliet*, or at the curtain calls when Dame Margot plucked a rose from a bouquet, kissed it, and curtseyed low before him, raising her big, dark, lustrous eyes demurely to look at him. It didn't matter to the fans that Fonteyn was the devoted wife of a Panamanian diplomat and that she and Nuryev, though close friends, were hard-working, sweating colleagues. They would have none of that, for Fonteyn and Nureyev, Margot and Rudi, symbolised romance to audiences around the world."

Terwyl daar gesê word dat Russe soos Barisjnikof, Natalia Makarowa en Alexander Goedonof hul by die Weste aanpas, Amerikaners word, het Nureyev 'n enigmatiese Tartaar gebly. Sy slegte humeur was so legendaries soos sy jeté.

Oor die vroeë dae van hul vennootskap het Fonteyn geskryf: "It was paradoxical that the young boy everyone thought too wild and spontaneous in his dancing cared desperately about technique, whereas I, the cool English ballerina, was so much more interested in the emotional aspects of the performance."


UMANYANO PUBLICATIONS publishers of
SA Labour Bulletin
and
The COSATU Shopsteward
seeks a GENERAL MANAGER

The growth of UMANYANO PUBLICATIONS has enabled us to create the new post of General Manager to provide strategic management in a dynamic and challenging work enviroment. Umanyano Publications is planning expansion in the field of labour publishing, information, radio and international communication.

An innovative person is required for this position to:
* plan and implement the expansion of UMANYANO PUBLICATIONS
* establish mechanisms for and ensure implementation of strategic and financial planning, budgeting fundraising, personnel management, marketing, administration and communications, as well as
* be responsible for the supervision of key departments.

Applicants will be required to demonstrate experience and skills relevant to these key task areas, and additionally to have:

* three to five years work experience in a similar post
* knowledge of the labour field
* leadership potential, staff motivation skills and commitment to the concept of teamwork
* an understanding of publishing processes and the business environment
* fluency in the English language and good communication skills

Terms and conditions of service include SALARY, ANNUAL BONUS, PARKING, MEDICAL AID AND PENSION SCHEMES.

For further information, job description and application form please contact:
DIANE STUART
PO Box 3851
Johannesburg
2000
Tel: (011) 337-8511
Fax: (011) 337-9207

CLOSING DATE for applications is TUESDAY 26 JANUARY 1993.
INTERVIEWS for shortlisted candidates will take place in the week of 1 - 5 February 1993.

